

OF
SCOPE

ION
T
57

52

BRITISH LIBRARY
OF POLITICAL AND
ECONOMIC SCIENCE



LONDON SCHOOL OF
ECONOMICS AND
POLITICAL SCIENCE

BRITISH LIBRARY
20 JAN 1954
OF POLITICAL AND
ECONOMIC SCIENCE

68(R 52)



DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS
DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

VERSLAG

VAN DIE

Superintendent-generaal

VAN

ONDERWYS

OOR DIE

JARE 1950 EN 1951



DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS
DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

VERSLAG

VAN DIE

Superintendent-generaal

VAN

ONDERWYS

OOR DIE

JARE 1950 EN 1951

INHOUD

	<i>Bladsy</i>
BEGELEIDENDE BRIEF	3
VERSLAG VAN DIE SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS	
<i>Hoofstuk</i>	
I. Administrasie	4
II. Uitbreiding van die Inspektoraat	6
III. Blanke Onderwys	8
IV. Kleurlingonderwys	11
V. Naturelle-onderwys	14
VI. Godsdiensoonderrig	28
VII. Radio-, Film- en Skoolmuseumdienste	29
VIII. Eksamens en Vakansiekursusse	31
IX. Opleiding en Toevoer van Onderwysers	37
X. Skoolgeboue	41
XI. Skoollosieshuise	43
XII. Finansies	45
XIII. Liggaamlike Opvoeding	48
XIV. Nuwe Kursus vir Primêre Blanke en Kleurlingskole	52
XV. Nuwe Junior Sekondêre Skoolkursus	54
XVI. Proefnemings in verband met die gebruik van die Tweede Offisiële Taal as 'n Medium van Onderrig	57
SPESIALE VERSLAE	
XVII. Verslag van die Mediese Hoofinspekteur van Skole, insluitende Verslae oor Tandheelkundige Behandeling, Skoolvoeding, Skoollosieshuise en Maatskaplike Gesondheidsleer	59
XVIII. Verslag oor die Afdeling Sielkundige Diens van die Departement	67
XIX. Verslag van Organiseerder van Klasse vir Hard- horendes en Spraakgebrekkiges	72
PERSONEEL EN SKOOLSTATISTIEK	77



DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

VERSLAG VAN DIE SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS Oor die Tydperk 1 JANUARIE 1950 tot 31 DESEMBER 1951

DEPARTEMENT VAN OPENBARE ONDERWYS,
KAAPSTAD.
31 Desember 1951.

DIE EDELAGBARE DIE ADMINISTRATEUR,
KAAPSTAD.

EDELAGBARE HEER,

Ek het die eer om my verslag oor die tydperk 1 Januarie 1950 tot 31 Desember 1951 aan u voor te lê. Waar dit die eerste jaarverslag is wat ek aan u as Administrateur voorlê, wil ek gebruik maak van die geleentheid om u nogmaals namens die Departement van Openbare Onderwys, die skoolrade, skoolkomitees en die onderwysers van die Kaapprovinsie hartlik welkom te heet. Almal wat die belange van die onderwys in Kaapland op die hart dra, wens u 'n vrugbare en gelukkige loopbaan toe in die hoë amp waartoe u geroepe is.

Gedurende ses maande van die tydperk waaroor hierdie verslag handel, was ek met verlof in die buiteland en het mnr. H. S. Bowden, professionele assistent, op uiters bekwame wyse in my plek opgetree.

In my verslag oor die jaar 1947 het ek gemeld dat die nodige reorganisasie en rekonstruksie van die onderwystelsel in ons Provinsie nie bewerkstellig kon word tensy die wetsbepalings ten opsigte van die leerplig eers verander word nie. Gedurende die tydperk 1950-1951 is die nodige wysigings deur die Provinsiale Raad aangebring en kan die Departement van Onderwys nou met sy reorganisasie planne voortgaan. Ek koester die hoop dat met die aanvang van die eerste kwartaal 1953 dit moontlik sal wees om die nuwe indeling van klasse en die nuwe leergange in die meeste skole te pas.

Ek wil my opregte en beleefde dank aan U Edele en die Uitvoerende Komitee betuig vir u wyse raad en welwillende medewerking.

Edelagbare Heer,
U dienswillige dienaar,
W. DE VOS MALAN,
Superintendent-generaal van Onderwys.

HOOFSTUK I.

ADMINISTRASIE

As gevolg van die inspeksie van die Departement deur 'n staatsdiensinspekteur in 1949, het die Staatsdienskommissie die skepping van 'n aantal nuwe poste in die personeel van die Departement aanbeveel. Dit het 'n mate van verligting gebring, maar die personeel-voorsiening bly maar nog onbevredigend.

Gedurende die jaar 1950 het 'n aantal veranderings plaasgevind. In September 1950 het mnr. A. L. Young, Hoofklerk Graad II, met pensioen afgetree. Graag wil ek my waardering van mnr. Young se dienste betuig, veral in aangeleenthede wat natuurlike-onderwys in die Provinsie raak.

Mnr. R. A. de K. Jooste het in Januarie 1950 vir die pos van Vertaler bedank. Hierdie pos word tans deur 'n tydelike amptenaar beklee.

'n Addisionele pos van Hoofinspekteur van Skole is geskep, maar is nie gedurende die jaar gevul nie.

Mnre. W. A. H. Chesters, A. J. van der Merwe, P. J. Nel, (Skoolinspekteurs), Dr. J. J. Strasheim (Departementele Psigoloog) en mnr. G. Papp (Inspekteur van Naturele-handwerk) het met pensioen afgetree. My innige dank is aan hulle verskuldig vir die dienste wat hulle gelewer het.

Mnr. G. W. Caley en mnr. C. R. Venter is as Skoolinspekteurs en mnr. J. A. Stofberg as Inspekteur van Skoollosieshuise aangestel.

Dr. J. F. W. Mostert en dr. B. Birch, Mediese Inspekteurs van Skole, en mnr. P. J. Britton, Inspekteur van Musiek, het hul betrekkings neergelê.

Mejj. A. F. Human en A. M. Louw, Naaldwerkinspektrises, het in die huwelik getree en hul betrekkings neergelê.

Gedurende 1951 het 'n belangrike verandering in die administrasie van die onderwys, plaasgevind, toe die amp Kontroleur van Onderwysfinansies en die Finansiedepartement aangeskat is en, behalwe soos bepaal in artikel 2, die bevoegdhede, pligte en funksies wat by die Kontroleur of die Finansiedepartement berus het, op die Superintendent-generaal van Onderwys oorgegaan het. As gevolg van hierdie verandering is die hele personeel van die afdeling Onderwysfinansies met sy Eerste Klerk, mnr. N. J. Keyser, en mnr. M. J. Roks, Hoofklerk Graad II, na hierdie Departement oorgeplaas. Graag maak ek van hierdie geleentheid gebruik om die betrokke amptenare weereens te verwelkom.

Mnr. N. E. Lambrechts is as Hoofinspekteur van Skole aangestel. Mnr. J. F. Lighton is tot Hoofklerk Graad II, in die Departement bevorder as opvolger van mnr. A. L. Young wat afgetree het, en mnr. D. J. Joubert is uit die Sekretariaat met bevordering as Eersteklerk aangestel om mnr. Lighton se pos te vul. Mnr. A. Rother, die Personeelklerk van die Departement, is met bevordering na die Sekretariaat oorgeplaas.

Wat die buitepersoneel van die Departement betref, doen dit my genoeg om te kan meld dat daar in 'n langgevoelde behoefte voorsien is deur die skepping van drie addisionele poste van Mediese Inspekteur van Skole.

Mnre. E. R. O. Gardiner, A. E. Puttick, H. E. Rudd, Skoolinspekteurs, mnr. J. H. Barnard, Inspekteur van Skoollosieshuise en dr. H. J. Davies, Mediese Inspektrise van Skole, het die ouderdomsgrens bereik en met pensioen afgetree. Graag betuig ek my innige waardering vir die dienste wat deur hulle gelewer is.

Mej. E. Norval, Dieëtkundige, en mej. M. M. van der Vyver Inspektrise van Huishoudkunde, het bedank, laasgenoemde as gevolg van haar huwelik.

Mnr. B. Rode en mnr. I. J. M. Archer is as Inspekteurs van Skole aangestel en mev. A. E. M. Thurlbeck is in verband met Godsdiensonderrig van die Hoërskool Umtata aan die Departement geleen.

Mejj. D. Eckhardt en A. M. Hattingh is as Inspektrises van Naaldwerk, mej. S. M. Louw as Inspektrise van Huishoudkunde en mej. M. O. Lasbrey as Inspektrise van liggaamlike opvoeding aangestel.

Mej. Y. Eales is vir die jaar 1951 deur die Opleidingskollege Grahamstad aan die Onderwysdepartement vir diens as Inspektrise van Naaldwerk geleen.

Dit is met innige leedwese dat ek die vroeë heengaan van Inspekteur F. J. Scheepers te boek moet stel. Hy het 'n rekord van nuttige en toegewyde diens nagelaat en sy heengaan word deur 'n wye vriendekring betreur.

Die name van die bekleërs van die hoër poste in die hoofkantoorpersoneel en van die poste in die buitepersoneel aan die begin van 1952 word in Bylae A van hierdie verslag verstrekk.

HOOFSTUK II.

UITBREIDING VAN DIE INSPEKTORAAT

Toe ek in 1934 my amp as Hoof van die Onderwysdepartement aanvaar het, was die inspektoraat as volg samgestel:

- 1 Hoofinspekteur (vir Naturelle-onderwys),
- 42 Inspekteurs van Skole,
- 1 Inspekteur van koshuise vir behoeftige leerlinge,
- 2 Mediese Inspekteurs bygestaan deur 'n ere-psigiater,
- 14 Departementele Instrueteurs/Instruktrises in Spesiale Vakke.
- 8 Skoolverpleegsters.

Die professionele personeel van die Departement bestaan tans uit die volgende:

- 1 Professionele Assistent.
- 3 Hoofinspekteurs van Skole.
- 46 Inspekteurs van Skole.
- 3 Inspekteurs van Skoollosieshuise.
- 3 Aflosinspekteurs van Skole.
- 27 Inspekteurs/Inspektrises van Spesiale Vakke.
- 13 Mediese Inspekteurs van Skole met inbegrip van een Mediese Hoofinspekteur.
- 3 Tandheelkundige Beamptes vir Skole.
- 3 Dieëtkundiges.
- 40 Skoolverpleegsters (insluitende nege addisionele poste wat in Maart 1952 gemagtig is).
- 1 Departementele Psigoloog.
- 4 Inspekteurs van Spesiale Klasse.
- 1 Inspekteur van Beroepsvoorligting.
- 1 Organiseerder van Klasse vir Hardhorendes en Spraakgebrekkiges.
- 2 Lektore in Maatskaplike Gesondheidsleer.
- 2 Instrueteurs in Godsdiensonderrig.

In die 18 jaar wat ek as Superintendent-generaal van Onderwys dien, het die ou opvatting van skoolinspeksie aansienlik verander. Die ou stelsel van „individuele inspeksie”, waarby elke leerling in die basiese vakke geëksamineer is en volgens die uitslag van die eksamen „geslaag” of „gesak” het, is tans in die oorgrote meerderheid van skole deur „klasinspeksie” vervang. Die strengheid van die ou stelsel was ongetwyfeld 'n nodige kenmerk van 'n nasionale onderwysstelsel wat snel ontwikkel het en in sy groei sy standarde moes bestendig.

In die laaste jare is die inspeksiestelsel egter so verander dat dit moontlik geword het om die skooljaar met die kalenderjaar te laat saamval.

Sedert „klasinspeksie” in swang gekom het, word die inspekteurs al meer en meer as raadgevers beskou, in staat om die ervaring wat in baie skole opgedoen is, vir die oplossing van die probleme van 'n besondere skool aan te wend en tewens goed ingelig en ewewigtig oor die vraagstukke van 'n skool te oordeel.

Die nuwe inspeksiemetode is van besondere waarde, veral in Kaapland met sy talle van klein skooltjies waar die onderwysers in afsondering werk en dikwels onervare is.

As gevolg van die moderne opvatting van die funksie van die inspektoraat, het die getal spesialis-inspekteurs in vakke soos liggaamlike opvoeding, musiek en kuns toegeneem. Terwyl die getal skoolinspekteurs in die afgelope twintig jaar met slegs vier gestyg het, is die getal spesialis-inspekteurs byna verdubbeld. Hierdie styging is ook toe te skrywe aan die groter belangrikheid van die spesiale vakke in ons onderwysstelsel en aan die toenemende getal meisies wat huishoudkunde en naaldwerk vir die Junior en die Senior Sertifikaat-eksamens aanbied.

Die aanwas van die personeel belas met die mediese inspeksie van skole stem my tot dankbaarheid. 'n Personeel bestaande uit twee mediese inspekteurs en agt skoolverpleegsters het sodanig aangegroei dat twaalf mediese inspekteurs, drie tandheelkundiges en veertig skoolverpleegsters tans daarin dien.

Die sielkundige afdeling van die Departement is aansienlik vergroot as gevolg van die instelling van spesiale klasse vir verstandelik vertraagde en hardhorende en spraakgebrekkige leerlinge. Hierdie afdeling van die inspektoraat sluit ook die Beroepsvoorligting-afdeling in wat die jongste ontwikkeling in verband met die werk van die buitepersoneel is.

Ten einde inspekteurs van skole in staat te stel om met lang verlof te gaan, is drie aflosinspekteurs aangestel. Dit is verblydend om op te merk dat baie amptenare wat met ses maande lang verlof is, oorsee gaan waar 'n deel van hul tyd aan die studie van onderwysrigtings in ander lande gewy word.

Ten slotte nog 'n opmerking wat in hierdie stadium nie onvanpas sal wees nie. Die nuwe rigting in die onderwys in Kaapland soos in die vooruitsig gestel deur die nuwe primêre en sekondêre leerplanne onlangs ingevoer, vereis 'n inspektoraat wat op die hoogte is, wat nie slegs as toesighoudende amptenare kan dien om standarde te handhaaf en te verbeter nie, maar wat ook as leiers kan optree om geesdrif op te werk en ideale voor te hou.

HOOFSTUK III

BLANKE ONDERWYS

Die onderstaande vergelykende tabel van die inskrywing van blanke leerlinge toon 'n vermeerdering van 4,171 leerlinge vir 1950 aan naamlik 3,167 in die primêre afdeling en 1,004 in die sekondêre afdeling; die ooreenstemmende syfer vir 1951 is 3,204 naamlik 1,667 in die primêre afdeling en 1,537 in die sekondêre afdeling:

Junie	Primêre Afdeling Leerlinge	Sekondêre Afdeling Leerlinge	Totaal
1946 ..	126,963	29,441	156,404
1947 ..	128,860	28,453	157,313
1948 ..	131,429	28,152	159,581
1949 ..	134,157	28,603	162,760
1950 ..	137,324	29,607	166,931
1951 ..	138,991	31,144	170,135

Daar sal opgemerk word dat die vermeerdering van 1,667 in die primêre inskrywing in 1951, swak vergelyk met die vermeerdering van 3,167 in 1950. Die grootste enkele faktor wat tot hierdie afname bygedra het, is die Wysigingsordonnansie op Onderwys van 1950 wat in 1951 in werking getree het en wat bepaal dat leerlinge nie tot skole toegelaat mag word voordat hulle die ouderdom van 5½ jaar bereik nie, terwyl hulle voor hêreie catum ingeskryf kon word in die jaar waarin hulle die ouderdom van 6 jaar bereik. In 1951 is 737 minder leerlinge onder die ouderdom van 6 jaar as in 1950 ingeskryf.

Die vermeerdering in die sekondêre inskrywing in 1951, is klaarblyklik die uitwerking van die bogenoemde Ordonnansie. Hierdie Ordonnansie bring verskeie belangrike veranderings aan in die bestaande wet insake verpligte skoolbes.ek. As die eerste stap om skoolbesoek tot standerd VIII verpligtend te maak, vereis die Ordonnansie, met ingang van 1 Januarie 1951, verpligte skoolbesoek vir blanke kinders tot standerd VII in plaas van standerd VI. Die pligte van skoolrade insake die nasporing van gevalle van nie-bywoning word dienooreenkomstig uitgebrei, en 'n ooreenstemmende wysiging word in die wet aangebring met betrekking tot die indiensneming van kinders onder sestien jaar.

Dit beteken dat die leerlinge wat aan die einde van 1950 in standerd VI geslaag het, maar nog nie die ouderdom van 16 jaar bereik het nie, kragtens die wet verplig was om in 1951 op skool te bly.

Die Wysigingsordonnansie op Onderwys (nr. 9 van 1951) maak voorsiening vir die tweede stap om verpligte skoolbesoek tot standerd VIII op te skuif. Leerlinge wat aan die einde van 1951 in standerd VII geslaag het, maar nog nie die ouderdom van 16 jaar bereik het nie, is in 1952 verplig om op skool te bly.

Ek het reeds nuwe leerplanne laat opstel vir standers VI, VII en VIII. Die doel is om voorsiening te maak vir sowel die nie-akademiese as die akademiese tipe van leerling, en om die leerling in hierdie belangrike stadium van sy ontwikkeling in die geleentheid te stel om sy aanleg te ontdek en die rigting te kies waarin sy aangebore bekwaamheid tot volle uiting kan kom. Hieraan word 'n afsonderlike hoofstuk gewy.

Die volgende twee tabelle dui die verspreiding van leerlinge in standers VI tot X aan:

TABEL I

VERSPREIDING VAN LEERLINGE IN STANDERS VI TOT X OP DIE EERSTE DINSdag IN JUNIE VIR DIE JARE 1939 TOT 1951

Jaar	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std. X
1939	15,668	10,899	7,991	4,711	3,838
1940	15,764	11,119	8,208	4,880	4,096
1941	15,412	11,032	8,083	4,880	4,114
1942	15,558	10,972	8,020	4,611	4,092
1943	15,398	11,389	8,275	4,840	3,975
1944	15,189	11,807	8,571	5,022	4,124
1945	14,897	11,467	8,624	5,347	4,187
1946	14,507	11,161	8,451	5,312	4,517
1947	14,002	10,868	8,244	4,963	4,378
1948	14,047	11,015	8,147	4,786	4,204
1949	14,215	11,486	8,253	4,779	4,085
1950	14,872	11,896	8,695	4,865	4,151
1951	15,036	12,952	8,917	5,114	4,161

TABEL II

PERSENTASIE-VERSPREIDING VAN LEERLINGE IN STANDERS VI TOT X (OP VOORGAANDE TABEL GEBASEER) VIR DIE JARE 1939 TOT 1951

Jaar	Std. VI	Std. VII	Std. VIII	Std. IX	Std. X
1939	100	70	50	30	25
1940	100	70	52	30	26
1941	100	70	52	31	26
1942	100	71	51	29	26
1943	100	73	54	31	25
1944	100	77	56	33	26
1945	100	75	56	34	27
1946	100	74	55	34	29
1947	100	75	55	33	28
1948	100	79	56	32	28
1949	100	82	59	33	27
1950	100	84	62	35	29
1951	100	87	63	36	30

Daar sal opgemerk word dat van die 1947-groep standerd VI-leerlinge slegs 30% standerd X in 1951 bereik het. Dit wil dus voorkom of die ekonomiese en ander faktore wat die sekondêre inskrywing beïnvloed en waarvan ek in my vorige verslag melding gemaak het, hulle nog steeds laat geld. Die uitwerking wat die verhoogde skoolplig op die vashou vermoë van die skool op leerlinge in die sekondêre afdeling sal hê, word met belangstelling afgewag.

Die tabel wat volg, dui die aantal skole en kolleges in die provinsie aan. Die gestadige afname in die aantal primêre skole, wat hoofsaaklik te wyte is aan die sluiting van een- onderwyserskole in landelike gebiede, is vir my 'n onrusbarende verskynsel.

Derde Kwartaal	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951
Opleidingskolleges ..	9	9	9	9	9	8	7
Hoërskole ..	170	174	174	174	179	180	181
Sekondêre Skole	71	66	66	65	60	58	57
Primêre Skole..	1,184	1,133	1,081	1,032	1,007	968	948
Plaasskole ..	38	30	25	25	19	22	21
Kerkskole ..	29	29	29	28	28	28	28
Spesiale Skole..	3	5	6	6	8	9	9
Hoër-landbou-skole ..	3	3	3	3	3	3	3
Totaal ..	1,507	1,449	1,393	1,342	1,313	1,276	1,254

HOOFSTUK IV

KLEURLINGONDERWYS

Die onderstaande syfers toon die uitbreiding aan wat sedert 1949 plaasgevind het:

Derde Kwartaal	1949	1950	1951
Totale Inskrywing	177,526	183,247	188,320
Sekondêre Inskrywing	4,131	4,680	5,270
Getal Onderwysers (Tweede Kwartaal)	5,037	5,272	5,489
Aantal Skole	1,124	1,143	1,161

In die onderstaande tabelle word besonderhede van die soort skole gedurende die derde kwartaal verstrekk:

Derde Kwartaal	1949	1950	1951
Opleidingskolleges en -skole :			
Kollege	1	1	1
Skole	8	8	8
Hoër- en Sekondêre Skole :			
Hoër	11	11	13
Sekondêre	7	11	14
Primêre Skole :			
Primêre Skole	68	74	78
Plaasskole	15	22	19
Sendingskole	982	988	1,003
Deeltydse	27	21	17
Spesiale Skole	5	7	8
Totaal	1,124	1,143	1,161

Sekondêre onderwys word ook aan sewe uit die agt bogenoemde opleidingskole gegee.

In die onderstaande tabel word die sekondêre inskrywing vir die derde kwartaal aangetoon:

Derde Kwartaal	1949	1950	1951
Hoërskole	2,401	2,645	2,896
Sekondêre Skole	301	563	996
Sekondêre Afdelings	1,429	1,472	1,378
Totaal	4,131	4,680	5,270

Hierbenewens is daar 988 student-onderwysers in 1950 by die verskillende opleidingsinrigtings ingeskryf in vergelyking met 911 in 1949 en 1,037 in 1951.

In Junie 1949 en 1950 was die verspreiding oor die verskillende standerds as volg:

	Leerlinge	Per- sentasie	Leerlinge	Per- sentasie	Leerlinge	Per- sentasie
	1949	1949	1950	1950	1951	1951
Substanderd A..	49,167	27.6	48,980	26.6	48,545	25.7
Substanderd B..	27,793	15.6	28,487	15.5	29,353	15.5
Standerd I ..	26,793	15.5	27,279	14.8	27,823	14.7
Standerd II ..	22,252	12.5	23,459	12.7	23,765	12.6
Standerd III ..	18,616	10.4	19,432	10.6	20,576	10.9
Standerd IV ..	13,931	7.3	14,809	8.0	15,604	8.2
Standerd V ..	9,388	5.3	10,121	5.5	10,829	5.7
Standerd VI ..	6,166	3.5	6,782	3.7	7,268	3.8
Standerd VII ..	2,388	1.3	2,635	1.4	3,000	1.6
Standerd VIII	1,321	.7	1,513	.8	1,708	.9
Standerd IX ..	343	.2	419	.2	426	.2
Standerd X ..	203	.1	259	.2	329	.2
	178,361	100.0	184,175	100.0	189,226	100.0

Verpligte Skoolbesoek

Van 1 Julie 1950 is verpligte skoolbesoek kragtens Ordonnansie nr. 11 van 1945 op King William's Town ingevoer.

Vooruitgang van Sekondêre Onderwys

In my jongste verslag het ek verwys na die toevoer van leerkragte, en in besonder na die tekort aan onderwyseresse. Die doel van hierdie hoofstuk is om die merkwaardige vooruitgang van die sekondêre onderwys oor die afgelope tiental jare aan te toon.

Met uitsondering van die sewe sekondêre afdelings wat aan die opleidingskole verbonde is, was daar in 1941 v'er hoërskole, naamlik, Trafalgar in Kaapstad, Livingstone op Claremont, William Pescod op Kimberley, Paterson op Port Elizabeth, en ses sekondêre skole geleë op Beaufort-Wes, Genauenaal, Oos-Londen, Oudtshoorn, Riversdal en Stellenbosch.

Vandag is daar dertien hoër- en een-en-twintig sekondêre skole, met inbegrip van die sekondêre afdelings wat aan die sewe opleidingskole verbonde is.

Die vooruitgang van sekondêre onderwys in die tydperk 1941 tot 1951 word in die volgende tabel aangedui:

Vierde Kwartaal	Aantal Hoërskole	Aantal Sekondêre Skole	Aantal Sekondêre Afdelings verbonde aan Opleidingskole	Getal Leerlinge	Getal Leerkragte
1941 ..	4	6	7	2,329	136
1942 ..	4	7	7	2,283	143
1943 ..	4	8	7	2,468	148
1944 ..	4	8	7	2,764	151
1945 ..	5	9	7	3,014	160
1946 ..	5	9	7	3,115	165
1947 ..	9	8	7	3,390	189
1948 ..	9	8	7	3,658	201
1949 ..	11	7	7	4,034	213
1950 ..	11	11	7	4,569	224
1951 ..	13	14	7	5,146	236

Nuwe sekondêre skole is as volg gestig:

Op 1 Januarie 1950: Southfield (Kaap)
Bredasdorp
Graaff-Reinet
Queenstown.

Op 1 Januarie 1951: Athlone (Kaap)
Kaapstad (Kaap)
Kensington (Kaap)
Vasco (Kaap).

Op 1 Januarie 1951 is die Primêre Kleurlingskool South End tot die status van 'n sekondêre skool, en die sekondêre skole op George en Wellington tot die status van hoërskole verhef.

Die vraag na sekondêre fasiliteite, veral gedurende die afgelope vyf jaar, was so groot dat die Departement dit nodig geag het om fasiliteite in gehuurde geboue te verskaf.

Skoolpersele is nou verkry op alle plekke waar gehuurde akkommodasie gebruik word, en behoorlik toegeruste geboue sal hopelik binne die volgende jaar of twee opgerig word.

HOOFSTUK V

NATURELLE-ONDERWYS

Uitgawe

Die vinnige styging in die uitgawe sedert 1947, soos in die onderstaande tabel aangedui, is hoofsaaklik aan die verhoogde duurtetoelae en die verbeterde salarisskale vir natuurle toe te skrywe:

Boekjaar	Gemiddelde inskrywing vir derde kwartaal	Uitgawe (Pos 2K) £
1941-42 ..	213,905	533,908
1945-46 ..	247,478	936,557
1946-47 ..	258,187	1,052,045
1947-48 ..	259,647	1,510,988
1948-49 ..	277,994	1,714,502
1949-50 ..	283,086	1,946,618
1950-51 ..	288,921	1,993,255

Duurtetoelag

Die pos vir die Kaapprovinsie wat oor 'n tydperk van ses jaar van £225,000 tot £625,000 gestyg het en nou nagenoeg eenderde van die totale begroting absorbeer, het nuwe ontwikkeling aansienlik vertraag.

Die stygende duurtetoelag-pos is nie alleen besig om die fondse wat normaalweg vir noodsaaklike dienste beskikbaar is te absorbeer nie, maar vereis ook fondse wat gewoonlik vir uitbreiding aangewend word.

Die uitwerking hiervan in die Kaapprovinsie is dat die aantal nie-ondersteunde skole wat wag om in aanmerking te kom, oor 'n tydperk van twee jaar tot 120 en die vereiste getal leerkrigte vir ondersteunde skole tot 300 vermeerder het.

Faktore wat vinnige styging in duurtetoelag veroorsaak

(1) In 1947 is verhoogde salarisskale ingestel wat groter voordele by wyse van verhoogde skale van duurtetoelag aan natuurleleerkrigte besorg.

(2) Die nuwe skale het ook voorsiening gemaak vir gereelde en groter salarisverhogings, wat elke jaar daartoe bydra om die onderwyser se salaris na 'n hoër kerf op te stoot en wat op sy beurt hoër duurtetoelae vereis.

(3) Die toelae vir getroude onderwysers is 'n aansporing vir ongetroude onderwysers om in die huwelik te tree, want sodoende ontvang die gemiddelde man onmiddellik verhoogde voordele ten bedrae van 34% op sy inkomste.

Verhoogde besoldiging van natuurleleerkrigte

Verbeterde salarisskale wat voorsiening maak vir gereelde salarisverhogings, tesame met duurtetoelae volgens staatsdiensskale het 'n aanmerklike verbetering teweeggebring in die totale besoldiging wat aan natuurleleerkrigte betaal word (sien onderstaande tabel).

Daar dien op gelet te word dat aangesien duurtetoelae op die grondslag van die beswaarde gemiddelde prys-indeksyfer vir huur, brandstof, lig, kos en diverse by die nege groot stedelike sentrums bereken word, die plattelandse leerkrigte, veral die getroude man, in 'n natuurle-reservaat 'n voorsprong het op sy kollega in 'n stedelike gebied soos Kaapstad of Port Elizabeth.

In die onderstaande tabel word die totale besoldiging met inbegrip van duurtetoelae van 'n primêre leerkrigte met 'n Primêre Hoërsertifikaat en met drie jaar ondervinding vir 1940 en 1950 aangetoon:

Jaar	Assistent-natuurle-onderwyseres	Assistent-natuurle-onderwyser (getroud)	Getroude Manlike Naturelehof van Skool vir 60 Leerlinge
1940	£66	£78	£90
1950	£170	£295	£319
Vermeerdering	157%	278%	254%

Lenings aan student-onderwysers

Lenings van hoogstens £20 per jaar word aan goedgekeurde kandidate toegeken om hulle in staat te stel om 'n opleidingskursus aan enigen van die natuurle-opleidingskole onder hierdie Departement te loop.

Die bedrae wat vir hierdie doel toegesê is, het van £7,250 in 1948 tot £12,500 in 1950 gestyg.

Onvoorwaardelike beurse

(a) Beurse van £20 per jaar word op aansoek toegeken aan kandidate wat die Senior Sertifikaat- of 'n gelykwaardige eksamen afgelê het, om hulle in staat te stel om na die Naturellekollege Fort Hare te gaan. Die beurse word gewoonlik vir drie jaar toegeken en oorskry nie 15 in enige jaar nie.

(b) Sestig opleidingskoolbeurse van £20 elk per jaar word toegeken aan kandidate wat die Junior Sertifikaateksamen afgelê het, om hulle in staat te stel om na 'n opleidingskool te gaan om die Primêre Naturelle-hoërkursus te loop. Die kandidate word na verdienste uit die lys van geslaagdes in die Junior Sertifikaateksamen gekies. Die beurse word gewoonlik vir twee jaar toegeken maar oorskry nie 60 in enige jaar nie.

(c) Vyf-en-sewentig standerd VI-beurse van £20 elk per jaar word toegeken aan kandidate wat in die standerd VI-eksamen geslaag het, om hulle in staat te stel om 'n sekondêre of 'n hoërskool by te woon om die Junior Sertifikaatkursus te loop. Die kandidate word na verdienste uitgekies uit lyste van leerlinge wat in standerd VI geslaag het, en hierdie lyste word deur omgangsinspekteurs voorgelê. Die beurse word normaalweg vir drie jaar toegeken en oorskry nie 75 in enige jaar nie.

Oprigting van departementele geboue

Gedurende die tydperk onder behandeling is daar drie nuwe departementele skole opgerig, naamlik een op Kimberley teen 'n bedrag van £42,000; een op King William's Town teen 'n bedrag van £15,000; een op Oos-Londen teen 'n bedrag van ongeveer £25,000. Dit is almal onsektariese skole en sal onder die jurisdiksie van die plaaslike skoolraad val.

Opleidingskool onder beheer van die Oos-Londense Skoolraad

Die nuwe opleidingskool vir onderwyseresse op Duncandorp Oos-Londen, was in Januarie 1951 gereed vir gebruik. Die opleidingsentrum is in drie afdelings opgerig, een vir die opleidingskool en die ander twee vir die oefenskool.

Die opleidingskool kan nagenoeg 150 meisies uit die onmiddellike omgewing as dagleerlinge opneem, terwyl daar in die oefenskool ruimte vir sowat een duisend kinders van Duncandorp is.

Die skool staan onder beheer van die Skoolraad, Oos-Londen.

Verskaffing van skoolmeubels

Die jaarlikse uitgawe aan skoolmeubels en -uitrusting oor die afgelope drie jaar was ongeveer twee maal soveel as die jaarlikse uitgawe van vorige jare, wat grotendeels toegeskryf moet word aan die verbeterings wat ten opsigte van produksie en voorraad bewerkstellig is. Gevolglik is baie skole van aadisioenele skryftafels, muurkaste en tafels voorsien. Ofskoon die toestand in sekondêre, tegniese en opleidingskole as bevredigend beskou kan word, moet daar nog baie meer gedoen word voordat alle primêre skole behoorlik toegerus en gemeubel is.

Sekondêre skoolgelde

Van 1 Oktober 1948 word geen skoolgelde vir onderwys in die sekondêre standerds ten opsigte van enige leerling voor die einde van die kalenderjaar waarin hy of sy die ouderdom van negentien jaar bereik, gevorder nie. Skoolgelde is dus nog betaalbaar ten opsigte van sekondêre leerlinge wat skoolgaan na die jaar waarin hulle die ouderdom van negentien jaar plus bereik.

Daar word egter voorsiening gemaak om naturellesending-inrigtings te vergoed vir die gelde wat hulle as gevolg van die uitbreiding van gratis sekondêre onderwys tot die ouderdom van negentien jaar verloor. Hierdie reëling het geen verandering in naturelleskole onder skoolrade teweeggebring nie aangesien die Provinsiale Administrasie vroeër al hul lopende uitgawe betaal het en nog betaal.

Dit het egter sekondêre naturelleskole onder kerkbestuur verwar. Een groep sekondêre skole het sy skoolgelde na 1 Oktober 1948 ooreenkomsdig hul vertolking van die wet afgeskaf, daar hulle verwag het dat die Administrasie die verlies sou vergoed.

Die ander groep het egter van die standpunt uitgegaan dat die £2 per jaar wat hy gevorder het, nie as onderriggeld beskou kon word nie, aangesien dit koste verteenwoordig het tot dekking van bykomende uitgawe in verband met administrasie; geboue; toerusting (¼-aandeel); sanitasie; water; verligting; omheining en grondverbeterings—vir die koste waarvan hy geen steun van die regering ontvang het nie. Hulle verwys na hierdie geld as onderhoudskoste of plaaslike koste of toerustingkosse of, in die geval van losiesinrigtings, het hulle dit sonder omskrywing by hul losiesgelde ingesluit.

Die nodige fondse is egter tot nog toe nie verskaf nie en gevolglik was die Administrasie nie in staat om die reëling insake die vergoeding vir verlies van skoolgelde ten uitvoer te bring nie.

Bestuurders van ondersteunde sekondêre skole het dus geen ander uitweg nie as om voort te gaan met die gebruik om 'n bedrag van £2 per paar ter bestryding van plaaslike uitgawe aan uitrusting, onderhoud, registrasie, ens. te hef.

Die skole wat skoolgelde in 1948 vir sekondêre leerlinge van die ouderdom van negentien jaar en jonger afgeskaf het, het egter vergoeding ontvang vir die skoolgelde wat hulle vir die tydperk 1 Oktober 1948 tot Desember 1949 verloor het.

Uitslag van die Junior Sertifikaat-eksamen

In 1950 het sestig sekondêre en hoërskole kandidate vir die Junior Sertifikaat-eksamen ingeskryf. Die uitslag het aan die lig gebring dat die peil van onderrig aan 'n groot aantal van hierdie skole baie laag is en dat die gehalte van die leerkragte veel te wense oorlaat.

Die sestien skole wat onderaan die lys van geslaagde kandidate vir die Junior Sertifikaat-eksamen gestaan het, kon nie meer as 24% geslaagdes oplewer nie, sonder 'n enkele kandidaat in die eerste klas. Vier uit die sestien skole het 61 kandidate ingeskryf wat almal gesak het. As daar in aanmerking geneem word dat hierdie kandidate van drie tot vier jaar in die Junior Sertifikaat-klasse gesit het, is daar nog groter rede vir besorgdheid.

Hierteenoor dien vermeld te word dat die tien skole bo-aan die lys van geslaagde kandidate 86% sukses behaal het met 'n aansienlike getal kandidate in die eerste klas.

Terwyl die sestien genoemde skole slegs 24% geslaagdes oplewer het, het die orige 44 skole 62% geslaagdes oplewer.

Die meeste van die skole bo-aan die lys is losiesinrigtings, en op 'n paar uitsonderings na is die skole onderaan die lys skole vir dagleerlinge in plattelandse en stedelike gebiede. Sommige van die dagleerlinge het egter hoë punte behaal, terwyl 'n paar van die kosskole maar sleg gevaar het.

Uitslag van die Senior Sertifikaat-eksamen

Drie van die skole bo-aan die lys van geslaagdes het 85 kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamen ingeskryf, van wie 65 geslaag het, vyf in die eerste klas.

Twee skole onderaan die lys het 27 kandidate ingeskryf en van hulle het slegs vier geslaag.

Die eersgenoemde drie skole is egter losiesinrigtings met voldoende fasiliteite vir studie onder toesig, terwyl die twee onderaan die lys in stedelike wyke geleë is waar die toestande vir studie nie altyd gunstig is nie. Die vernaamste rede vir die teleurstellende uitslae in sekondêre en hoërskole is egter die feit dat nagenoeg die helfte van die leerkragte wat in diens geneem word, nie vir die werk wat van hulle verwag word, gekwalifiseer is nie. Die vinnige styging in die aantal sekondêre skole gedurende die afgelope tien jaar was buite alle verhouding tot die vermeerdering in die getal gegradueerde leerkragte.

Redes vir die lae peil van die werk in plattelandse sekondêre skole

Die plattelandse sekondêre dagskool is in die lewe geroep as deel van die beleid om na-primêre onderrig binne die bereik van die naturel te bring. Dit moes 'n plattelandse skool wees om voorsiening te maak vir die lokasiekinders wat standerd VI afgelê het, en dit moes 'n dagskool wees. Dit is twyfelagtig of hierdie beleid uitgevoer is in die gees waarin dit bedoel is. 'n Studie van die inskrywing by plattelandse sekondêre naturelledagskole bring aan die lig dat 'n hoë persentasie leerlinge van afgeleë plekke, in sommige gevalle selfs van verafgeleë distrikte en dorpe, ingeskryf is. Hierdie toestroming het aanleiding gegee tot die stigting van nie-amptelike losieshuise waarin die eet-, slaap-, was- en sanitêre geriewe heeltemal ontoereikend is.

Aan leerlinge in plattelandse sekondêre dagskole word weinig of niks meer as die primitiewe toestande wat in die meeste primêre naturelleskole heers, aangebied nie. Dit is 'n beperkende faktor in die soort onderrig wat verskaf word en dra beslis by tot die faktore waaraan die ondoeltreffendheid van die plattelandse sekondêre dagskole toegeskryf moet word.

Baie leerlinge woon op 'n aansienlike afstand van die skool, en ten einde betyds daar aan te kom, moet hulle vroeg in die môre begin, dikwels sonder kos of iets warm om te drink. Hulle keer nie voor sonder terug nie wanneer baie van hulle die eerste warm ete van die dag geniet. Die uitwerking van die afgematheid veroorsaak deur die lang wandeling na die skool, deur die gebrek aan kos dwarsdeur die dag en deur die lang ure wat hulle in die klaskamer moet deurbring, is in geen geringe mate vir die swak eksamenuitslae verantwoordelik nie.

Daar bestaan feitlik geen geriewe vir studie en voorbereiding na skoolure nie. Die gebrek aan 'n behoorlike tafel, voldoende verligting, stilte, ens., in 'n naturellehut maak dit feitlik onmoontlik om in die aand te studeer. Skole probeer om hierdie moeilikhede te bowe te kom deur elke dag 'n tyd vir studie en voorbereiding af te sonder. Die tyd daarvoor is dikwels van 2 tot 4 nm. wanneer leerlinge afgemat is na 'n lang skof in die klaskamer.

Die onderrig van wetenskapvakke geskied op 'n akademiese grondslag. Wetenskaplike beginsels en prosesse word selde proef-ondervindelik gedemonstreer. Leerkrigte is blykbaar nie in staat om apparaat te improviseer vir die uitvoering van eenvoudige proefnemings om die beginsel wat geleer word, te demonstreer nie.

Die leesstof wat tans in die naturelletale beskikbaar is, is so beperk dat leerlinge verplig is om voorgeskrewe boeke te bestudeer wat hulle in die primêre skool gelees het. Dit smoor hul belangstelling in die werk. Die onderrig gaan dikwels so mank aan verbeeldingskrag en belangstelling dat daar geen liefde vir of belangstelling in letterkunde aangekweek word nie.

Daar bestaan in byna alle plattelandse sekondêre dagskole 'n groot gebrek aan opvoedkundige prente, kaarte, onderwys-hulpmiddels en naslaanboeke. Daar is nie een van daardie skole wat 'n projektor het nie en slegs 'n paar besit 'n grammofoon. In sulke toestande kan die betreurenswaardige gebrek aan algemene kennis van die leerlinge geredelik besef word.

Die huidige skaarste aan gegraduateerde naturelleleerkrigte vereis dat sulke leerkrigte as skoolhoofde aangestel moet word voordat hulle voldoende ondervinding van skoolwerk en organisasie opgedoen het. Die gevolg hiervan is dat hulle nie voldoende beheer oor die werk van hul assistente uitoefen nie, veral ten opsigte van dissipline, toesig oor skriftelike werk en die beheer van onderwysmetodes. In baie sekondêre naturelleskole is daar 'n byna algehele gebrek aan toesig oor assistent-leerkrigte se werk deur die skoolhoof.

Die assistente is in baie gevalle leerkrigte wat onvoldoende toegerus is vir die werk wat op skool van hulle verwag word. Hulle akademiese kwalifikasies is ontoereikend vir die werk wat hulle moet doen.

Daar is sommige assistent-leerkrigte wat pogings aanwend om hul kwalifikasies deur private studie te verbeter. Dit gebeur alte dikwels dat sodaninge private studie ten koste van noodsaaklike voorbereiding en die nasien van gewone skoolwerk geskied.

Gevorderde kursus vir primêre onderwysers

In Januarie 1951 is 'n gevorderde primêre onderwyserskursus aan die St. John-kollege, Umtata, en aan die Healdtown-opleidingskool, Fort Beaufort in die lewe geroep.

Hierdie kursus is in sommige opsigte dieselfde as die bestaande primêre hoër kursus, maar die vereiste toelatingskwalifikasie is verhoog. Die kwalifikasie vir toelating tot die primêre hoër kursus is 'n goedgekeurde Junior Sertifikaat, terwyl die Senior of 'n gelykwaardige sertifikaat vir toelating tot die gevorderde kursus vereis word.

Die opleidingskursus strek oor 'n tydperk van twee jaar en in hierdie kursus word sowel student onderwysers as onderwyseresse hoofsaaklik vir die werk van die hoër standerds van primêre skole voorberei. Daar word egter verwag dat baie van diegene wat die opleidingskursus met welslae voltooi, aan sekondêre skole aangestel sal word waar die toevoer van gegraduateerde leerkrigte hopeloos ontoereikend is.

In die geval van vroulike kandidate sal die gevorderde kursus deur 'n opsionele eenjaar-spesialiskursus in huisbestuur en elementêre modemakery aan die Healdtown-opleidingskool aangevul word om die na-matrikulasiekursus in huishoudkunde te vervang.

Flagstaff-opleidingskool

Die Departement het die ou landbouskool in die nabyheid van Flagstaff van die Algemene Raad van die Verenigde Transkei-gebiede aangekoop om dit in 'n opleidingsentrum vir onderwysers om te skep, waar kort opfrissingskursusse dwarsdeur die skooljaar tot voordeel van diensdoende leerkrigte aangebied kan word. Die skool is in Julie 1951 geopen.

Die skool sal onder die jurisdiksie van die Skoolraad van Mount Currie val.

Insake professionele aangeleenthede, sal die skoolhoof van raad bedien word deur 'n inspeksiepaneel wat die skool sal inspekteer en oor sy werk en opvoedkundige beleid verslag sal doen.

Omgangs- en spesialisinspekteurs is uit die aard van hul werk in 'n besonder gunstige posisie om te weet wat die tekortkominge en behoeftes van die skole is. Dit is derhalwe die plan om soveel moontlik van hul dienste gebruik te maak om die kursusse te reël en te hou. Daar word verwag dat die omgangsinspekteur in staat sal wees om 'n paar dae aanwesig te wees by elke kursus wat deur leerkrigte uit sy omgang bygewoon word, dat hy sommige van die lesings of lesse sal gee en aan besprekings sal deel neem. Deelname deur spesialisinspekteurs sal insgelyks gereël word.

'n Maksimum-inskrywing van vyf-en-sewentig studente per kursus word aanbeveel. Uit hoofde van losiesmoelikhede sal daar ten minste vir die eerste jaar afsonderlike kursusse uitsluitend vir manstudente of uitsluitend vir vrouestudente aangebied word.

Van 1952 af sal nie meer as twintig leerkrigte per jaar vir die spesiale eenjarige-landboukursus vir diensdoende onderwysers/resse ingeskryf word nie.

Die plaas Flagstaff, wat aan die skool behoort en wat ongeveer 700 morg grond beslaan, is in die hoë reënvalstreek van die Pondolandse kuststreek geleë waar die gemiddelde reënval tussen 35 en 40 duim per jaar is. Dit is dus by uitstek 'n streek vir bome en weiveld en uitmuntend vir vee en vir die verbouing van byna alle soorte gesaaides.

Daar sal aanvanklik 'n kleinskaalse boerdery gedryf word om slegs in die onmiddellike voedingsbehoefte van studente en personeel te voorsien wat na verwagting by die koshuis en personeelhuise sal inwoon.

Die Raad was bereid om die som van £20,000 vir die Flagstaff-inrigting te aanvaar. Hierdie som verteenwoordig by benadering die koste wat deur die Raad aan die oprigting van geboue en aan verbeterings op die terrein bestee is. Aangesien die grond nie deur die Raad aangekoop is nie maar deur die Regering aan hom geskenk is, is geen koste ten opsigte daarvan by die koopsom ingesluit nie.

Daar word besef dat die opleiding wat voor toelating tot verskeie beroepe en ambagte gegee word, onvoldoende is. Daar word voortdurend nuwe metodes geskep, omstandighede verander en tradisionele gewoontes raak verouderd. Ons vind dus opfrissingskursusse in die medisyne, die wetenskap en militêre opleiding; en onderwys is hier geen uitsondering nie.

Naturelleleerkrigte het besondere behoefte aan opfrissingskursusse of in diensopleiding. Standaard VI is nog die akademiese toelatingskwalifikasie vir baie naturelleleerkrigte, en gevolglik is hul opvoedkundige en professionele agtergrond dikwels gebrekkig.

Die oorgrote meerderheid naturelleleerkrigte werk in plattelandse distrikte, dikwels in afgeleë en ontoeganklike dele. Selfs in stedelike en meer digbevolkte plattelandse distrikte is die opgevoede persoon eerder die uitsondering as die reël, en die betreklike afsondering van die leerkrigte, soms fisies en dikwels intellektueel, gee aanleiding tot professionele agteruitgang. Die gebrek aan kulturele geriewe soos biblioteke, spele, ens. is ook 'n kragtige faktor wat tot hierdie agteruitgang bydra.

Naturelle-onderwys is grotendeels nog in sy aanvangstadium, en beginsels en praktyk word nog in 'n groot mate op Europese en Amerikaanse ondervinding gebaseer. Opfrissingskursusse dien as 'n middel om ervare leerkrigte en die buitepersoneel van die Departement bymekaar te bring en verskaf 'n onskatbare bron van wedersydse mededeling van idees en menings wat 'n nouer aanpassing van onderwysmetodes aan die behoeftes van die naturelleleerlinge tot gevolg behoort te hê.

Die doelstellings van die opfrissingskursusse is:

(a) Om kursusse daar te stel wat elk ongeveer twee weke sal duur, vir skoolhoofde, assistent-leerkrigte en departementele besoekende leerkrigte in verskillende verakings van skoolwerk. Metodes van onderrig en skoolorganisasie sal by die meesle kursusse ingesluit word, maar in elke kursus sal klem op een besondere aspek van die werk gelê word;

(b) om in elke kursus voorsiening te maak vir algemene bespreking, om persoonlike moeilikhede te bowe te kom en om voorsiening te maak vir die wedersydse mededeling van ondervindings;

(c) om in die loop van die lesse en by die buitemuurse bedrywighede die leerkrigte in aanraking te bring met 'n volle reeks onderwys- en opvoedkundige hulpmiddels. Versamings, wat sal dien as voorbeelde van die soort praktiese werk wat in handwerk natuurstudie en aardrykskunde aangepak kan word, sal vertoon word; en

(d) om ontspanningsbedrywighede, soos huisspeletjies, konserte, ens. 'n integreerende deel van elke kursus te maak, sodat leerkrigte nie alleen beter toegerus nie maar deur hul ondervinding verfris en versterk na hul werk kan terugkeer.

Daar word beskou dat die volgende kursusse as 'n begin gebied kan word:

- Vir onderwyseresse in beheer van die substanderds.
- Vir onderwyseresse in beheer van standerds I en II.
- Vir onderwyseresse in beheer van eenmanskole.
- Vir onderwysers in beheer van standerds III en IV.
- Vir onderwysers in beheer van standerds V en VI.
- Vir manlike skoolhoofde van standaard VI-skole.
- Vir manlike skoolhoofde van twee- en driemanskole.
- Vir departementele besoekende leerkrigte.

Nie-uniestudente in Naturelleskole

Die Minister van Onderwys het in 1949 beslis dat die onderwys van nie-Unieleerlinge nie as die finansiële verpligting van die Unie-regering beskou kon word nie en dat alle nie-Unie-naturelleleerlinge vir alle vorms van geldelike steun van die lys uitgesluit moes word. Nie-Unieleerlinge kon tot naturelleskole in die Unie toegelaat word slegs as daar akkommodasie beskikbaar sou wees en onderworpe aan betaling van die volle koste van hul onderwys vir die staat (afgesien van die gewone kosskoolgelde). In die geval van die Kaapprovinsie sou die benaderde jaarlikse koste vir die staat op £17 vir 'n sekondêre skoolleerling, £32 vir 'n industriële skoolleerling en £37 vir 'n studentonderwyser in 'n opleidingskool te staan kom.

Daar dien op gelet te word dat dit deurgaans die Departement se beleid in die Kaapprovinsie is om voorkeur te gee aan appikante wat in die Unie gedomisilieer is en aansoeke van elders te oorweeg slegs as daar akkommodasie beskikbaar is.

Voordat daar egter aan die Minister se beslissing uitvoering kon gegee word, het die Regering in November 1950 besluit dat—

„Met die oog op die feit dat die onderwysgeriewe vir die naturellebevolking in die Unie ontoereikend is, naturelle-studente uit gebiede buite die Unie nie langer tot primêre, sekondêre en hoëronderrigings in die Unie toegelaat sal word nie. Naturellestudente van plekke buite die Unie wat alreeds tot inrigtings in die Unie toegelaat is, sal egter toegelaat word om hul studies te voltooi.”

Hierdie besluit is twee maande later gewysig toe die Regering besluit het om die toepassing van die aangekondigde beleid vir 'n tydperk van drie jaar, naamlik tot die end van 1953, agterweë te hou ten einde die regerings van gebiede buite die Unie-grense in staat te stel om sover moontlik hul eie onderwysgeriewe te verskaf.

Terselfdertyd het die Regering as volg die oorwegings gepubliseer wat hom tot die beslissing van 1950 beweeg het:

„Die gretigheid van die naturellebevolking om opgevoed te word daartoe aanleiding gegee het dat daar sterk by die Regering aangedring is om die noodsaaklike geriewe te verskaf. Die huidige geriewe maak voorsiening vir ongeveer 33% naturellekinders van skoolgaande ouderdom en dit sal groot somme geld vereis om die geriewe redelik vinnig te vermeerder. As die agterstand, die vermeerdering in die getal nie-blanke kinders en die geldelike hulpbronne van die Unie in ag geneem word, kom die Regering te staan voor 'n byna onbegonne taak om voorsiening te maak vir voldoende onderwysgeriewe vir die nie-blanke bevolking binne sy eie grense, om nie te praat van die uitbreiding van die geriewe na nie-blankes uit ander gebiede nie.

Die besluit van 2 November 1950 is geneem om die belange van nie-blanke Unie-studente te beskerm."

Intussen sal die status-quo tot 1953 gehandhaaf word wanneer die Regering die toestand in hersiening sal neem.

Opname deur omgangsinpektors in verband met vertraging in primêre naturelleskole: Februarie 1951

Omgangsinpektors in die Oostelike Provinsie het in Februarie 1951 'n opname in verband met vertraging in die laer klasse van primêre naturelleskole gemaak. Elk van die betrokke inspektors het die rekord van leerlinge by ongeveer tien verteenwoordigende skole in sy omgang ondersoek. Op hierdie wyse is die skoolloopbaan van meer as twintig duisend leerlinge van substanderd A tot by standerd III nagegaan. In Tabelle I tot IV word die gegewens verstrek wat hulle ingedien het.

Vir die doel van hierdie opname is die aantal jare wat die leerling op skool was as maatstaf gebruik om sy vordering te bereken. 'n Leerling wat meer as 'n jaar in 'n besondere standerd deurgebring het, word dus beskou as 'n vertraagde leerling. Leerlinge wat in Februarie 1951 meer as 'n jaar deurgebring het in die standerd waarin hulle op daardie datum ingeskryf was, is dus met 'n jaar vertraag. Leerlinge wie se skoolrekord weens onvolledige gegewens nie nagegaan kon word nie, is buite rekening gelaat.

Opmerkings

Tabel I (Sien Grafiek)

Daar sal opgemerk word dat die persentasie leerlinge wat by substanderd A vir twee jaar, en selfs langer, ingeskrywe staan nog steeds baie hoog is, d.w.s. 41½%; en dat die persentasie leerlinge wat by substanderd B vir drie jaar, en selfs langer, ingeskrywe staan nog erger is, d.w.s. 56.4%. Met ander woorde, die regulasies in verband met bevordering in die substanderds, wat agttien maande tevore ingevoer is, het nog maar 'n geringe uitwerking getoon.

Daar kan aangevoer word dat weens ekonomiese en geografiese faktore die skoolbywoning in die algemeen minder is as die 150 dae wat vir bevordering in die substanderds vereis word, maar die kwartaalstate toon 'n gemiddelde bywoning van 85% aan, wat as 'n redelike bywoning beskou moet word.

Die feit dat 11.5% van die leerlinge in substanderd A en 25.6% van die leerlinge in substanderd B met meer as twee jaar vertraag is, is 'n duidelike bewys dat die regulasies nie nagekom word nie.

Tabel II

Opnames uit die Ciskei en die Transkei is afsonderlik ontleed. Volgens Tabel II is daar weinig verskil tussen die toestande in die Transkei en dié in die Ciskei. Die gelykvormigheid in die onderskeie persentasies staaf die betroubaarheid van die gegewens vir die twee landelike gebiede wat hier vergelyk word.

Tabel III

Volgens hierdie gegewens is die posisie in stedelike gebiede baie meer bevredigend, waar die persentasie van leerlinge wat normale vordering maak feitlik twee maal so hoog is as die persentasie in plattelandse gebiede.

Tabel IV

Die oefenskool waarna in hierdie tabel verwys word, staan onder deskundige beheer, is in uitmuntende klaskamers gehuisves, word goed voorsien van uitrusting en deur 'n voltallige






personeel bedien. Sy vertragsyfers is egter net so onbevredigend as dié van die gewone landelike skool, behalwe in die geval van sy substanderds, waar die persentasies gelykstaan met dié van stedelike skole.

Tabel V

Daar word opgemerk dat die persentasie leerlinge wat vir substanderd A ingeskryf is, sedert Junie 1949, van 34.6% tot 25.7% verminder het. Hierdie vermindering word hoofsaaklik toegeskrywe aan die kwota-regulasies wat in Julie 1949 ingevoer is, waardeur die inskrywing tot 50 leerlinge per leerkrag beperk word en kinders onder ses jaar uitgesluit word.

Tabel VI

Die regulasies wat in Julie 1949 ingevoer is het tot nog toe geen noemenswaardige vermindering in die mediaan-ouderdom van naturelleerlinge in die substanderds teweeggebring nie, en die onnatuurlike gaping tussen die ouderdomme van substanderd A- en substanderd B-leerlinge bly nog voortbestaan.



OPNAME VAN VERTRAGING IN NATURELLESKOLE: FEBRUARIE 1951
PRIMÈRE SKOLE (TRANSKEI EN CISKEI)

TABEL I

VERTRAGING IN PRIMÈRE NATURELLESKOLE IN PLATTELANDSE
GEBIEDE (TRANSKEI EN CISKEI)

	Getal in klas	Getal wat normale vordering maak	Getal vertraag met					
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr.	5 jr.	6 jr.
Sub. A ..	4,658	(2,707)	1,399	353	127	43	16	13
Sub. B ..	3,181	1,388	974	495	202	82	31	9
Std. I ..	2,666	918	839	510	233	115	36	15
Std. II ..	1,800	580	552	333	221	71	33	10
Std. III ..	1,515	403	430	361	194	100	17	10
Totaal ..	13,820	5,996	4,194	2,052	977	411	133	57

PERSENTASIE VERTRAGING

	Getal in klas	Getal wat normale vordering maak	Persentasie vertraag met				
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr. en meer	
Sub. A ..	4,658	(58.1)	30.0	7.5	2.5	1.5	100
Sub. B ..	3,181	43.6	30.6	15.5	6.3	3.8	100
Std. I ..	2,666	34.4	31.4	19.1	8.7	6.2	100
Std. II ..	1,800	32.2	30.7	18.5	12.3	6.3	100
Std. III..	1,515	26.6	28.4	23.8	12.8	8.3	100

TABEL II

PERSENTASIE VERTRAGING IN PRIMÈRE NATURELLESKOLE: DIE SKOLE
VAN DIE TRANSKEI EN DIE CISKEI VERGELYK

	Persentasie wat normale vordering maak	Persentasie vertraag met				
		1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr. enmeer	
Sub. A Transkei	(58)	29	9	4	—	100
Ciskei ..	(58)	32	6	4	—	100
Sub. B Transkei	42	30	16	7	5	100
Ciskei ..	46	31	16	5	2	100
Std. I Transkei	36	29	18	11	6	100
Ciskei ..	32	36	21	5	6	100
Std. II Transkei	32	26	19	15	8	100
Ciskei ..	32	39	18	7	4	100
Std. III Transkei	24	27	26	14	9	100
Ciskei ..	33	30	19	10	8	100

TABEL III
VERTRAGING IN PRIMÊRE NATURELLESKOLE IN STEDELIKE GEBIEDE
(KAAPROVINSIE)

	Getal in klas	Getal wat normale vordering maak	Getal Leerlinge vertraag met					
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr.	5 jr.	6 jr.
Sub A ..	2,582	(1,933)	606	43	—	—	—	—
Sub B ..	1,464	1,117	259	47	28	8	5	—
Std. I ..	1,317	962	254	66	15	10	7	3
Std. II..	1,126	817	227	57	11	10	2	2
Std. III	442	257	95	51	29	7	3	—
Totaal	6,931	5,086	1,441	258	89	35	17	5

PERSENTASIE VERTRAGING

	Getal in klas	Persentasie wat normale vordering maak	Persentasie vertraag met					
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr. en meer		
Sub. A ..	2,582	(74.8)	23.5	1.5	—	—	100	
Sub. B ..	1,464	76.2	17.7	3.2	1.9	1.10	100	
Std. I ..	1,317	73.0	19.3	5.0	1.1	1.6	100	
Std. II ..	1,126	72.5	20.2	5.0	1.0	1.3	100	
Std. III..	442	58.1	21.4	11.5	6.5	2.5	100	

TABEL IV
VERTRAGING BY 'N GROOT OEFENSKOOL IN 'N LANDELIKE GEBIED

	Getal in klas	Getal wat normale vordering maak	Getal vertraag met				
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr.	5 jr.
Sub. A ..	99	(77)	9	4	4	4	1
Sub. B ..	63	40	13	8	2	—	—
Std. I ..	85	30	29	12	10	3	1
Std. II ..	59	19	22	10	4	3	1
Std. III..	36	10	11	5	5	5	—
Totaal	342	176	84	39	25	15	3

PERSENTASIE VERTRAGING

	Getal in klas	Persentasie wat normale vordering maak	Persentasie vertraag met					
			1 jr.	2 jr.	3 jr.	4 jr.	5 jr.	
Sub. A..	99	(77.7)	9.1	4.0	4.0	4.0	1.0	100
Sub. B..	63	63.5	20.6	12.7	3.1	—	—	100
Std. I ..	85	35.3	34.1	14.1	11.7	3.5	1.1	100
Std. II..	59	32.2	37.2	16.9	6.7	5.1	1.6	100
Std. III	36	27.7	30.5	13.9	13.9	13.9	—	100

Getalle in hakies dui nuwe toelatings aan.

TABEL V
PERSENTASIE INSKRYWING VAN LEERLINGE IN NATURELLESKOLE

	Sub. A	Sub. B	Std. I	Std. II	Std. III	Std. IV en hoër
Junie, 1949	34.6	14.8	14.2	10.5	8.8	17
Junie, 1950	26.8	17.5	15.5	11.7	9.6	19
Junie, 1951	25.7	17.5	16.1	11.8	9.9	19

TABEL VI
VERGELYKING VAN GEMIDDELDE OUDERDOM VAN NATURELLE-LEERLINGE
MET DIË VAN KLEURLING- EN BLANKE LEERLINGE

	Naturel			Kleurling	Blanke
	Junie 1949	Junie 1950	Junie 1951	Junie 1951	Junie 1951
	Jaar	Jaar	Jaar	Jaar	Jaar
Sub. A ..	8.81	8.76	8.73	7.63	6.65
Sub. B ..	10.68	10.45	10.40	9.01	7.65
Std. I ..	11.87	11.68	11.58	10.27	8.68
Std. II ..	12.74	12.60	12.57	11.26	9.71
Std. III ..	13.68	13.53	13.43	12.02	10.77

HOOFSTUK VI

GODSDIENSONDERRIG

Ongeveer vyf jaar het nou verloop sedert die uitvaardiging van Ordonnansie nr. 10 van 1945, en dit doen my genoë om te kan rapporteer dat Godsdiensoonderrig nou op 'n hegte grondslag in die meeste blanke, Kleurling- en naturelleskole van enige noemenswaardige grootte en status in the Provinsie geplaas is.

Gedurende die afgelope drie of vier jaar het rondreisende inspekteurs alle skole met 'n inskrywing van 100 plus besoek om individuele hulp te verleen aan leerkragte wat hierdie werk verrig. Terselfdertyd is die behoeftes van die kleiner skole nie uit die oog verloor nie, en in 'n aantal gebiede was dit moontlik om die leerkragte op een of ander sentrale plek te laat vergader om hulp en voorligting te gee.

Alle skole is van landkaarte en boeke voorsien en in baie skole is die personeel versterk deur die aanstelling van jonger leerkragte wat 'n voorsprong op hul voorgangers gehad het deur spesiale voorbereiding gedurende hul tydperk van opleiding vir die onderrig van hierdie vak.

Verder het die aanvanklike gebrek aan geesdrif waarmee die nuwe leerplan ontvang is, geleidelik verdwyn, en leerkragte het in die algemeen tot die besef gekom dat hierdie besondere werk nie bokant hul beroepsvermoë is nie maar in die nouste verband staan met hul roeping as opvoeders. Hierdie verandering van houding openbaar hom in die ruimer aandag wat die vak in die rooster geniet en die toenemende getal leerkragte wat gretig is om aan die werk deel te neem.

Dit gee bevrediging om te kan meld dat sommige van die kerke die departementele leerplan in hul sending- en opleidingskole aanvaar het. Hierdeur word verseker dat 'n aantal nie-blanke leerkragte op die hoogte sal wees van die departementele vereistes vir hierdie vak net soos vir ander vakke. Die medewerking van die verantwoordelike persone word deur my professionele personeel hoog op prys gestel.

Ofskoon ek nie kan verklaar dat moderne aktiwiteitsmetodes so geredelik en algemeen toegepas word as wat dit behoort gedoen te word nie, kan ek u Edelaagbare die versekering gee dat daar in sowel die primêre as die sekondêre skole 'n opvallende verbetering in die onderwysmetodes was, en in hierdie opsig sal die toestand sonder twyfel nog verder verbeter namate groter aandag aan die vak in die opleiding van leerkragte aan ons universiteite en opleidingskolleges bestee word.

Namate leerkragte selfvertroue kry en hul eie metodes ontwikkel, word daar in 'n steeds groter aantal skole in die behoefte voorsien om 'n geografiese, historiese en argeologiese agtergrond vir die Bybel te skep. In hierdie verband dien daar spesiaal melding gemaak te word van die voordeel vir daardie skole wat gebruik maak van die films of filmstrokies oor Godsdiensoonderrig wat onlangs tot die filmbiblioteek van die Unie-departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap bygevoeg is.

Kortom kan ek die versekering gee dat ten spyte van die versuim van sommige skole om hul metodes van onderrig te moderniseer, die Administrasie se beleid getrou uitgevoer word en dat die oorgrote meerderheid van die betrokke leerkragte die belangrikheid van hierdie afdeling van hul werk ten volle besef, en onderrig volgens gesonde en verligte beginsels gee. Met 'n geleidelike toevoer van leerkragte wat in die werk opgelei is, is die toekoms van Godsdiensoonderrig in die skole verseker.

HOOFSTUK VII

RADIO-, FILM- EN MUSEUMDIENSTE

Die Radio

Gedurende die twee jaar 1950/51 is daar voortgegaan met die organisasie van die skoolradiodiens op 'n nasionale grondslag. Die Nasionale Raad insake Skoolradiodiens, waarop die vier Provinsiale Onderwysdepartemente, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en verskillende Onderwysersverenigings verteenwoordig is, doen aanbevelings in verband met die reekse lesse wat in die program opgeneem moet word, en is verantwoordelik vir die beleid wat gevolg moet word. Die Raad vergader vroeg in die jaar sodat die program vir die volgende jaar reeds teen die middel van die voorafgaande jaar in die hande van die leerkragte is om hulle in staat te stel om hul roosters sodanig te reël dat hulle die gepaste radiolesse kan insluit. Die Raad vergader om die beurt in die kantore van die verskillende Onderwysdepartemente.

Daar is gedurende elke volle skoolweek tien lesse uitgesaai. Ses van hierdie lesse was spesiaal vir hoër primêre en twee vir sekondêre leerlinge bedoel. Die orige twee was nuusbesprekings, waarvan een vir primêre en die ander vir sekondêre leerlinge opgestel is. Die lesse het gegaan oor geskiedenis, natuurleer, musiekwaardering, letterkunde, wetenskap en die Skrif. Daar was ook spesiale uitsendings in verband met Uniedag, Welwillendheidsdag, die stigting van die Verenigde Volkere-organisasie, die herdenking van die Afrikaanse Taalbeweging, die Nasionale Spaarsaamheidsorganisasie en die Van Riebeeck-fees wat vroeg in 1952 staan gehou te word.

Die vermeerderde honorarium van £5 per gedramatiseerde en £4 per gewone praatjie (in plaas van £4 en £3 onderskeidelik) het beslis tot die hoë gehalte van die lesse bygedra soos getuig in die verslae wat van leerkragte ontvang is. Aangesien gedramatiseerde lesse baie meer bevredigend is as gewone praatjies, veral vir die jonger leerlinge, word skrywers aangemoedig om dit in hierdie vorm op te stel.

Gedurende 1950 is afsonderlike reekse vir junior en sekondêre leerlinge aangebied. Daar is egter besluit om nie daarmee voort te gaan nie, daar dit beteken het dat daar slegs een les per week vir elke groep was, en aangesien lesse in beide offisiële tale uitgesaai is, kon leerlinge slegs eenkeer om die viertien dae na 'n les uit 'n reeks in dieselfde taal inluister.

Aangesien hierdie diens op 'n nasionale grondslag georganiseer is, word die aantal praatjies in elke reeks noodwendig beperk, daar die skoolkalenders van provinsie tot provinsie verskil. Die lesse kan slegs op die laatste openingsdatum 'n aanvang neem en moet op die vroegste sluitingsdatum afsluit. In 1950 is 'n stelsel van aparte uitsendings vir die verskillende provinsies as 'n proefneming ingevoer, maar moes gestaak word omdat sommige skole naby die grense van een provinsie 'n beter ontvangs van senders in 'n aangrensende provinsie gehad het en dit met die beleid van integrasie van programme, aangeneem deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, gebots het.

Leerkragte wat van die radiolesse gebruik gemaak het, is versoek om verslae in te stuur oor die lesse waarna hul leerlinge gedurende die tweede helfte van die jaar ingeluister het. Hierdie verslae het gegaan oor die ontvangs, die gehalte van die lesse en die indruk wat dit op die leerlinge gemaak het, en het ook kom-

mentaar en wenke bevat. Uit verslae wat uit verskillende dele van die provinsie ontvang is, blyk die volgende:

1. Hoewel 'n groot persentasie skole 'n goeie ontvangs geniet, is daar ander waar die toestande uiters onbevredigend is.
2. Waar die ontvangs goed is, maak die lesse 'n gunstige indruk op sowel leerkragte as leerlinge.
3. Die gedramatiseerde lesse vind oor die algemeen groter byval.

Hoofsaaklik as gevolg van swak ontvangs en die moeilikheid om vir lesse op vasgestelde tye op die rooster voorsiening te maak, kan baie skole nie van hierdie diens gebruik maak nie. Hierdie moeilikhede kan te bowe gekom word deur radiolesse op grammofoonplate vas te lê. Verafgeleë skole, waar die leerlinge miskien die grootste behoefte aan kontak met die buitewêreld het, sal dan die geleentheid kry om gebruik te maak van lesse wat deur deskundiges opgestel is; en andere sal in staat gestel word om die lesse te gebruik op tye wat vir hulle die gerieflikste is.

Die Film

Onderwys deur middel van films, wat reeds baie in die smaak val, wen nog steeds veld in ons skole. Gedurende die twee jaar is daar 242 aansoeke om die aankoop van projektors ontvang. Wat die grootste bevrediging verskaf, is die feit dat meer as die helfte van hierdie aansoeke om strokiesfilmprojektors is. Hierdie tipe projektor, deur middel waarvan 'n reeks prente oor die onderwerp van studie op die doek gegooi word, is 'n uitmuntende hulpmiddel by die onderrig van alle leerlinge. Veral jonger kinders, wat nie veel van die klankrolprent kan verstaan en waardeer nie, vind groot baat by die strokiesfilm.

Alle opleidingskolleges beskik oor projektors en maak gebruik van die filmdienste wat vir onderwysdoeleindes beskikbaar is. In 'n paar van die kolleges is meer as 170 films per jaar bestel vir gebruik in klasse en deur student-onderwysers.

'n Kort kursus in verband met die doeltreffende gebruik van die film as 'n hulpmiddel by die onderwys is op sekere sentrums vir onderwysers en student-onderwysers gehou.

Skoolmuseumdienste

Van die begin van 1950 is aan die leerlinge op Oos-Londen die geleentheid gegee om sommige van hul natuurleerlesse in die museum aldaar te ontvang, soos geruime tyd reeds in Grahamstad, Kaapstad en Port Elizabeth gedoen word.

Kiste met museuminsendings word deur die Kaapstad- en Albanie-museum aan skole gestuur. Die aantal skole wat daarvan gebruik maak, het met 68 tot 363 vermeerder. In sekere gevalle moes die gebruik van hierdie diens weens vervoermoeilikhede gestaak word. Om dieselfde rede kan baie skole nie van hierdie waardevolle diens gebruik maak nie. Die aantal beskikbare museumkiste is ver oor die twee honderd, en meer as tweeduizend word elke jaar uitgestuur en gevolglik ontvang skole gemiddeld ses kiste per jaar.

HOOFSTUK VIII

EKSAMENS EN VAKANSIEKURSUSSE

Besonderhede insake die getal inskrywings vir alle departementele eksamens, die persentasie geslaagdes, die getal kandidate in elke vak en die persentasie verspreiding van die simbole word in byvoegsel W aangegee.

Standaard VI

Vir die standaard VI-eksamen is toetse opgestel, gedruk en aan die omgangsinspekteurs gestuur. Die gebruik van hierdie toetse is nie verpligtend nie, maar alle omgangsinspekteurs het daarvan gebruik gemaak. Die volgende toetse is gedruk:

- (a) Vir standaard VI-leerlinge, naturelle uitgesonderd: Afrikaans, Engels, rekenkunde; en
- (b) Vir standaard VI-naturelleleerlinge: Afrikaans, Engels, rekenkunde, aardrykskunde, geskiedenis, geskiedenis en aardrykskunde (as een vak), gesondheidsleer, Suid-Sotho, Tswana, Xhosa.

Die standaard VI-eksamen vir die leerlinge in die spesiale klasse is intern afgeneem, nadat die toetse deur die inspekteurs van spesiale klasse gemodereer is.

Standaard VI-naturelleleerlinge wat landbou as vak aanbied, moet geskiedenis en aardrykskunde (as een vak) in stede van geskiedenis en aardrykskunde as afsonderlike vakke, neem.

Dit is opmerkenswaardig dat 'n aantal naturelleleerlinge in die noordwestelike distrikte Afrikaans as tweede taal aanbied.

Puntetoekenning-skemas is ook vir die bogenoemde toetse gedruk.

Die eksamens is deur die skole onder toesig van die omgangsinspekteurs afgeneem. Vakke waarvoor toetse nie gedruk is nie, is deur die onderwysers of die omgangsinspekteurs getoets.

In 1950 is eksamen vraestelle vir 34,061 standaard VI-leerlinge aan die omgangsinspekteurs uitgestuur, en in 1951 vir 36,529.

Die Junior Sertifikaat-eksamen (Intern)

In 1950 is 27 hoërskole op sekere voorwaardes vrygestel van die verpligting om hul standaard VIII-leerlinge vir die Departementele Junior Sertifikaat-eksamen in te skrywe. Hierdie getal het in 1951 tot 29 gestyg. Kandidate wat in hierdie eksamen slaag, ontvang die Junior Sertifikaat deur die Departement uitgereik.

In 1950 het 1,946 kandidate vir die interne eksamen ingeskryf; uit hierdie getal het 580 of 30% in die eerste graad geslaag, 1,216 of 63% in die tweede graad en 142 of 7% het gesak. Uit die 2,019 kandidate wat vir die eksamen in 1951 ingeskryf het, het 654 of 33% in die eerste graad geslaag, 1,184 of 59% in die tweede graad en 166 of 8% het gedruip.

Die volgende vergelykende tabel toon die uitslae van die eksamens vir 1949, 1950 en 1951 aan:

Jaar	Getal Vrygestelde Skole	Eerste Graad	Tweede Graad	Druipelinge	Totaal
1949 ..	21	383	791	105	1,279
1950 ..	27	580	1,216	142	1,938
1951 ..	29	654	1,184	166	2,004

Junior Sertifikaat-eksamen (Ekstern)

In 1950 was daar 'n styging in die getal kandidate wat ingeskryf het vir die eksamen wat deur die Departement afgeneem word en in 1951 was daar 'n verdere styging. Terwyl die getal blanke kandidate in 1950 met 205 verminder het, het die getal in 1951 met 163 gestyg. Die getal Kleurling- en naturellekandidate het in 1950 en 1951 gestyg, die Kleurlinge met 202 en 163 en die naturelle met 223 en 99, onderskeidelik.

Die stand van sake blyk uit die volgende opsomming:

Jaar	Blankes	Kleurlinge	Naturelle	Totaal
1949	*6,883	1,316	1,744	9,943
1950	*6,678	1,518	1,967	10,163
1951	*6,841	1,681	2,066	10,588

* Die syfers onder Blankes vir 1949, 1950 en 1951 sluit nie die syfers in wat in die opsomming onder die opskrif Junior Sertifikaat-eksamen (Intern) verskyn nie.

In 1950 het 10,163 kandidate vir die eksamen ingeskryf en uit hierdie getal het 10,007 dit afgelê. In 1951 het 10,588 kandidate vir die eksamen ingeskryf en 10,418 het dit afgelê. Sowel hierdie uitslae as die uitslag van 1949 word in die volgende tabel aangedui:

	1949 Totaal	1950			
		Blankes	Kleurlinge	Naturelle	Totaal
Getal wat die Departementale Junior Sertifikaat-eksamen afgelê het ..	9,794	6,578	1,488	1,941	10,007
Getal wat die interne Junior Sertifikaat-eksamen afgelê het	1,279	1,938	—	—	1,938
Totaal geslaag in die eerste graad	2,232	2,182	76	70	2,328
Persentasie	19	94	3	3	19
Totaal geslaag in die tweede graad	6,533	5,150	818	1,022	6,990
Persentasie	59	74	12	14	59
Totaal druipele	2,308	1,184	594	849	2,627
Persentasie	21	45	23	32	22

	1950 Totaal	1951			
		Blankes	Kleurlinge	Naturelle	Totaal
Getal wat die Departementale Junior Sertifikaat-eksamen afgelê het ..	10,007	6,726	1,655	2,037	10,418
Getal wat die interne Junior Sertifikaat-eksamen afgelê het	1,938	2,004	—	—	2,004
Totaal geslaag in die eerste graad	2,328	2,154	82	75	2,311
Persentasie	19	93	4	3	19
Totaal geslaag in die tweede graad	6,990	5,385	915	1,143	7,443
Persentasie	59	72	12	16	60
Totaal druipele	2,627	1,191	658	819	2,668
Persentasie	22	45	25	30	21

Senior Sertifikaat-eksamen

Die volgende vergelykende tabel toon die getal kandidate aan wat vir die Senior Sertifikaat-eksamen aan die einde van 1949, 1950 en 1951 ingeskrywe het:

Jaar	Blankes	Kleurlinge	Naturelle	Totaal
1949	4,116	200	219	4,535
1950	4,264	263	218	4,745
1951	4,228	323	248	4,799

In 1950 het 4,745 kandidate vir die Senior Sertifikaat-eksamen ingeskrywe en uit hierdie getal het 4,611 die hele eksamen afgelê. In 1951 het 4,799 kandidate vir die eksamen ingeskryf en 4,768 het dit afgelê.

Hieruit blyk dat in 1950 die getal blanke en Kleurlingkandidate wat vir die eksamen ingeskryf het, met 148 en 63 onderskeidelik gestyg het, terwyl die getal naturellekandidate met een gedaal het.

In 1951 het die getal Kleurling- en naturellekandidate wat vir die eksamen ingeskryf het, gestyg; die Kleurlinge met 60 en die naturelle met 30. Die getal blankes het met 36 gedaal.

Die uitslae van die eksamens vir 1949, 1950 en 1951 word in die volgende tabel opgesom:

	1949 Totaal	1950			
		Blankes	Kleurlinge	Naturelle	Totaal
Getal wat die hele eksamen afgelê het	4,509	4,151	258	202	4,611
Getal geslaag in eerste graad	911	861	10	8	879
Persentasie	20	98	1	1	19
Getal geslaag in tweede graad	3,039	2,741	139	109	2,989
Persentasie	67	92	5	3	65
Getal druipele	559	549	109	85	743
Persentasie	12	74	15	11	16
Getal wat Matrikulasievrystelling verwerf het ..	1,920	1,795	50	64	1,909

	1950 Totaal	1951			Totaal
		Blankes	Kleur- linge	Natu- relle	
Getal wat die hele eksamen afgelê het	4,611	4,201	321	246	4,768
Getal geslaag in eerste graad	879	798	11	3	812
Persentasie	19	98	2	—	17
Getal geslaag in tweede graad	2,989	2,799	157	125	3,081
Persentasie	65	91	5	4	65
Getal druipele	743	604	153	118	875
Persentasie	16	69	17	14	18
Getal wat Matrikulasi- vrystelling verwerf het ..	1,909	1,864	45	51	1,960

Onderwyserseksamens

Statistiese besonderhede van die onderwyserseksamens word in byvoegsel W verskaf.

Blankes: Die inskrywing aan opleidingskolleges het in 1951 aanmerklik gestyg, hoewel die styging in 1950 nog maar gering was.

Weens die onvoldoende inskrywing, is die primêre onderwyserskursus te Steynsburg aan die einde van 1950 gestaak.

Die hoër primêre kursus in musiek aan die opleidingskollege wat te Grahamstad in 1948 afgeskaf is, is in 1951 weer ingestel.

Die hoër primêre onderwyserskursus in stofferwerk wat 'n deel van die kursus in kookkuns en huishouding te Grahamstad uitgemaak het, is in 1950 by die naaldwerkkursus ingeskakel, terwyl was-en-stryk wat by die naaldwerkkursus ingesluit was, by die kursus in kookkuns en huishouding ingeskakel is.

'n Hoër primêre kursus in kookkuns, huishouding en was-en-stryk is te Wellington van Januarie 1950 ingestel.

Kleurlinge: Die getal Kleurlingmans wat hulle vir opleiding aangemeld het, het weer die benodigde getal oortref. Daar is 'n geringe styging in die getal vroue wat hulle aanmeld, maar die gewenste syfer is nog nie bereik nie. Weens die onvoldoende inskrywing is die hoër primêre kursus in musiek aan die opleidingskool Battswood te Wynberg en aan die opleidingskool te Uitenhage aan die einde van 1950 afgeskaf.

Naturelle: Van Januarie 1950 is die Junior Sertifikaat of 'n sertifikaat gelykstaande daarmee 'n vereiste vir naturelle-studente om tot die hersiene kursus vir die hoër primêre onderwysersertifikaat vir naturelle toegelaat te word. Hierin word voorsiening vir 'n A-kursus vir vroulike en 'n B-kursus vir manlike studente gemaak.

Die laer primêre kursus vir naturelle-onderwysers wat deur vyf naturelle-opleidingsinrigtings aangebied word, sal geleidelik afgeskaf word.

Weens onvoldoende inskrywing is die spesiale kursus in huisvlyt te Lovedale en die kursus in liggaamlike opvoeding vir vroulike studente te Healdtown aan die einde van 1950 afgeskaf.

Algemeen

In 1950 is 'n belangrike verandering gemaak in die vereistes om in die Senior Sertifikaat-eksamen te slaag: om die sertifikaat te verkry is dit nou 'n vereiste dat die kandidaat in 'n tweede offisiële taal in ten minste die laer graad slaag. In 1950 sou 57 en in 1951 sou 67 kandidate in die Senior Sertifikaat-eksamen geslaag het, as hulle nie in die tweede offisiële taal gedruip het nie.

In 1950 is 'n departementele komitee met mnr. N. E. Lambrechts, hoofinspekteur van skole, as voorsitter aangestel om vir leerlinge wat die primêre kursus voltooi het, 'n driejarige kursus (Junior Sekondêr) en die leerplanne daarvoor op te stel. 'n Volledige opsomming van die werk deur die departementele komitee gedoen, verskyn in hoofstuk XV van die verslag.

'n Kandidaat wat in die Junior Sertifikaat-eksamen geslaag het, maar in een of meer vakke die peil vereis vir 'n bepaalde doel deur die Superintendent-generaal van Onderwys goedgekeur, nie bereik het nie, mag sy eksamenskrifte in die vak of vakke laat herondersoek teen betaling van £2 per vak, mits aansoek om sodanige herondersoek binne drie maande na die bekendmaking van die lys van geslaagdes geskied. In sulke gevalle geskied geen terugbetaling nie.

Die bepaling dat Senior Sertifikaat-kandidate wat in die groototaal en in vier vakke by 'n vorige eksamen geslaag het, die orige vakke by 'n aanvullende eksamen mag afskryf, is uitgebrei sodat kandidate wat in vier vakke geslaag het maar weens siekte of ander onvermydelike omstandighede nie die vereiste minimum groototaal behaal het nie, die eksamen onder sekere voorwaardes kan afskryf.

Die Departementele Eksamenkommissie en die Professionele Eksamenkommissie het elk tweekeer, sowel in 1950 as in 1951 vergader. Hierdie liggame is ten volle bewus van die men guldige vraagstukke wat hulle in die gesig staar en hul bystand word hoog gewaardeer.

Vakansiekursusse

In 1950 is 'n aanvang gemaak met 'n stelsel van opleiding in skoolvoorligting vir uitgesoekte diensdoende sekondêre leerkrigte. Dit omvat 'n reeks van sewe kort kursusse, elk waarvan twee en 'n half dae by elke sentrum sal duur en oor 'n tydperk van drie en 'n half jaar sal strek.

In 1950 is sowel Kursus I as Kursus II by 15 sentrums gehou. Kursus I is eers te Kaapstad aan die einde van Januarie en daarna by 14 ander sentrums gehou en het tot April 1950 geduur. Hierdie kursus is deur 250 leerkrigte bygewoon.

Kursus II wat deur 230 leerkrigte bygewoon is, het te Kaapstad in Mei 1950 begin, is daarna by ander sentrums gehou en is in Augustus 1950 afgesluit.

'n Bykomende kursus in skoolvoorligting is te Stellenbosch van 3 tot 5 Oktober 1950 gehou en deur 25 leerkrigte bygewoon.

'n Konferensie van leerkrigte van spesiale klasse is te Worcester van 22 tot 24 Maart 1950 en te George van 29 tot 31 Maart 1950 gehou, en is onderskeidelik deur 22 en 26 leerkrigte bygewoon.

'n Opfrissingskursus in leesonderrig is deur 50 leerkrigte te Graaff-Reinet van 20 tot 22 Julie 1950 bygewoon.

'n Baie gewilde opfrissingskursus vir landbou-onderwysers is te Stellenbosch van 4 tot 8 Desember 1950 gehou en is goed bygewoon.

In 1951 is die kursusse in skoolvoorligting voortgesit en Kursus III, 'n vakansiekursus in geslagsopvoeding en skoolvoorligting, is te Kaapstad, Oos-Londen en Uitenhage in April, Julie en Oktober onderskeidelik gehou en deur 158 leerkragte bygewoon.

Kursus IV in Beroepsvoorligting wat deur 351 leerkragte bygewoon is, het te Kaapstad in Julie 1951 begin, is daarna by 14 ander sentrums gehou en is in September 1951 afgesluit.

'n Baie goed geslaagde vakansiekursus in handwerk vir blanke leerkragte is te Graaff-Reinet van 25 tot 29 Junie 1951 gehou. Die kursus wat vir leerkragte slegs uit Noord- en Midde-Kaapland bedoel was, is deur 145 van hulle bygewoon. Die konferensiegangers was baie geesdriftig.

Die moderne metodes wat by liggaamlike opvoeding in oorsese skole gebruik word, is aan onderwyseresse op Woensdag 28 Maart 1951 te Kaapstad gedemonstreer. Die opkoms was goed.

'n Baie goed geslaagde vakansiekursus in leesonderrig is te Graaff-Reinet van 16 tot 20 Julie 1951 gehou. Die kursus is goed bygewoon.

'n Kort kursus in geslagsopvoeding is te Kaapstad op 19 en 20 September 1951 gehou. Die kursus was tot mans beperk en is deur 47 onderwysers bygewoon.

'n Groot aantal onderwysers het 'n kursus in liggaamlike opvoeding te Paarl van 10 tot 14 Desember 1951 bygewoon. Opvoedkundige gimnastiek en afrigting in skoolatletiek is behandel.

Graag wil ek my dank en waardering betuig aan die organiseerders van hierdie kursusse en aan die baie gewillige helpers wat ruimskots tot die welslae van hierdie kursusse bygedra het.

HOOFSTUK IX

OPLEIDING EN TOEVOER VAN ONDERWYSERS

I. BLANKE OPLEIDINGSKOLLEGES

Tekort aan Onderwysers

In my jaarverslag vir 1948-49 het ek die mening uitgespreek dat die kans dat die agterstand in onderwysersopleiding binne afsienbare tyd ingehaal sal kan word, nie baie rooskleurig lyk nie, en dat waarskynlik vir geruime tyd nog gebruik gemaak sal moet word van die dienste van afgetrede onderwysers/esse en getroude vrouens. Hoewel daar in 1951 nog sowat 870 getroude vrouens in die diens van die Departement was, d.w.s., in betrekings waarvoor geen gekwalifiseerde onderwysers of ongetroude gekwalifiseerde onderwyseresse gevind kon word nie, stem die huidige stand van sake tog tot 'n mate van optimisme: die getal studente wat toegelaat is tot die aanvangskursusse van die Primêre Onderwysersertifikaat in 1950 toon naamlik 'n aansienlike vermeerdering op dié van 1949, en in 1951 was daar 'n verdere styging in die getal. Die aansoeke om toelating in 1952 wat opleidingskolleges tot dusver ontvang het, laat vermoed dat die vermeerdering waarskynlik gehandhaaf sal word, veral ook met die oog op die moontlikheid van aantrekliker aanvangsalarisse in die nabye toekoms.

Die volgende tabel toon aan hoe die syfers vir 1950 en 1951 vergelyk met dié van vorige jare, en veral met dié van 1943, die laaste jaar waarin die inskrywings vir die verskillende kursusse normaal was:

Jaar (Eerste Kwartaal)	Primêre Onderwysers- Kursus		Hoër Primêre Kursus	Diploma- Kursus	Totaal
	Eerste jaar	Tweede jaar			
1943	456	467	278	—	1,201
1947	365	209	290	17	881
1948	407	339	161	13	920
1949	377	376	193	8	954
1950	454	350	209	18	1,031
1951	492	430	196	10	1,128

Wat die inskrywings vir die verskillende Hoër Primêre en Diploma-kursusse betref, vergelyk die syfers vir 1950 taamlik gunstig met dié van vorige jare; in 1951 was daar egter 'n skerp daling in die inskrywing vir sommige van die kursusse, onder andere Landbou-natuurstudie, Kleinkinderskool en Liggaamlike Opvoeding:

	1946	1947	1948	1949	1950	1951
Landbou-natuurstudie	21	14	8	12	17	9
Handwerk	20	14	13	10	20	22
Musiek	17	18	10	10	10	13
Naaldwerk	16	15	16	12	14	17
Liggaamlike opvoeding	62	51	28	32	33	33
Huisvlyt	26	21	6	13	30	29
Kleinkinderskool	82	65	68	95	78	63
Kuns	11	11	7	7	7	10
Diploma in Liggaamlike opvoeding	17	16	13	7	17	10

Oor die algemeen beskou, lyk die toestand egter nie rooskleurig nie; of die faktore wat ten grondslag lê aan die huidige tekort aan opgeleide leerkragte slegs van tydelike en verbygaande aard is, sal die toekoms nog moet leer.

Tweetaligheidsbevoegdheids van Studente aan die Opleidingskolleges

Hieronder volg 'n tabel wat vir die jare 1943-1951 aandui watter tweetaligheidsbevoegdheids deur studente aan opleidingskolleges behaal is:

Jaar	Geslaag in Primêre Onderwysers-eksamen	Tweetaligheidsbevoegdheids van Geslaagde Kandidate		Slegs Engels of Slegs Afrikaans
		Eerste Graad	Tweede Graad	
1943 ..	440	95 (21%)	290 (66%)	55 (13%)
1944 ..	397	94 (24%)	242 (61%)	61 (15%)
1945 ..	379	86 (23%)	219 (58%)	74 (19%)
1946 ..	343	74 (21%)	207 (61%)	62 (18%)
1947 ..	245	59 (24%)	186 (76%)	Geen*
1948 ..	300	78 (26%)	222 (74%)	Geen
1949 ..	317	64 (20%)	253 (80%)	Geen
1950 ..	309	68 (22%)	241 (78%)	Geen
1951 ..	349	68 (19%)	281 (81%)	Geen

L.W.—By die gegewens vir 1947-1951 is die Rhodesiese studente nie ingesluit nie.

* In my vorige jaarverslag het ek verwys na Ordonnansie No. 18 van 1944 wat bepaal dat geen kandidaat na 'n sekere datum, deur die Administrateur vasgestel te word, in sy onderwyserseksamen kan slaag nie, tensy hy ook in die tweede taal, minstens op die laer graad, slaag. Hierdie bepaling het by die eksamens van 1947 vir die eerste maal van krag geword.

Sluiting van Opleidingskolleges

Aan die einde van 1949 het die opleidingskollege te King William's Town gesluit en aan die einde van 1950 die op Steynsburg. Albei inrigtings het jarelank gekwyn weens gebrek aan ondersteuning, en uiteindelik was die getal studente so klein dat die instandhouding van die twee kolleges nie meer geregverdig was nie.

KLEURLING-OPLEIDINGSINRIGTINGS

In verband met die opleiding van Kleurlingonderwysers is daar veral drie probleme wat my aandag op die oomblik geniet:

- Voorsiening vir kandidate wat hulle aanmeld vir die Gevorderde Kursus vir Primêre Kleurlingonderwysers en wat nie behoorlik deur die Hewat-opleidingskollege, Kaapstad, gehuisves kan word nie;
- die tekort aan onderwyseresse vir die laer standerds van die primêre skool;
- die wenslikheid, al dan nie, van die verhoging van die toelatingstanderd van VIII tot X vir alle manlike kandidate, met die oog op die groot aantal manlike kandidate vir die Primêre Laer Kursus wat iedere jaar afgewys moet word.

Wat (a) hierbo betref het ek besluit om in 1952 'n opleidingsinrigting op Oudtshoorn te stig wat voorsiening sal maak vir die Gevorderde Kursus vir Primêre Kleurlingonderwysers sowel as

vir die Primêre Laer Kursus. Laasgenoemde sal egter beperk word tot vroulike studente.

Die bestaande Kollege is reeds oorvol; moeilikheid word ondervind om die nodige fasiliteite vir praktiese onderwys te voorsien, en dit is onwaarskynlik dat die inrigting in 1952 al die goedgekeurde kandidate sal kan huisves.

Die tekort aan Kleurlingonderwyseresse vir die laer standerds van die primêre skool kan hoofsaaklik aan twee faktore toegeskryf word, waaroor die Onderwysdepartement ongelukkig geen beheer het nie:

- ekonomiese toestande wat dit vir die Kleurlingkind onmoontlik maak om lank op skool te bly (in 1950 was daar 4,826 leerlinge in Standerds VII tot X uit 'n totale inskrywing van 184,175), en
- in stede en groot dorpe waar die Kleurlinge meesal gekonsentreer is, bied fabriek en nywerhede aantreklike werkgeleenthede vir onopgeleide meisies, terwyl die minimum-opleiding om onderwyseres te word vier jaar na Standaard VI in beslag neem.

In 1950 byvoorbeeld was daar 3,030 primêre onderwysers en 1,919 primêre onderwyseresse in die diens van die Departement; as daar van die standpunt uitgegaan word dat in Substanderd A tot Standaard II alleenlik onderwyseresse aangestel behoort te word, dan sou die regte verhouding 1,386 mans en 3,564 vrouens gewees het—ongeveer 1 man vir elke 3 vrouens. Op die oomblik is daar dus sowat 1,650 mans in betrekkings wat deur vrouens bekleed behoort te word. Met die oog op die inskrywing van vroulike studente in die opleidingskole in die afgelope jare bestaan daar ongelukkig geen grond om te verwag dat die posisie binne afsienbare tyd aanmerklik sal verbeter nie; aan die einde van 1951 byvoorbeeld, het die opleidingsinrigtings altesame 157 gekwalifiseerde onderwyseresse en 163 onderwysers gelewer. Hierby kan nog 27 kandidate getel word wat in die Primêre Hoër Kursusse geslaag het—die oorgrote meerderheid is egter mans.

Dit is duidelik dat daar geleidelik 'n gesonder verhouding van vroulike tot manlike leerkragte in die diens geskep sal moet word—moontlik deur middel van ruimer geldelike ondersteuning vir verdienstelike meisies wat in Standaard VIII geslaag het.

In my jaarverslag oor 1947 het ek die hoop uitgespreek dat dit in die nabye toekoms moontlik sou wees om die toelatingsvereiste vir onderwyseropleiding tot die matrikulasie-standaard te verhoog, maar ek het ook daarby gevoeg dat daar met die grootste omsigtigheid te werk gegaan sal moet word om te voorkom dat die onderwysertoevoer nie daardeur ernstig ingekort word nie.

Met die oog op wat ek reeds gesê het in verband met die tekort aan onderwyseresse, en verder met die oog op die geringe aantal meisies wat in die Senior Sertifikaat-eksamen slaag (in 1949 was daar 28 meisies en in 1950 slegs 20), kan daar op die oomblik nie aan gedink word om die toelatingstanderd (VIII) vir meisies te verhoog nie. Die syfers vir mans laat eweneens twyfel aan die uitvoerbaarheid van so 'n stap op die huidige tyd: in 1949 het 113 mans in die Senior Sertifikaat-eksamen geslaag en in 1950 het die getal met slegs 14 vermeerder, naamlik 129.

Die jaarlikse verspilling van leerkragte is ongeveer 450; in die vakatures wat ontstaan, behoort ± 100 mans en ± 350 vrouens aangestel te word, maar vir 'n lang tyd nog sal mans aangestel moet word in betrekkings wat vrouens behoort te bekleed omdat laasgenoemde eenvoudig nie beskikbaar is nie. Onder die omstandighede lyk dit vir my nie of die tyd aangebreek het dat die

toelatingsvereiste vir mans tot die Senior Sertifikaat verhoog kan word nie.

Onderstaande tabel toon aan die inskrywing vir die eerste kwartaal vir die jare 1945 tot 1951 in die verskillende kursusse aan die Kleurling-opleidingsinrigtings.

Kursus	1945	1946	1947	1948	1949	1950	1951
Laer Primêre Sertifikaat vir Kleurlinge (Eerste Jaar) ..	316	313	302	378	387	410	445
Laer Primêre Sertifikaat vir Kleurlinge (Tweede Jaar) ..	299	286	289	287	348	354	360
Gevorderde Primêre Onderwyser-sertifikaat vir Kleurlinge (Eerste Jaar)	49	59	59	58	96	103	118
Gevorderde Primêre Onderwyser-sertifikaat vir Kleurlinge (Tweede Jaar)	25	45	54	57	51	86	87
Hoër Primêre Sertifikaat vir Kleurlinge	51	63	71	47	33	39	37
Totaal ..	740	766	775	827	915	992	1,047

Uit die gegewens blyk dit duidelik dat die globale inskrywing by die inrigtings nie alleen gehandhaaf word nie, maar nog steeds toeneem.

HOOFSTUK X

SKOOLGEBOU

Gedurende die jare wat op 31 Maart 1950 en 31 Maart 1951 geëindig het, het die totale bedrag van kapitaaluitgawe aan skoolgeboue onderskeidelik op £853,069 13s. 4d. en £887,617 12s. 4d. te staan gekom, in vergelyking met 'n bedrag van £725,561 13s. 3d. vir die jaar wat op 31 Maart 1949 geëindig het.

In ooreenstemming met die gebruik in vorige jare, word besonderhede aangaande kapitaaluitgawe sedert 1913-14 en van die rente- en delgingskoste gedurende die afgelope ses jaar hieronder verstrek.

'n Lys van nuwe geboue, uitbreidings, grondtoekennings en aankoop van persele verskyn in bylaes B, C, D, E, F, en G.

KAPITAALUITGAWE AAN SKOOLGEBOU SEDERT 1913-1914

	£	s.	d.
1913-14	205,711	12	5
1914-15	189,273	9	0
1915-16	110,806	0	10
1916-17	205,095	0	0
1917-18	236,483	0	0
1918-19	213,809	5	1
1919-20	182,503	0	0
1920-21	236,053	1	3
1921-22	161,493	11	10
1922-23	104,993	7	4
1923-24	104,551	4	2
1924-25	137,412	8	1
1925-26	178,316	5	5
1926-27	150,003	17	6
1927-28	183,645	4	10
1928-29	176,360	2	4
1929-30	215,866	13	3
1930-31	168,188	12	7
1931-32	222,192	19	10
1932-33	77,180	12	2
1933-34	56,897	13	3
1934-35	101,861	15	7
1935-36	148,997	5	3
1936-37	208,850	1	6
1937-38	200,212	2	8
1938-39	200,879	17	2
1939-40	230,805	12	4
1940-41	283,707	11	8
1941-42	164,443	19	5
1942-43	291,180	1	0
1943-44	127,234	8	4
1944-45	179,978	7	2
1945-46	278,110	19	8
1946-47	475,923	13	2
1947-48	626,820	1	5
1948-49	725,561	13	3
1949-50	853,069	13	4
1950-51	887,617	12	4
	<u>£9,502,091</u>	<u>16</u>	<u>5</u>

RENTE EN AFLOSSING OP VOORSKOTTE VAN DIE UNIEREGERING VIR
SKOOLGEBOU

Uitgawe vir—	£	s.	d.
1945-46	262,423	18	10
1946-47	271,934	9	6
1947-48	288,663	6	7
1948-49	314,563	7	8
1949-50	344,376	14	8
1950-51	376,520	0	0

Daar is voortdurend moeilikhede ondervind om voorsiening te maak vir voldoende skool- en koshuis-akkommodasie, en ofskoon 'n mate van verligting verskaf is deur 'n aantal opslaanklaskamers op te rig, was daar nog 'n dringende behoefte aan skool- en koshuis-akkommodasie op baie plekke. Uit die voorafgaande syfers ten opsigte van kapitaaluitgawe sal daar opgemerk word dat daar gedurende die boekjaar 1950-51 'n bedrag van £887,617 12s. 4d. aan skoolgeboue bestee is en dat hierdie syfer die hoogste aanslag is wat vir enige boekjaar aangeteken is.

HOOFSTUK XI

SKOOLLOSIESHUISE

Administrasie

Gedurende 1951 is die amp van Kontroleur van Onderwysfinansies en die Finansiedepartement kragtens artikel 2 van Ordonnansie nr. 9 van 1951 afgeskaf en het die pligte en funksies in verband met losieshuisse op die Superintendent-generaal van Onderwys oorgegaan.

Die bepalings van die wet met betrekking tot losieshuisse is egter nie verander nie en die personeel wat sulke losieshuisse bestuur het terwyl dit onder beheer van die Kontroleur van Onderwysfinansies was, is aan die Departement oorgedra.

Inspeksie

'n Addisionele inspekteur van skoollosieshuisse is met ingang 1 April 1950 aangestel. Daar is dus tans drie inspekteurs en gevolglik is die Provinsie in drie omgange verdeel, met die gevolg dat dit nou moontlik is om elke skoollosieshuis ten minste eenmaal per jaar te inspekteer.

Dieëtkundiges inspekteer ook skoollosieshuisse om matrones van raad te dien oor voeding en koshuisbestuur. Een van die dieëtkundiges het die diens verlaat en my Departement het nog nie daarin geslaag om die dienste van 'n bekwame opvolgster te bekom nie.

Wanneer hulle die skole besoek, inspekteer die mediese inspekteurs ook die gesondheidstoestande by skoollosieshuisse. Hierdie amptenare rapporteer dat die heersende toestande in hierdie inrigtings in die algemeen baie bevredigend is en dat die bestuurskomitees en die personeel hartlik saamwerk in 'n poging om vir die kosgangers alle moontlike geriewe in die plek van die ouerhuis te verkry.

Akkommodasie

Dit verheug my om te kan konstateer dat daar merkwaardige vooruitgang gemaak is in die verskaffing van toereikender akkommodasie vir kinders wat verplig is om te loseer ten einde skool by te woon. Die voorgestelde inskakeling van standerd VI by die hoër skool het in die besonder 'n groter behoefte aan meer koshuis-akkommodasie laat ontstaan. Ontoereikende en verouderde geboue is en word vervang, 'n aansienlike aantal nuwe geboue en uitbreidings aan bestaande geboue is reeds betrek, sommige is in aanbou en planne en spesifikasies vir verskeie ander geboue het 'n gevorderde stadium bereik. Die plaaslike onderwysowerhede het tot die besef gekom dat 'n koshuisgebou met sy meubels en uitrusting die voorkoms van 'n onderwysinrigting behoort te hê. Die aantal hoër skole in plattelandse dorpe wat nie deur koshuise bedien word nie is op die oomblik betreklik klein. Die voorgestelde inskakeling van standerd VI by die hoër skool het egter 'n groter behoefte aan meer koshuisakkommodasie laat ontstaan.

Boukoste is buitengewoon hoog. Sommige van die geboue word deur die Administrasie opgerig, terwyl ander deur plaaslike liggame opgerig word deur middel van lenings wat hulle van die Administrasie of uit private bronne verkry. In laasgenoemde gevalle betaal die Administrasie gewoonlik 'n huursom tot dekking van rente, delging en onderhoudskoste.

Losiesbeurse

In die dunbevolkte distrikte van die Provinsie, waar onderwysgeleenthede nie binne redelike afstand van die huis beskikbaar is nie, het dit vir die Administrasie nodig geword om 'n aansienlike som in die vorm van losiesbeurse vir behoeftige kinders opsy te sit.

In hierdie verband is die volgende bedrae gedurende die boekjaar wat op 31 Maart 1952 geëindig het, uitbetaal:

(a) Sekondêre losiesbeurse	£81,482
(b) Hoofdelike toelaes	£227,963
(c) Onderhoudstoelaes	£40,732

Totaal ... £350,177

Die bogenoemde totale uitgawe is 'n vermeerdering van £18,653 op dié van die voorafgaande boekjaar.

Die bedrae onder (c) is hoofsaaklik uitbetaal aan private individue vir losies verskaf aan behoeftige kinders in plattelandse skole en vir die losies van 'n klein groepie leerlinge wat in erkende skoollosieshuise gehuisves is.

Statistiek

In die onderstaande statistiek word die aantal kolleges en skole en die getal kosgangers in daardie skole verstrek:

	1930		1951	
	Kolleges en Skole	Kosgangers	Kolleges en Skole	Kosgangers
Opleidingskolleges	12	406	7	949
Hoër Skole	124	7,190	184	16,070
Sekondêre Skole	79	3,255	57	2,940
Primêre, Plaas-, Ondersteunde en Spesiale Skole	2,179	6,368	1,003	4,869
Totaal	2,394	17,219	1,251	24,828

Uit die totale inskrywing van 142,967 en 171,326 vir 1930 en 1951 aan die bogenoemde inrigtings, is die persentasie kosgangers onderskeidelik ongeveer 12 en 14.5 persent.

Algemeen

Aan die plaaslike bestuurskomitees wil ek graag my innige dank en waardering betuig vir hul bereidwilligheid en opoffering in die bevordering van hierdie vertakking van die onderwys en aan die lede van die koshuispersoneel wat, *in loco parentis*, hierdie belangrike en veeleisende werk nie alleen in belang van die liggaamlike welsyn van die kinders verrig nie, maar ook in die bevordering van hul geestelike en kulturele ontwikkeling.

HOOFSTUK XII

FINANSIES

Gedurende die boekjare wat op 31 Maart 1950 en 31 Maart 1951 geëindig het, het die uitgawe aan onderwysdienste met uitsluiting van rente- en delgingskoste, onderskeidelik £11,770,955 en £12,294,625 bedra. Besonderhede van die uitgawe onder die vernaamste hoofde word hieronder verstrek, met 'n vergelyking van die uitgawe gedurende 1948-1949.

	1950-51	1949-50	1948-49
	£	£	£
A. Administrasie	69,069	76,145	72,835
B. Skoolrade en Skoolkommissies	128,902	119,376	113,602
C. Skoolinspeksie	62,970	66,260	61,699
D. Mediese Inspeksie	50,665	54,923	48,400
<i>Blanke Onderwys</i>			
E. Opleiding van Onderwysers ..	194,522	179,086	177,189
F. Sekondêre Onderwys	507,756	501,213	480,665
G. Primêre Onderwys	2,804,507	2,704,934	2,563,775
H. Gesamentlike Primêre en Sekondêre Onderwys	2,616,481	2,546,278	2,378,274
J. Kleurling-onderwys	3,011,044	2,809,093	2,505,426
K. Naturelle-onderwys	1,993,254	1,946,618	1,714,502
L. Algemeen			
<i>Blankes</i>	511,468	497,580	539,782
<i>Kleurlinge</i>	128,258	116,216	155,110
M. Kleinere Werke	169,140	104,811	66,166
N. Landbou-onderwys	46,589	48,422	43,811
	£12,294,625	£11,770,955	£10,921,236

Vir sover dit die boekjare 1949-1950 en 1950-51 betref, het die vermeerderings in werklike uitgawe oor die vorige jare onderskeidelik op £849,719 en £523,670 te staan gekom. Hierdie vermeerderings is hoofsaaklik toe te skryf aan jaarlikse skaalverhogings; vermeerderde duurtetoelaes; verskaffing van opslaanklaskamers (waarvan die koste teen die sub-pos kleinere werke in rekening gebring word en nie teen leningsfondse soos in die geval van vaste geboue nie) waar klaskamerruimte dringend nodig was; die uitvoering van agterstallige bestellings vir meublement en uitrusting deur kontrakteurs wat in staat was om produksie aanmerklik op te stoot omdat materiaal beskikbaar geword het; die verhoogde huurtoelaes betaalbaar aan sendingowerhede as gevolg van die aanneming van Ordonnansie nr. 31 van 1948, vergoeding vir geld verloor deur sektariese Kleurlingskole ten opsigte van onderrig bo standaard VI as gevolg van die invoering van gratis onderwys tot by standaard X of tot by die ouderdom van negentien jaar plus.

Daar was ook 'n vermeerdering in die £-vir-£-bydrae deur die Administrasie tot die Pensioenfonds ten opsigte van blanke en Kleurling-leerkragte, wat gespruit het uit die verhoogde skaal van bydraes deur leerkragte, naamlik van ses persent tot sewe en 'n half persent van 1 April 1949. Die vermeerdering in 1949-50 word egter meer as vergoed deur die besparing op die addisionele bydraes wat vroeër deur die Provinsie kragtens

artikel 10 van Ordonnansie nr. 9 van 1931, soos gewysig, en artikel 24 van Ordonnansie nr. 23 van 1934, soos gewysig, in die fonds gestort is.

Die vermeerderde uitgawe het die volgende vermeerdering in die koste per leerling ten gevolge gehad:

BRUTO-KOSTE PER LEERLING

Jaar	Blankes		Kleurlinge		Naturelle	
	In-skrywing	By-woning	In-skrywing	By-woning	In-skrywing	By-woning
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
1948-49	39 9 1	42 6 8	15 7 6	17 12 1	5 17 9	6 18 3
1949-50	40 17 5	43 13 2	16 6 4	18 9 4	6 13 0	7 16 11
1950-51	41 9 6	44 6 1	16 19 5	19 4 9	6 16 0	7 19 7

NETTO-KOSTE PER LEERLING

	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
1948-49	37 19 1	40 14 6	15 4 0	17 8 1	5 16 4	6 16 8
1949-50	39 12 11	42 7 0	16 2 11	18 5 6	6 11 5	7 15 1
1950-51	40 2 2	42 16 11	16 15 9	19 0 8	6 14 3	7 17 6

Inkomste

Netto-inkomste gein uit onderwysbronne was as volg:

	1950-51	1949-50	1948-49
	£	£	£
Skoolgelde	108,415	101,053	147,262
Losiesgelde	212,142	197,397	180,679
Verkoopbare Benodigdhede ..	98,275	75,564	71,403
Eksamengelde	22,478	21,847	22,645
Huurgeld	27,520	24,495	24,315
Landbouskole	16,212	13,454	12,992
Diverse Onderwysontvangste ..	12,261	14,036	11,564
Toelae van Unieregering vir Naturelle-onderwys	1,993,255	1,964,012	1,732,099
	<u>£2,490,558</u>	<u>£2,411,858</u>	<u>£2,202,959</u>

Die vermindering in die inkomste uit skoolgelde gedurende 1949-50 is die gevolg van die invoering van 1 Oktober 1948 van gratis onderwys tot by stander X of tot op die ouderdom van negentien jaar plus. Die vermeerdering gedurende 1950-51 is toe te skryf aan die groter inskrywing in skole wat skoolgeld betaal en die vermeerdering in skoolgelde by hierdie skole. Die verhoging ten opsigte van losiesgeide is te wyte aan 'n vermeerdering in die getal loseerders in skool- en opleidingskollege-koshuise sowel as aan 'n vermeerdering in die losiesgelde by 'n aantal van hierdie inrigtings. Die addisionele inkomste ontvang van verkoopbare benodigdhede is toe te skryf aan die vermeerdering van leerlinge en aan die hoër pryse van oefening- en handboeke, ens. Daar is meer inkomste aan huurgeld ontvang wat hoofsaaklik te danke is aan die groter aantal geboue waarvoor hoër huurgeld ontvang is. As gevolg van die verkoop van landbou-

produkte teen hoër pryse was daar 'n vermeerdering in die inkomste van landbouskole.

Die toelaag van die Unieregering vir naturelle-onderwys beteken 'n terugbetaling van die uitgawe wat gedurende die boekjaar aangegaan is.

Rente en Delging

Rente- en delgingskoste op lenings aangegaan vir die oprigting van skool- en koshuisgeboue het van £314,563 gedurende 1948-49 tot £344,377 gedurende 1949-50 en tot £376,520 gedurende 1950-51 gestyg. Laasgenoemde bedrag is die hoogste wat in enige boekjaar aangeteken is, 'n feit wat nie alleen aan hoër boukoste nie, maar ook aan 'n toename in die bouvak toegeskryf kan word.

LIGGAAMLIKE OPVOEDING

Byna twintig jaar het verloop sedert 'n besoek aan die buitenland my oortuig het van die noodsaaklikheid om liggaamlike opvoeding 'n integrerende deel van die onderwysstelsel van Kaapland te maak. Ongelukkig is daar tussen daardie tydperk en vandag in sekere opsigte 'n mate van ooreenkoms wat dit ewe noodsaaklik maak om met 'n tweede stadium in die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding te begin. Twintig jaar gelede was die wêreld besorg oor die internasionale toestand. Liggaamlike opvoeding was nog altyd van lewensbelang vir nasionale veiligheid, en dit het in ons tyd van nog groter belang geword. Op opvoedkundige gebied word die noodsaaklikheid van liggaamlike opvoeding al hoe duideliker, na gelang meer en meer mense hulle in die stede metterwoon vestig en die boerdery meer gemeganiseer word. Liggaamlike opvoeding het te doen met „beheer oor die hele meganisme van (liggaamlike) beweging”, en hierdie beheer kan verlore raak, as liggaamlike volwaardigheid terwille van die masjien en ongeskoolde arbeid prysgegee word. Die opvoedkundige belangrikheid van die vak word deur die De Villiers-Kommissie erken waar hy sy instemming betuig met die bewering van M. L. Jacks in „Total Education” dat „die skool bo alles 'n gesondheidsentrum sal wees waar die onverdeelbare liggaamlike, verstandelike, en geestelike gesondheid as een bedrywigheid bevorder kan word”.

Voordat liggaamlike opvoeding as 'n verpligte vak in ons skole ingevoer is, sou dit billik gewees het om die algemene stelling te maak dat die seun en, in mindere mate, die dogter wat aanleg vir spele gehad het, daardie aanleg kon ontwikkel as die skool wat die leerling bygewoon het, toevallig oor die fasiliteite beskik het. As gevolg van die invoering van verpligte liggaamlike opvoeding het die bedrywigheide wat onder die benaming „liggaamlike opvoeding” gegroepeer word, in omvang en verskeidenheid toegeneem en word veel meer geleentheid aan die deursneeleerling gegee om sy aanleg vir sport te ontwikkel onder die leiding van leerkragte met spesiale opleiding in hierdie vertakking van die vak.

By die begin is daar op liggaamlike opvoeding besuinig, is daar liever die volste gebruik van bestaande fasiliteite gemaak as om fasiliteite op groot skaal te verskaf waar dit nie beskikbaar was nie en, om kort te gaan, is 'n aansienlike resultaat teen betreklik geringe koste behaal. By die tweede stadium behoort die reg van elke kind op fasiliteite vir liggaamlike opvoeding in die wydste sin erken te word. Groot groepe kinders kan basiese liggaamlike bedrewenheid op die goedkoopste en mees doeltreffende wyse deur middel van „liggaamlike opleiding” en „opvoedkundige gimnastiek” verwerf. Dit is egter 'n groot-skeepse onderneming om by alle groot skole toereikende fasiliteite vir en behoorlike afrigting in voetbal, atletiek, krieket, tennis, hokkie, watersport en die menigte ander goeie speltjies te verskaf. Dit behoort meer algemeen deur die gemeenskap as geheel besef te word dat „liggaamlike opvoeding” 'n belangrike groep vakke omvat, elkeen met baie onderafdelings, en dat dit nie slegs een vak onder die baie ander vakke is nie. Eers dan kan dit aangeneem word dat liggaamlike opvoeding in 'n onderwysstelsel op bevredigende voet geplaas is wanneer 'n afdoende oplossing vir die volgende drie vraagstukke gevind is: die opleiding van genoeg spesialis-onderwysers, die voorsiening van toereikende fasiliteite, insluitende apparaat en uitrusting, en die toewysing van genoegsame skooltyd vir die groep vakke.

Die Opleiding van Onderwysers—Hierdie moeilike vraagstuk is in groot mate opgelos deur die insuelling van de arteme e vir die opleiding van spesialis-onderwysers aan baie universiteite en opleidingskolleges dwarsdeur die Unie. Sedert die instelling van die eerste kursus vir spesialis-onderwysers in die Unie aan die Kaapstadse opleidingskollege in 1921, het driehonderd vier-en-veertig onderwyseresse by hierdie inrigting die kursusse vir spesialiste in liggaamsopvoeding met welsae voltooi, terwyl vyf-en-dertig van hulle die vierjarige Diolo ak kursusse voltooi. Daarbenewens het honderd vyf-en-veertig onderwyseresse sedert 1940 die kursus aan die Graaff-Reinetse Opleidingskollege met welsae geloop.

Sedert die instelling van die eerste kursus vir spesialis-onderwysers aan die Paarlse Opleidingskollege in 1936, het vierhonderd ses-en-veertig onderwysers by hierdie inrigting die kursusse vir spesialiste in liggaamsopvoeding met goeie gevolg voltooi, terwyl vyf-en-veertig van hulle die vierjarige Diplomakursus geloop het.

Die liggaamlike opvoeding van die kind is eers uit die anatomiese gesigspunt benader, maar toe die belangrikheid van die lewende, werkende liggaam erken is, is dit ook uit die fisiologiese standpunt gedoen. Noudat die sielkundige gesigspunt ook bygekome het, sal dit besef word dat die verstandelike ontwikkeling van die skrandere liggaamlike opleidingsonderwyser op sy mense met dié van die onderwysers van enige ander vak vergelykbaar moet wees. Die roetinepligte verbonde aan die voorbereiding en die verslag doen van lesse en werkskemas druk hier ewe swaar as in enige ander vertakking van die onderwys. Die liggaamlike opleidingsonderwyser behoort ook in 'n ander opsig 'n verpligte pligsgevoel aan die dag te lê. Hy is aan die geurige versoeking blootgestel om die begaafde groepe leerlinge in enige sport uit te soek en dan opsigbare resultate te behaal deur die meeste aandag aan hulle afrigting te bestee. 'n Soortgelyke versoeking staan hom voor die deur om hom persoonlik slegs op een sportsoort toe te lê, terwille van die roem wat hom te beurt mag val. Die pligsgetroue onderwyser weerstaan albei versoekings en verkies 'n billike verdeling van sy kragte tussen die begaafde en minder begaafde leerlinge en tussen die menigvuldige vertakkinge van sport. Dit is nogal interessant om op te merk hoedat Suid-Afrikaanse sport as geheel voor dieselfde vraag te staan kom, naamlik: behoort daar hoofsaaklik op die een sportsoort waarin Suid-Afrika uitblink, toegespits te word, of is die erkende meerderwaardigheid in rugbyvoetbal 'n sporslag om na dieselfde roem in ander sportsoorte te streef? Terwile van die groot aantal skoolseuns wat dit aan die nodige liggaamsbou vir rugby ontbreek maar nie aan begaafdheid vir ander sport nie, is dit te hope dat die moeiliker maar sielkundig ryper oorwoë oplossing gekies sal word.

Fasiliteite, Apparaat en Toerusting—Dit is op hierdie gebied waar die onderwysers in liggaamlike opleiding gedurig gewarskoem word en die verspilling van die kragte van opgeleide leerkragte plaasvind. In 'n onlangs gepubliseerde verslag probeer die Skoolse Onderwysdepartement om die vraagstuk met die volgende stelling van die baan te skuiwe: „Dit is hopeloos om te wag tot dat alles in 'n gimnasium gedoen kan word. Dit sal miskien die klaskamer of die speelterrein of enige hoekie oop ruimte moet wees, al na gelang weerstoestande en omstandighede dit moontlik maak.”

Hoe waar dit van die Skotse toestand mag wees, 'n bietjie praktiese ondervinding van wat bogenoemde verklaaring in die werklikheid onder Kaaplansse toestande beteken, dwing ons om tot die gevolgtrekking dat dit beswaarlik toepaslik is. Die getal gimnasiums tel nie meer as twaalf nie. Liggaamlike opvoeding kan nie „in 'n klaskamer” geskied sonder dat die klaskamer geskend, die leerlinge in gevaar gestel en afbreuk aan die vak gaeen word nie. „'n Speelterrein of enige hoekie oop ruimte” sou waarskynlik rou karoogronde, sonder gras of 'n veilige blad,

maar vol klippe en dorings wees. „Die weer” bied ons ’n keuse tussen ’n oormaat van sonlig of bytende koue in die Karoo en die suidoostewind en sand in teenstelling met bergreëns in die Winterreënstreek. Ten slotte, as daar nie ’n vaste lesuur op die rooster vir die vak ingeruim is nie, sal „omstandighede” maar selde toelaat dat onderrig ooit daarin gegee word.

Vir liggaamlike opleiding is ’n doelmatige plankvloer onontbeerlik en diegene wat dit het, is inderdaad gelukkig. As ’n skool in die ware sin van die woord ’n skool sal wees, en nie slegs ’n klomp klaskamers nie, behoort dit buitendien oor ’n saal te beskik wat vir die veelvuldige en uiters belangrike gemeenskaplike bedrywighede soos sang en musiekwaardering, konserte en toneelopvoerings, radio- en filmonderwys, lesings van opvoedkundige aard of oor beroepsvoorligting, godsdiensoefeninge en stelselmatige liggaamsopvoeding kan dien.

Dit is ongelukkig dat daar sedert die jongste wêreldoorlog geen verdere gimnastieksale en swembaddens verskaf is nie.

Daarom is ek innig dankbaar dat die voorgeslagte so rojaal was met die skenking van sale aan ons ouer groot skole. Meer as driekwart van die 345 hoër, sekondêre en primêre skole met ’n inskrywing bo 200 beskik oor skoolsale. (Hoewel primêre skole met ’n inskrywing benede 200 die ander soorte skole in getal oortref, bevat hulle die meerderheid van die skoolbevolking).

Om voldoende gimnastiekfasiliteite aan die 345 groter skole te verskaf, is twee-en-tagtig gimnastieksale nodig wat ook vir algemene doeleindes geskik is. Die skole in die Winterreënstreek ly die meeste onder die gebrek aan sale, en 23 van die 82 benodigde sale val onder die skoolrade van Kaapstad en Parow.

Met die oog op die somerhitte lê dit voor die hand dat watersport deur Suid-Afrikaanse skole in die somer beoefen sal word. Die toenemende besef van die lengte van die Unie se kuslyn verhoog die noodsaaklikheid om so spoedig moontlik die groot aantal skemas vir skoolswembaddens wat in die afgelope twaalf jaar agterweë gehou is, uit te voer. Solank as dit van seuns na hul skooljare verwag word om skepe en vliegtuie oor die see te hanteer, is dit ons dure plig om doeltreffende onderrig in swem en reddingswerk te verskaf, voordat dit te laat word om hierdie tegnieke aan te leer. Om in geval van nood te kan swem, mag heel moontlik die nuttigste bedrewenheid wees wat buitemuurs deur ’n skool by sy leerlinge aangebring is.

As gedwonge alternatief van watersport wat die vernaamste middel van liggaamlike opvoeding in die somer is, dien atletiek en op hierdie gebied is daar vooruitgang. ’n Paar uitstekende atletiekbane is deur gesamentlike optrede by sentrums aangelê wat ’n groot getal naburige skole bedien.

Dit is interessant om op te merk hoe krieket geleidelik al meer deur die provinsiale skole, selfs op ’n afstand van die kus, gespeel word. In die gebied van Kaapstad het die groot totaal skoolkrieketspanne wat in die Nuffield-wedstryde meeding, op 111 te staan gekom, nadat die primêre skool Groote Schuur op Rondebosch ingeskryf het.

Omdat tennis miskien sonder gegronde redes as ’n spel vir die enkeling beskou word, neem dit nog nie na verdienste sy plek as ’n skoolspel in nie. Tennisspelers kan die spel tot op ’n hoë leeftyd beoefen, en meer spelers neem aktief daaraan deel as aan enige ander sportsoort. Krieket is tydrowend, die nodige ruimte en die uitrusting is duur, en dit is op verre na nie so gewild soos tennis as ’n na-skoolse bedrywigheid nie. Min skole het krieketbane, maar byna almal, met inbegrip van die kleinere skooltjies, het ten minste één baan wat vir tennis en netbal volgens die behoeftes van die seisoen gebruik word. Die moeilikheid is die koste verbonde aan die verskaffing van rakette en balle, en ’n oplossing van die vraagstuk lê nie voor die hand nie.

Rugbyvoetbal is natuurlik die vernaamste winterspel van Kaapland en baie min skole het nie die gebruik van ’n veld nie. Neëntig persent van die skole is egter vir die gebruik van ’n veld afhanklik van die goedgehartigheid van die plaaslike rugbyklub. Die prys wat soms vir hierdie voorreg betaal word, naamlik dat skoolseuns aan senior wedstryde moet deelneem, is in baie gevalle te hoog.

Maar nog baie min skole bied hokkie aan as ’n winterspel vir seuns en meisies. Tot tyd en wyl dit moontlik is om velde van ’n baie goeie blad te voorsien ten einde die gevaar vir die spelers so ver as moontlik uit te skakel, is dit gerade om die spel tot skole in besit van geskikte velde te beperk.

Kenmerkend van die speletjies is hulle groot verskeidenheid. Hulle besondere bekoring vir leerlinge is daarin geleë dat, in vergelyking met die spele, hulle min ruimte nodig het, gou aangeleer en dan met genot gespeel kan word.

Toewysig van Tyd—Die besondere groot waarde wat alle geneeskundige en gimnastiek-deskundiges aan ’n daaglikse lesuur vir liggaamsoefening heg, word deur die Skotse Onderwysdepartement onderskryf. Die meeste primêre skole in Kaapland wy twee weeklikse lesure van ’n halfuur elk aan liggaamlike oefening of gimnastiek. Sommige primêre skole staan drie sodanige lesure af. Dat te min tyd aan buitemuurse sport, veral aan speletjies vir die jonger kinders, gewy word, is die tekortkoming waaraan liggaamlike opvoeding in die primêre skole ly. Daar is egter baie lofwaardige en merkwaardige uitsonderings. Hierdie toestand druis teen alle verwagting in omdat dit allerweë aangeneem word dat die hele kind opgevoed behoort te word. Daarenteen is hoër en sekondêre skole minder gewillig om tyd vir liggaamlike opvoeding op die skoolrooster opsy te sit omdat hulle te veel waarde aan eksamenuitslae heg. Op hul buitemuurse sport word egter meer nadruk gelê. Liggaamlike opvoeding in die hoër en sekondêre skole skiet hierin te kort dat, op sy meeste, vyftig persent van die leerlinge aan stelselmatige sport dwarsdeur die jaar deelneem en dat in die meeste gevalle te min tyd aan binnemuurse liggaamlike opvoeding bestee word. Daar mag ’n paar skole wees waar dit toegelaat word dat sport, of liever geklets oor sports, te veel tyd in beslag neem, maar oor die algemeen is dit nader aan die waarheid dat te veel leerlinge die skool verlaat sonder genoegsame bedrewenheid in sport om liggaamlike volwaardigheid, afleiding en genot te besorg. Die tyd van vertrek van die skoolbus dien te dikwels as verskoning om buitemuurse skoolsport te versuim.

In die verre toekoms mag ’n oplossing gesoek word volgens die beginsel dat alle buitemuurse bedrywighede by die skooldag ingesluit moet word en dat een of ander sportsoort verpligtend gemaak moet word vir alle leerlinge wat nie om gesondheidsredes uitgesluit is nie.

Die „nuwe benadering” van die gimnastiekonderwys wat oorsee ontstaan het as ’n reaksie teen oorlogsorganisasie is in Maart 1951 op ’n verteenwoordigende vergadering van onderwyseresse in liggaamlike opvoeding by die Kaapstadse Opleidingskollege behandel. ’n Vyfdaagse oprissingskursus is vir dieselfde doel deur dertig onderwysers in liggaamlikeopvoeding aan die Paarlse Opleidingskollege in Desember 1951 bygewoon. Hierdie kursus het ook afrigting in atletiek en in verband daarmee die jongste oorsese tegniek, veral dié van Dyson en Chapman, ingesluit.

Liggaamlike opvoeding vir Nie-blankes—Sedert 1938 het honderd vyf-en-sewentig Kleurlingonderwysers die kursus in liggaamlike opvoeding aan die Opleidingskool Wesley op Sout-rivier voltooi en sedert 1948 het vyftien Kleurlingonderwyseresse dit aan die Opleidingskool Zonnebloem gedoen.

Sedert 1943 het nege-en-negentig naturelle-onderwysers en sewentien onderwyseresse die kursusse in liggaamlike opvoeding aan die Opleidingsinrigting vir naturelle op Healdtown voltooi.

NUWE KURSUS VIR PRIMÈRE BLANKE EN
KLEURLINGSKOLE

In 1947 het ek 'n departementele komitee bestaande uit skoolinspekteurs aangestel om die „Kursus vir Primêre Skole” wat sedert 1937 in werking was, te hersien. Op my versoek het die Komitee in die eerste plek sy aandag by die rekenkunde-leerplan bepaal, omdat die Kommissie van „Onderzoek na die Onderwys van Rekenkunde in Primêre en Sekondêre Skole” pas sy verslag gepubliseer het. Onder ander aanbevelings het die ondersoekers klem gelê op die wenslikheid om die bestaande rekenkunde-leerplan te hersien. Aan hierdie aanbeveling is uitvoering gegee, en in Januarie 1950 is 'n hersiene leerplan by alle skole vir alle standerds tot by standerd VI ingevoer.

Daarna, in Maart 1949, het die De-Villiers-kommissie se verslag verskyn waarin onder andere aanbeveel is dat primêre onderwys by standerd V afgesluit behoort te word. Gevolglik het ek die Departementele Primêre Leerplan-komitee versoek om 'n sewejarige primêre kursus op te stel waarin voorsiening gemaak word vir die onderrig van kinders tussen die ouderdom van 5½ en 12½ jaar.

In 1950 het die Komitee sy taak in verband met die opstel van 'n volledige kursus vir primêre skole voltooi en nadat aan die onderwysersverenigings die geleentheid gegee is om kommentaar oor die Komitee se voorstelle te lewer, is die „Nuwe Kursus vir die Primêre Skool” tot beskikking van die skole gestel. Vir 1951-1952 is die toepassing van hierdie kursus opsioneel maar van Januarie 1953 is dit verpligtend.

Dit is twyfelagtig of die huidige benaming vir die „Standerds” behou moet word. Daar is byvoorbeeld nie veel te sê vir die behoud van die benaming „Substanderd B” vir die tweede jaar van die kind se skoollewe nie, aangesien die onderrig wat in daardie stadium gegee word nie langer van so 'n informele aard is dat „Substanderd” geregverdig is nie.

Die handboek „Die Primêre Skool: Wenke vir die Oorweging van Onderwysers” is in 1939 hersien maar kon destyds as gevolg van die papierskaarste ongelukkig nie herdruk word nie. Die Primêre Leerplan-komitee is tans besig, in oorleg met die opleidingskolleges, om vir leerkragte wenke op te stel wat op die nuwe leerplanne betrekking het.

Sodra hierdie wenke gereed is, sal dit tesame met die nuwe leerplanne in een band gepubliseer word. Hierdie wenke behoort tot 'n makliker vertolking van die leerplan en 'n duideliker begrip van die kursus by te dra.

In die nuwe kursus word nadruk op die volgende beginsels gelê:

Die leerling behoort volle geleentheid te hê om gesindhede te ontwikkel en gewoontes aan te kweek wat hom in staat sal stel om as lid van die samelewing sy pligte te besef en na te kom.

Die hele skoollewe, en nie slegs geleentheidstoestande nie, behoort toegespits te wees op karaktervorming en die ontwikkeling van 'n gesonde lewensbeskouing.

Die kennis wat die leerling moet opdoen en die vaardighede wat hy moet bemeester, behoort van sodanige aard te wees dat dit vir hom in sy stadium van ontwikkeling van waarde kan wees.

Ko-ordinasie van leermiddels is 'n vereiste om die volledige groei en ontwikkeling van die kind te verseker.

Daar moet rekening gehou word met individuele verskille in agtergrond, vermoë en gesindheid sodat elke kind volgens sy spesiale behoeftes behandel kan word.

Aangesien die opvoedkundige behoeftes van leerlinge in afsonderlike skole of selfs in dieselfde skool aansienlik kan verskil, kan enige kursus wat vir primêre onderwys opgestel word slegs as 'n leidraad vir die onderwyser dien en om die peil van prestasie aan te dui waarna gemik moet word. In hierdie verband wil ek graag die volgende uit die algemene opmerkings oor die „Nuwe Kursus vir die Primêre Skool” (1950) aanhaal:

„Die leerplanne vir die onderskeie vakke van die kursus dien as voorbeelde en dui die ontwikkelingspeil waarop gemik behoort te word by die verskillende ouderdomsgroepe (of standerds) aan.

Skoolhoofde word aangespoor om gewysigde leerplanne, met hierdie voorbeelde as leidraad, vir hul skole op te stel met die doel om dit te laat aanpas by die besondere behoeftes van hul leerlinge.”

Die hoop word uitgespreek dat skoolhoofde hiervan kennis sal neem en van die geleentheid wat hierdeur aangebied word, gebruik sal maak om die belange van hul leerlinge te bevorder.

'n Opname van die leerlinge in blanke skole vir die jaar 1949, met uitsondering van die inskrywing in spesiale klasse, het aan die lig gebring dat daar aan die einde van daardie jaar ongeveer 20% van die leerlinge was wat agt jaar geneem het om die primêre kursus tot aan die end van standerd V te voltooi ten einde vir bevordering tot standerd VI in Januarie 1950 te kwalifiseer; m.a.w. hulle was 'n jaar langer in die primêre skool as die gewone sewe jaar. Daar dien op gelet te word dat die bogemelde syfers nie 'n weergawe van die juiste toestand is nie, aangesien 'n aantal skole sonder spesiale klasse by die opname inbegryp is. Dit is nieteenstaande 'n billike aanduiding van die neiging van die duur van die primêre loopbaan van leerlinge.

Daar is geen syfers vir Kleurlingskole opgeneem nie, maar ander opvoedkundige statistiek dui daarop dat die toestand in hul geval niks beter is nie. Met die oog op die bogemelde feit het dit noodsaaklik geword dat daar vir bevorderings in die primêre skool en uit die primêre na die sekondêre skool meer aandag as tot nog toe aan die ouderdom van die leerlinge gegee behoort te word. Om skoolprestasie, wat uitsluitend deur eksamens bepaal word, as die enigste maatstaf vir bevordering toe te pas, is nie in ooreenstemming met die moderne slenswyse oor die primêre onderwys van die kind nie.

Die hoop word gekoester dat die nuwe primêre kursus as 'n spoorslag vir leerkragte sal dien en hulle sal aanmoedig om hul onderwysmetodes aan te pas by die nuwe gees wat die kursus tot voordeel van die leerlinge in ons skole probeer skep.

HOOFSTUK XV

NUWE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLKURSUS

Die invoer van die nuwe primêre kursus waarvan in die vorige hoofstuk melding gemaak is, het meegebring dat 'n nuwe junior sekondêre kursus, wat op eersgenoemde gegrond is, opgestel en tot beskikking van die skole gestel word.

Die aard en die inhoud van so 'n sekondêre kursus hang ten nouste saam met die ouderdom van die leerling wat die onderwys sal geniet. Graag verwys ek in hierdie verband na my jaarsverslag van 1947 waarin ek as volg geskrywe het:

„Primêre onderwys behoort op ongeveer twaalfjarige leeftyd te eindig. Op daardie ouderdom het die normale kind die fundamentele vaardighede wat deur die primêre onderwys beoog word, verwerf, en het hy die stadium van rypheid vir die sekondêre onderwys bereik. Die vraag wat onmiddellik ontstaan, is watter soort onderwys in sy behoeftes sal voorsien na hierdie oorgangstadium—en dit is die kernprobleem van die onderwysorganisasie.”

Sedert dien is die belangrike voorwaarde stap gedoen waardeur onderwys van 1952 verpligtend gemaak is tot die ouderdom sestien jaar of standerd VIII. Verder word in die vooruitsig gestel dat standerd VI in 1953 by die sekondêre skool gevoeg sal word. As dit, na ek hoop, verwesenlik word, sal die organisasie van ons skoolstelsel dan as volg wees:—

Primêre skool: Ouderdom 5+ tot 12+ jaar, d.i. 7 jaar.

Junior sekondêre skool: Ouderdom 12+ tot 15+ jaar, d.i. 3 jaar.

Senior sekondêre skool: Ouderdom 15+ tot 17+ jaar, d.i. 2 jaar.

Die nuwe junior sekondêre kursus vir die ouderdomsgroep wat hierbo genoem is, is deur 'n spesiale komitee in medewerking met die Departementele Eksamenkommissie opgestel en is reeds deur my aanvaar. Dit sal die plek inneem van die bestaande leerplanne vir standerds VI, VII en VIII. As grondslag vir die kursus het die opstellers hulle die volgende hoofbeginsels ten doel gestel:—

(1) Dit moet in die opvoedkundige behoeftes van die junior adolessent voorsien.

Hierdie behoeftes word in die inleiding tot die kursus as volg beskrywe:—

„'n Groot aantal kinders gaan gedurende hul vroeë puberteitsjare deur 'n moeilike tydperk van liggaamlike en emosionele ontwikkeling. Hulle is dikwels selfbewus en onbestendig; hulle vind dit moeilik om te konsentreer en word maklik verveel; hulle is geneig om rusteloos te wees en onderwerp hulle moeilik aan dissipline; terselfdertyd soek hulle na en het die behoefte aan leiding en besliste, bestendige beheer. Ernstige foute by die onderwys en die uitoefening van dissipline mag by hulle 'n nadelige gevoel van verrydeling en mislukking laat ontstaan. Die jong adolessent moet homself leer ken en leer beheer. Hy moet leer om aangename maniere en goeie gewoontes aan te kweek; om verantwoordelikheid te aanvaar; en om met ander mense saam te lewe en saam te werk. Hy moet hom voorberei om die teen-

strydighede van die lewe manmoedig die hoof te bied. Sy omgang met 'n onderwyser wat hom verstaan en vir hom omgee is gevolglik vir hom lewensbelangrik.”

(2) Dit moet rekening hou met die individuele verskille van die leerlinge wat die kursus sal volg.

As gevolg van die verhoogde skoolplig en die groter inagneming van die ouderdom van leerlinge by hul bevordering van die primêre na die sekondêre skool moet dit verwag word dat die verskille in verstandsvermoë en aanleg van die leerlinge wat tot die laasgenoemde skool sal toetree nog groter sal wees as wat dit in die verlede was. Dit is noodsaaklik dat elke individuele leerling se vermoë om te leer so vroeg moontlik ontdek word en dat hy dan gelei word om die studierigting te volg wat vir hom die voordeligste is. Die bestaande standerd VI-jaar is 'n afronding van die primêre skool, terwyl die eerste jaar van die nuwe sekondêre skool, onder andere, moet dien as 'n tydperk van ondersoek, en die leerplan vir daardie jaar moet derhalwe heelwat vloeibaarheid toelaat.

(3) Dit moet in die eerste plek 'n voortsetting en 'n uitbreiding van die basiese algemene onderwys van die primêre skool wees. Oor die noodsaaklikheid om die peil van die algemene onderwys van die kind te verhoog, skrywe die De Villiers-kommissie in sy verslag as volg:—

„Dwarsdeur die wêreld besef opvoedkundiges dat namate die beskawing, wat die wetenskap vir ons skep, steeds meer ingewikkeld word, moet die minimum-standaard van basiese algemene onderwys onvermydelik verhoog word.”

(4) Dit moet voorsiening maak vir:

(i) die studie van 'n derde taal met die oog op 'n voortsetting daarvan in die senior sekondêre kursus; en

(ii) die aanleer van sekere handelsvakke waarvan leerlinge, veral dogters, kennis moet dra indien hulle betrekkinge as junior klerke wil aanvaar nadat hulle die junior sekondêre skool deurloop het, en wat tegelyk as fondament sal dien vir 'n handelskursus na voltooiing van die junior sekondêre kursus.

Ten einde aan die bogenoemde beginsels te voldoen, is daar in die nuwe kursus in verskeie belangrike opsigte afgewyk van die bestaande kursus, en die vernaamste kenmerke van die nuwe kursus is:

(a) dat 'n minimum hoeveelheid verpligte leerstof vir alle leerlinge voorgeskrywe word;

(b) dat die kursus so opgestel is dat die leerplanne in die voorgeskrewe tyd deur die gemiddelde leerling baasgemaak kan word;

(c) dat aanvullende tyd beskikbaar gestel word wat elke skool volgens eie keuse, aan bykomende werk mag bestee wat nie aan die end van die kursus, met die oog op die toekenning van 'n sertifikaat, geëksamineer sal word nie;

(d) dat klem gelê word op die algemene onderwys van elke leerling, en dat die skool vryheid verleen word om waar dit wenslik mag blyk, aanvullende werk te laat doen deur die leerlinge wat hul sekondêre studie van bepaalde vakke waarskynlik na die junior kursus wil voortsit;

(e) dat tyd beskikbaar gestel word vir die voorligting van leerlinge en vir die onderwys van tuisverpleging aan dogters; en

(f) dat tyd afgestaan word vir sodanige skoolbedrywighede wat nie spesifiek in die kursus genoem word nie, maar wat desnietemin 'n bydrae kan lewer tot die opvoeding van die kind.

Ek wil die aandag daarby bepaal dat die beginsel waarvolgens skole aanvullende tyd tot hul beskikking kry om na eie goed-dunke in die beste belang van hul leerlinge te gebruik, iets nuuts in ons leerplanbeplanning is. Hierdie tyd beloop sowat 4½ uur per week vir die eerste jaar, 4½ uur vir die tweede jaar en 1½ uur vir die derde jaar. Onderwysers behoort hierdie nuwe vertroue wat in hulle gestel word te waardeer en steeds te toon dat hulle die aanvullende tyd tot voordeel van die leerlinge kan gebruik.

Net soos in die nuwe primêre kursus, so ook in hierdie kursus, is dit nie slegs die inhoud daarvan wat sal bepaal of die opvoeding van die leerlinge by die hervorming gaan baat nie, maar veeleer die gees wat geopenbaar word by die toepassing van die kursus en die strekking wat daaraan gegee word.

Dit moet verwag word dat dit nie moontlik sal wees om die nuwe kursus in sy geheel in alle skole van die begin af in werking te stel nie. Die volgende faktore mag stremmend inwerk:—

(1) Die samestelling van die personeel van 'n skool mag van so 'n aard wees dat dit nie dadelik vir die nuwe kursus pas nie. Dit sal geleidelik met nuwe aanstellings reggestel moet word.

(2) Vir sekere vakke mag voldoende opgeleide onderwysers nie beskikbaar wees nie. Dit kan egter verwag word dat, wanneer die vereistes van die nuwe kursus eers bekend is, meer onderwysers hulle vir die onderwys van sodanige vakke sal bekwaam.

(3) Die akkommodasie by afsonderlike skole mag toereikend maar nie geheel en al doeltreffend vir die behoorlike uitvoering van die kursus wees nie. Dit kan mettertyd reggemaak word.

Die bogenoemde haakplekke is egter nog geen rede waarom met die invoering van die kursus gesloer sal word nie. Vir ander lande het dit jare gekos om 'n soortgelyke reorganisasie van onderwys, en die daarmee gepaard gaande leerplanhervorming, in volle werking te stel. Dit moet nie verwag word dat ons in hierdie opsig 'n uitsondering op die reël sal wees nie.

Waar dit, weens die samestelling van die personeel of om enige ander gegronde rede, nie doenlik is om die nuwe kursus in sy geheel by 'n skool in te voer nie, sal toegewings gemaak word om die geleidelike invoering te vergemaklik.

'n Aantal blanke sekondêre en hoërskole sal nie by die begin oor voldoende akkommodasie beskik om al die standaard VI-leerlinge te huisves wat na hulle oorgeplaas behoort te word nie. Dit sal derhalwe nodig wees om vireers nog standaard VI-klasse by sommige primêre skole te behou en in die kursus sal aangedui word watter afdelings in die eerste jaar behandel behoort te word.

HOOFSTUK XVI

PROEFNEMINGS IN VERBAND MET DIE GEBRUIK VAN DIE TWEDE OFFISIËLE TAAL AS 'N MEDIUM VAN ONDERRIG

Van 1946 tot 1949 is 'n proefneming met die gebruik van leerlinge se tweede taal as 'n medium van onderrig in 'n aantal primêre skole in die Provinsie uitgevoer.

'n Departementele komitee is aangestel wat bestaan het uit verteenwoordigers van die Universiteite Kaapstad en Stellenbosch, verteenwoordigers van die South African Teachers' Association en die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en 'n aantal skoolinspekteurs.

Aan hierdie komitee is bevoegdheid verleen om die proefneming te organiseer en te beheer, en die statistiese berekenings is toevertrou aan twee van die verteenwoordigers van die Universiteite, t.w. Professor J. A. Jansen van Rensburg en wyle professor H. A. Reyburn.

Die proefneming is so wyd moontlik uitgevoer ten einde stedelike enkelmediumskole, parallel-mediumskole in stede en op die platteland en plattelandse enkelmediumskole in te sluit. Deelneming aan die proefneming was vrywillig ten einde die volste medewerking van skoolkomitees, skoolhoofde en leerkragte te verkry.

Die komitee het besluit om die omvang van die proefneming tot die hoër primêre standerds, naamlik standerds IV, V en VI te beperk. Daar is twee soorte proefnemings op tou gesit wat bekend was as die Afwisselende Metode en die Vakmetode.

Met die afwisselende metode word bedoel die stelsel waarvolgens alle vakke om die beurt in Engels en Afrikaans onderrig word. Op Maandag, byvoorbeeld, sou 'n vak deur medium van Engels onderrig word en die taal van die klas Engels wees, en op Dinsdag sou die les in daardie vak in Afrikaans gedoseer word. Hierdie prosedure sou dan dwarsdeur die skooljaar op 'n afwisselende grondslag gevolg word.

Die vakmetode is die stelsel van onderrig van een of meer vakke deur medium van die tweede taal, en is as volg toegepas:

- (a) Een vak (geskiedenis of gesondheidsleer) sou deur middel van die tweede taal in standaard IV gedoseer word.
- (b) Twee vakke (geskiedenis of gesondheidsleer en daarby aardrykskunde) sou deur middel van die tweede taal in standaard V gedoseer word.
- (c) Drie vakke (geskiedenis of gesondheidsleer en daarby aardrykskunde en natuurstudie of rekenkunde) sou deur middel van die tweede taal in standaard VI gedoseer word.

Die taak wat aan die Komitee opgedra is, was om verslag te doen oor die uitwerking van die proefneming op (1) die leerlinge se huistaal; (2) die leerlinge se tweede taal; en (3) die inhoudsvakke.

Op die grondslag van vrywillige deelneming aan die proefneming is daar bevind dat die kleiner skole en die groot Afrikaansmediumskole die vakmetode verkies het terwyl die afwisselende metode deur die parallel- en die Engelsmediumskole verkies is.

Die algemene prosedure wat gevolg is, was om 'n klas vir dubbelmedium-onderdig uit te kies en dit deur 'n reeks voorlopige toetse gelyk te maak met 'n kontroleklas wat deur 'n enkelmedium onderdig is. Waar dit moontlik was, is die kontroleklas in dieselfde skool as die proefklas gehou, sodat dieselfde leerkragte vir dieselfde vakke in beide klasse verantwoordelik kon wees. In sommige gevalle moes die kontrole egter ekstern wees. Waar die kontrole ekstern was, is daar 'n strengere metode van gelykmaking toegepas, aangesien elke kind in 'n proefklas teenoor 'n kind met dieselfde verstandspeil in 'n ander skool gestel is maar daar was verskille wat klaarblyklik deur die wisselende bekwaamhede van die leerkragte veroorsaak is.

Daar is deurgaans toesig oor die proefneming gehou ten einde te verseker dat die voorgeskrewe metodes begryp en toegepas word. Daar is altyd inherente moeilikhede aan 'n proefneming van hierdie aard verbode, maar die Komitee is daarvan oortuig dat die samewerking bevredigend was, dat die proefneming grotendeels volgens plan uitgevoer is en dat die moeilikhede wat ondervind is nie die geldigheid van die uitslae beïnvloed het nie.

Die bevindings van die Komitee kan as volg saamgevat word:

- (1) Huistaal: Die gebruik van die tweede taal as medium van onderrig het geen voordelige of nadelige uitwerking op die leerlinge se vordering in hul huistaal gehad nie.
- (2) Tweede taal: Oor die algemeen het die dubbelmedium-klas die neiging getoon om vinniger ten opsigte van die kennis van die tweede taal te vorder. In skole waar die tweede taal inherent swak was, was die gebruik van daardie taal as 'n medium van onderrig beslis voordelig. Waar die tweede taal egter van 'n hoër gehalte was, het die gebruik daarvan as 'n medium min uitwerking op hierdie vak gehad.
- (3) Die Inhoudsvakke: Waar die tweede taal in 'n skool baie swak was, het die gebruik van daardie taal as 'n medium van onderrig 'n nadelige uitwerking gehad vir sover dit die inhoudsvakke betref het. Waar die leerlinge se kennis van die tweede taal bevredigend was, het die inhoudsvakke nie gelyk nie.

HOOFSTUK XVII

VERSLAG VAN DIE MEDIESE HOOFINSPEKTEUR VAN SKOLE, insluitende Verslae oor Tandheelkundige Behandeling, Skoolvoeding, Skoollosieshuise en Maatskaplike Gesondheidsleer

Personeel

Gedurende 1951 is die volgende nuwe poste geskep:

- (a) Drie mediese inspekteurs van skole; en
- (b) een tandheelkundige beampte.

Met die bogemelde addisionele poste is die gemagtigde vaste personeel nou soos volg:—

- (i) Mediese Hoofinspekteur van Skole;
- (ii) twaalf mediese inspekteurs van skole;
- (iii) drie tandheelkundige beamptes;
- (iv) een hoofskoolverpleegster; en
- (v) dertig skoolverpleegsters, t.w. sewe-en-twintig vir mediese inspeksies en drie vir tandheelkundige inspeksies.

Magtiging is aangevra vir die skepping van nege addisionele poste van skoolverpleegsters.

Aan die einde van 1951 was daar ses poste van mediese inspekteurs van skole vakant.

Mediese Inspeksies

'n Opsomming van die mediese inspeksies wat gedurende die tydperk onder behandeling uitgevoer is, word in die volgende tabelle verstrek:

	Blankes		Kleurlinge	
	1950	1951	1950	1951
Getal kinders deur mediese inspekteurs ondersoek (roetine-ondersoeke) ..	24,474	20,783	2,007	1,727
Kinders spesiaal uitgekies ..	12,179	9,236	1,122	1,014
Herondersoeke	10,980	8,847	472	585
Totaal	47,633	38,866	3,601	3,326
Getal kinders deur verpleegsters ondersoek	79,568	110,227	44,147	55,366
Totaal	127,201	149,093	47,748	58,692
Aantal skole deur mediese inspekteurs besoek ..	422	355	29	17
Skole afsonderlik deur skoolverpleegsters besoek (aantal besoeke)	2,068	2,672	919	1,059
Huisbesoeke deur skoolverpleegsters afgelê	1,324	1,468	521	1,024
Lesings deur skoolverpleegsters gehou	1,277	1,308	191	89

Volledige statistiek in verband met mediese inspeksie word verstrek in Bylaes AA, BB en CC.

Behandeling

By elke mediese inspeksie word besonderhede ingewin in verband met kinders wat tydens 'n vorige mediese inspeksie by die skool vir behandeling aanbeveel is. In hierdie verband word besonderhede in die volgende tabelle verstrek:

	Blankes		Kleurlinge	
	1950	1951	1950	1951
Getal kinders omtrent wie besonderhede verkry is ..	18,245	14,742	898	1,345
Getal van die vorige groep wat herondersoek is ..	10,980	8,847	472	585
Getal behandel ..	13,029	10,664	650	1,021
Getal nie behandel nie ..	2,721	1,932	65	79
Getal omtrent wie daar geen inligting was nie ..	2,495	2,146	183	245

In die volgende tabelle word die getal gebreke aangegee wat by 'n vorige inspeksie vir behandeling aanbeveel is, die getal waaromtrent inligting beskikbaar was, die soorte gebreke wat vir behandeling aanbeveel is en die aantal en persentasie gebreke wat behandel is:

BLANKES

Aard van gebrek	Gebreke vir behandeling aanbeveel		Gebreke waaroor inligting beskikbaar was		Gebreke uit vorige groep wat behandel is		Persentasie gebreke waaroor inligting beskikbaar was en wat behandel is	
	1950	1951	1950	1951	1950	1951	1950	1951
Tande..	10,202	8,575	8,597	7,159	7,009	6,084	81	85
Neus en keel..	2,259	1,672	2,004	1,431	1,223	981	61	69
Gesigsvermoë	2,255	1,776	1,979	1,579	1,706	1,351	86	86
Ore ..	1,251	921	1,108	795	906	686	81	86
Ander toestand	4,530	3,584	4,017	3,114	3,530	2,745	87	88

KLEURLINGE

Tande..	391	600	295	482	276	470	93	98
Neus en keel ..	95	82	67	58	48	42	71	72
Gesigsvermoë	78	85	62	69	54	65	87	87
Ore ..	76	130	65	92	55	80	84	94
Ander toestand	460	780	404	672	369	620	91	92

'n Opmerkenswaardige kenmerk van die voorafgaande tabel is die toename in 1951 van die persentasie kinders wat vir die verskillende soorte gebreke behandel is. Soos in vorige jare, bly die persentasie neus- en keelkwale wat behandel word, nog soos die laagste as gevolg van gebrek aan hospitaalakkommodasie vir die behandeling van hierdie soort gebreke.

Gesigsgebreke

Uit die statistiek in Bylae BB sal opgemerk word dat die voorkomssyfer van gesigsgebreke in die ouer ouderdomsgroepe hoër as in die jonger groepe is. Dit skyn, met ander woorde, dat skoolwerk wat 'n voortdurende spanning van die oë vereis, geneig is om bysonderheid te veroorsaak wat die mees algemene gebrek is wat onder skoliere aangetref word.

Toestande wat as 'n waarskynlike oorsaak van verslegting van die gesig beskou word, is onervoeding, swak ventilasie en gebrekkige verligting. Die Departement kan 'n faktor soos onervoeding slegs in 'n sekere mate beheer by wyse van skoolvoeding en behoorlike versorging van leerlinge wat in skoolosiesnare gehuisves is. Vir sover dit die ander twee genoemde faktore betref, net die Departement volle beheer in sy skole.

In die algemeen kan die ventilasie in ons skole as bevredigend beskou word. Ongelukkig kan dit nie van die verligting, veral in die ouer soort skole, gesê word nie. Waar natuurlike verligting nie bevredigend is nie behoort daar vir kunsmatige verligting voorsiening gemaak te word. In 'n aantal skole is dit reeds gedoen, maar dit moet benadruk word dat sodanige verligting aan die wetenskaplike vereistes ten opsigte van die krag en eenvormigheid van die verligting behoort te voldoen.

Waar kinders brille nodig het, word sulke brille deur middel van die Goewermentskontraakteurs in die geval van behoeftige leerlinge verskaf. Leerlinge in of naby die stede waar die kontraakteurs gestasioneer is, kan hulle besoek om brille te pas. In ander gevalle moet die rame gemaak word volgens die mate ingestuur deur die oogartse wat die gesig getoets het. Dit blyk dat die kontraakteurs in baie gevalle moeilikheid ondervind om volgens die gegewe mate rame te maak wat die kinders pas, aangesien daar voortdurend klagtes ontvang word dat die rame nie pas nie. Dit is 'n ernstige toedrag van sake, en daar word aan die hand gedoen dat die beste oplossing van die probleem sou wees as die oogartse en brilmakers gesamentlik mate vir die vereiste rame opstel waardeur verseker sal word dat elke kind van 'n raam van die regte grootte voorsien sal word.

Die getal kinders wat na die Kaapstadse Munisipale Oogkliniek gestuur word, het dermate toegeneem dat die kliniek nie al die werk kan behartig nie en gevolglik is magtiging verleen vir die stigting van 'n tweede munisipale kliniek.

Daar is ook magtiging verleen vir die stigting van 'n departementale oogkliniek vir die behandeling van kinders in die noordelike voorstede van Kaapstad en die werk in hierdie nuwe kliniek sal vroeg in 1952 'n aanvang neem. Hierdie kliniek sal gevestig word in 'n gebou wat goedgunstiglik deur die Kaapse Afdelingsraad verskaf is, en ons is veral dank aan dr. J. P. de Villiers, Mediese Hoofbeampte van die Afdelingsraad, vir sy medewerking verskuldig.

Liggaamlik-afwykendes

'n Geleentheid is aan die mediese inspekteurs gegee om die seuns- en meisieskole vir liggaamlik-afwykendes op Kimberley te besoek. Hierdie skole, wat onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ressorteer, voorsien in 'n langgevoelde behoefte. In die verlede moes kreupel kinders en kinders wat

aan hartkwaal gely het, en nie werklik vir behandeling in 'n hospitaal opgeneem is waar hulle onderrig in die bed kon ontvang nie, gewone skole bywoon, ofskoon baie van hulle nie werklik geskik was om dit te doen nie. Sulke kinders kan nou na die voorgenoemde spesiale skole gestuur word waar hulle onderrig kan ontvang wat hy hul liggaamlike toestand pas, en waar hulle behoorlik medies versorg en behandel word. Baie van die kinders wat na hierdie skole gestuur word, herstel sodanig dat hulle na verloop van tyd na gewone skole kan terugkeer.

Neus en Keel

Die meeste kinders wat aan mangels ly, word in hospitale of in die Kaapstadse Vryapteek geopereer. 'n Spesialis van Kaapstad het Swellendam en Bredasdorp besoek waar kinders van hierdie dorpe en omliggende distrikte in die Goeie Hoop-losies-huise geopereer is. 'n Aantal gevalle is ook op Reivilo in die Skoolraaddistrik Vryburg behandel. Uit vrees vir kinderverlamming is daar geen mangels teen die einde van 1951 op Oos-Londen uitgehaal nie.

Weens gebrek aan akkommodasie in die verskillende hospitale word daar, soos vroeër gemeld, groot moeilikheid ondervind om behandeling vir mangels te verkry.

Spesiale Opname

'n Bilharsia-opname van blanke leerlinge in Kingwilliamstown is deur die mediese inspekteur vir daardie afdeling gedoen, en die uitslag was soos volg:—

Skool	Aantal Kinders		Persentasie
	Onderzoek	Aantal by wie Ova Aanwesig was	
Dale-kollege (Primêre Skool)	230	1	.43
Dale-kollege	203	4	1.97
Sentrale Skool vir Meisies ..	96	—	—
Sentrale Skool vir Seuns ..	118	8	7.14
De Vos Malan	127	3	2.36
Brother-skool	48	—	—
Klooster-hoërskool	64	—	—
	886	16	1.80

Die Mediese Inspekteur van Skole hou die toestand dop.

Tandheelkundige Behandeling

In vorige verslae is melding gemaak van die moeilikhede in verband met die verskaffing van tandheelkundige behandeling in buitelandse distrikte en dieselfde moeilikhede word nog steeds ondervind. In vorige verslae is ook melding gemaak van die feit dat tandheelkundige behandeling in die groter dorpe en stede waar tandartse tot nog toe bereid was om die werk te doen taamlik bevestigend is. Ongelukkig het daar in die geval van een groot Wes-Kaaplandse dorp en in 'n stand benoerde Kaapstad 'n verandering ingetree in die houding van tandartse wat geweer het om met die werk voort te gaan, daar hulle van mening is dat voltydse tandartse deur die Departement in diens behoort geneem te word en die sienswyse toegedaan is dat as hulle weier om saam te werk, die Departement verplig sal wees om voltydse tandheelkundige amptenare aan te stel. Ons is dit volkome eens met die wenslikheid om 'n personeel van voltydse tandheelkundige amptenare daarop na te hou, maar daar kan op gewys word dat die salarisse wat sulke amptenare aangebied word nie daarop bereken is om geskikte kandidate te lok nie, dat die Administrasie nie vir die vasstelling van die salarisskale verantwoordelik is nie en dat die kinders wat tandheelkundige behandeling nodig het die slagoffers van hierdie moeilikheid is.

Tot die einde van 1950 was die tandheelkundige skoolkliniek op Port Elizabeth gevestig in 'n gebou wat goedgegunstig deur die Rooikruis-vereniging afgestaan is. Ons is dank aan hierdie Vereniging verskuldig vir die hulp aan ons verleen toe daar geen ander gebou beskikbaar was nie. In 1952 is 'n opslaangebou op die grond van 'n sentraal geleë skool opgerig om as 'n tandheelkundige skoolkliniek te dien, en hierdie onderneming het op 'n groot sukses uitgeploos.

Die Skooltandarts, met hoofkantoor in Kaapstad, doen as volg verslag:—

Die werk wat gedurende die twee jaar onder behandeling in die Wes-Kaaplandse gebied gedoen is, kan in die volgende twee afdelings verdeel word:

- Die ondersoek van behoeftige kinders en hul daaropvolgende behandeling op skool met behulp van die Tandheelkunde-wa; en
- die ondersoek van behoeftige kinders op skole in Kaapstad en die omliggende voorstede voordat hulle in een van die klinieke van die Stadsraad behandel word.

Die volgende tabelle toon die getalle aan wat behandel is:

	1950	1951
Getal skole besoek	33	23
Getal leerlinge ondersoek	2,803	2,001
Totale getal behandelings	1,650	1,395
Getal behoudende behandelings	495	457
Getal vulsels	895	875
Aantal tande uitgetrek	2,643	2,319
Ander behandelings	10	34
Getal leerlinge vir Kaapstadse klinieke ondersoek	—	2,671

Die tandheelkundige beampte vir skole, met hoofkantoor op Port Elizabeth, doen as volg verslag:

Ek was ongeveer drie maande van hoofkantoor afwesig om tandheelkundige behandeling in die skoolraaddistrikte Willowmore, Steytlerville en Jansenville te onderneem, waar geen ander geriewe vir tandheelkundige behandeling beskikbaar is nie. Die orige tyd is bestee aan die behandeling van kinders in die skoolraadsdistrik Port Elizabeth.

Daar is nou 'n opvallende verbetering te bespeur in die gesondheid van die monde van die kinders vir wie se behandeling ek verantwoordelik is, ofskoon daar nog 'n ontsaglike hoeveelheid tandheelkundige werk gedoen moet word.

Die onderstaande is 'n opsomming van die werk wat gedurende 1950 en 1951 gedoen is:

	1950	1951
Getal kinders ondersoek	4,265	5,667
Getal behandelings	2,314	2,468
Getal behoudende behandelings	354	256
Getal individuele vulsels	753	466
Getal tande uitgetrek	4,826	6,042
Getal ander behandelings	38	19

Skoolvoeding

Die styging van die lewensduurte het in die laaste tyd ongetwyfeld 'n nadelige uitwerking gehad op die artikels wat kragtens die skema verskaf kan word. Daar is byvoorbeeld in die geval van 'n verteenwoordigende skool bevind dat artikels wat ge-

durende April tot Junie 1946 teen 'n bedrag van £145 14s. 4d. verskaf kon word, gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1950 op £258 18s. 0d. te staan gekom het.

Daar word gevoel dat alle pogings aangewend moet word om ouers daartoe te bring om 'n gelaelike bydrae, hoe gering ookal, tot die voeding van hul kinders in die skole te maak.

Skole het opdrag gekry om melk van bestaande geregi-streerde melkerye aan te koop. Melk behoort in elk gev 1 ge-pasteuriseer te word, en waar dit nie deur die leweransier ged en word nie behoort dit op skool gekook te word voordat dit aan die kinders uitgedeel word.

Meer skole maak nou gebruik van vrugtestroop as 'n mi'del om melk smaaklik te maak, en daar word bevind dat kinders wat andersins 'n afkeer van gewone melk het, graag hierdie ge-geurde melk drink.

Daar word nou proefnemings in die Kaapse Skiereiland met die gebruik van vis gedoen met die doel om die geskikthe.d daarvan vas te stel as 'n voedsel wat sowel voedsaam as ryk aan proteïne is.

Die beskikbaarheid van beskermende voedsel is nie altyd eweredig aan die vereistes nie. Baie skole kon byvoorbeeld nie gereeld lemoene gedurende die seisoen bekom nie.

Daar is voorasnog feitlik geen belangstelling aan die kant van ouers in skoolvoeding nie.

Skoollosieshuise

Die probleme in verband met onkunde, gebrek aan die nodige aanmoediging om die regte dieet-gewoontes by kinders aan te kweek, gebrek aan fondse en vraagstukke in verband met uit-rusting bestaan nog.

Dit word beklemtoon dat ten spyte van materiële probleme en beperkings, die belangrikheid van die persoonlike houing van matrones en superintendente nie oorskakel kan word nie. Amptenare van die Departement wat belas is met toesig oor die beheer van inrigtings, kan dikwels deur 'n simpatieke benadering baie daartoe bydra om die moeilike taak van die matrone en die superintendent te versag.

Daar is gedurende die April-vakansie in 1950 nog 'n geslaagde kursus vir matrones in Kaapstad gehou.

Maatskaplike Gesondheidsleer

Sedert die Departement in 1934 vir die eerste keer 'n lek-trise aangestel het om die verantwoordelikheid vir geslagson-erwys in skole te aanvaar, het die vraag na hierdie diens geleidelik toegeneem. Aanvanklik het die taak van hierdie spesialis best an uit lesings vir moeders en onderwyseresse oor hoe die essensiële inligting en feite aangaande geslagsrypheid aan hul groeie de dogters oorgepra moet word. Ouers het egter al spoedig hulle hulp ingeroep by die onvriendelike van hul jonger kinders, soos byvoorbeeld die sogenaamde „moeilike” vrae in verband met geslag. 'n Groot getal ouers voel dat hulle nie bekwaam is om self hierdie onderwerp te behandel nie en het spoedig daarop aangeering dat lesings ook aan hul rypwordende dogters op skool gehou moet word. Hierdie werk onder meisies is met soveel sukses bekroon dat die Administrasie in 1942 besluit het om ook te voorsien in die behoeftes van daardie seuns wat in hul ryp-gare met persoonlike moeilikhede te kamp het. Dit het serert dien geblyk dat hierdie vertakking van die Departement se onderwys dienste in hierdie sake vir sowel ouer as kind in 'n werklike en langetyde behoefte voorsien.

Aangesien die twee amptenare wat vir geslagsonderwys ver-antwoordelik is, die grootste deel van hul tyd aan werk in die hoër skole moet wy, is dit nie altyd vir hulle moontlik om met al die seuns en dogters in ons skole wat hulp en voorligting nodig het, in aanraking te kom nie. Gevolglik kan daardie leerlinge in die primêre skole wat geslagsrypheid bereik het en wat maar te dikwels hulp nodig het, nie altyd in die geskikste stadium van hul ontwikkeling behandel word nie. Daar is dus gevoel dat waar dit doenlik is, 'n spesiaal uitgesoekte leerkrag in elke skool opge-lei behoort te word om vraagstukke van individuele leerlinge te behandel wanneer die tyd daarvoor aanbreek.

Gedurende die afgelope jaar het die werk van die twee ver-antwoordelike amptenare die volgende ingesluit:

Skoolhoofde en daardie assistent-leerkragte wat temperamen-teel geskik vir hierdie soort werk beskou is, is uitgenooi om kort vakansiekursusse in geslagsopvoeding by te woon. Deur middel van hierdie opleiding was hierdie leerkragte beter toegerus om die werk wat deur die spesialis in die skool gedoen is, voort te sit. Die kursusse het ook gedien om skoolhoofde vertrouwd te maak met daardie metodes van benadering van geslagsopvoeding wat reeds op die proef gestel en as geskik bevind is in die behandeling van adolessente. Aangesien skoolhoofde nou meer vertrouwd is met die werk van die spesialis, is hulle ook baie gretiger om saam te werk wanneer hul skole besoek word. In die loop van die jaar is daar vier sulke kort kursusse in Kaapstad, Oos-Londen, Uiten-hage en 'n spesiale kursus vir die hoofde van primêre skole in die Skiereiland aan die Kaapstadse Opleidingskollege gehou. Ofskoon slegs onderwysers na hierdie kort aanvangskursusse uitgenooi is, het 'n totaal van 145 skoolhoofde en assistent-leerkragte dit bygewoon. In sekere individuele gevalle het skoolhoofde die waarde van geslagsopvoeding onder hul leerlinge so sterk aange-voel dat hulle voorsiening gemaak het vir behoorlik opgeleide lede van hul personeel om die werk te onderneem. Die volgende is die belangrikste van die skole waar geslagsvoorligting tans deur spesiaal gekwalifiseerde lede van die personeel onderneem word: Hoërjongenskool Rondebosch; Hoërjongenskool Seepunt en die Woodstock-hoërskool.

Oral waar dit moontlik was om vergaderings van ouers in sowel ons stede as in die platteland te belê, is daardie vergade-rings van vaders en moeders deur die Departement se lektore en lektresses toegesprek. Die nodige inligting is toe verstrekk aan ouers wat gevoel het dat hulle weens gebrek aan kennis van hierdie sake nie in staat was om sonder hulp die nodige voor-lichting aan hul kinders te gee nie. Van alle kante is ouers en leerkragte uiters geesdriftig oor hierdie werk en het die hoop uitgesprek dat die Departement sal voortgaan om hulp in ver-band met hierdie belangrike aspek van die kind se opvoeding te verleen. Van tyd tot tyd het verskeie takke van die onderwysers-verenigings, ouer-onderwyserverenigings en ander plaaslike liggame die Departement se spesiaalste versoek om hulles oor die kwessie van geslagsopvoeding en die probleme waaraan adoles-sente die hoof moet bied, toe te spreek.

Die belangrikste bewys van die noodsaaklikheid vir geslags-opvoeding word egter deur die leerlinge self gelewer. Seuns en dogters het die geleentheid verwelkom om hul moeilikhede met een of ander simpatieke volwasse persoon te besreek wat slegs betroubare inligting aan hulle sal medeel. Afgesien van die praatjies wat vir afsonderlike groepe seuns en dogters (gewoon-lik volgens die stadium van ontwikkeling wat hulle bereik het) gehou is, het die lektor rekening gehou met die belangrikheid om voldoende geleentheid vir individuele advies en voorligting te gee. Daar was 'n aansienlike getal leerlinge wat voor werklike moeilikhede, sommige van 'n ernstige aard, te staan gekom het. In die meeste gevalle egter het die adolessente seuns en dogters

hulp en voorligting gesoek met aanpassingsmoelikhede wat gedurende die tydperk van puberteit en geslagsrypings as normaal beskou moet word.

Hierdie werk is verder gekenmerk deur die besoeke wat hierdie twee amptenare aan blanke en Kleurling-opleidingskolleges in die Provinsie afgelê het. Afgesien van die persoonlike hulp aan studente, van wie baie nog skaars hul adolessente jare agter die rug het, behoort die jong leerkrag 'n grondige kennis te hê van daardie faktore (liggaamlike en emosionele steurings) wat die leerling gedurende sy ryplingsjare beïnvloed en wat ook hul merk op die skoolprestasie van die betrokke kind laat. Om dieselfde rede is 'n volledige reeks lesings ook vir die student-onderwysers op Stellenbosch op uitnodiging van die fakulteit van opvoedkundige sielkunde aan daardie Universiteit gehou.

HOOFSTUK XVIII

VERSLAG OOR DIE AFDELING SELKUNDIGE DIENS VAN DIE DEPARTEMENT

Hierdie verslag is die eerste van sy soort omdat tot aan die einde van die jaar 1950 die sielkundige diens onder verskillende hoofde gestaan het. Vanaf 1 Januarie 1951 is al die vertakkinge van die diens onder een hoof geplaas, daar allerweë gevoel is dat so 'n stap meer doeltreffende en bevredigende werk sou meebring.

Diegene wat goeie verwagtings gekoester het van die nuwe beleid is dan ook nie teleurgestel nie: dank sy die mooi gees van onderlinge vertrouwe en samewerking van die hele personeel is daar goeie werk gedoen en mooi vordering gemaak.

Daar is nog baie kinders in skole in die provinsie wat nog nie uit die diens kan voordeel trek nie omdat dit nog nie uitgebreid genoeg is nie. Ten opsigte van kantoorryimte kan daar nog verbetering aangebring word, want vir duisende toetsvorms, 'n heel antal lêerkaste, uitrusting en meublement moet ook in die twee kamers waar ses amptenare werk, plek gevind word. Mettertyd sal al die moelikhede uit die weg geruim wees.

Spesiale onderwys—Verstandelik vertraagdes

Onglukkig het die aanhoudende tekort aan opgeleide onderwysers en onderwyseresse, soos in die verlede, die nodige uitbreiding van spesiale klasse verhoed. Nege nuwe klasse is gestig en vyf wat aanbeveel is, wag nog op stigting. Vyf klasse is afgeskaf en die sluiting van een is aanbeveel as gevolg van daling in die inskrywing. Die behoeftes is baie groter as wat die getalle hierbo aandui maar as gevolg van samesprekings van die Superintendent-generaal van Onderwys met dosente aan die fakulteite van Opvoedkunde van die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad oor kursusse en diensvoorwaardes van spesiale klas-onderwysers en -onderwyseresse sal daar hopelik in die nabye toekoms 'n groter aantal opgelei word as in die verlede en dan sal in die behoeftes voorsien kan word.

Ek is bly dat ek kan konstateer dat ofskoon van die 326 onderwysers en onderwyseresse van spesiale klasse slegs 169 gekwalifiseerd is en ten spyte van die gedurige wisseling van tydelike personeellede daar oor die algemeen bevredigende vordering gemaak is.

Baie min van die opgeleide onderwysers kan hulle aan diagnosties-remediële onderrig waag, 'n aspek van die spesiale klaswerk waarvan die noodsaaklikheid al hoe dringender word. Die bekwaming van leerkragte vir dié soort werk word ook na die bovermelde samesprekings in die vooruitsig gestel.

Daar is 164 skole met 326 spesiale klasse. In 1951 is 2,469 kinders aan groep-verstandtoetse en 439 aan individuele verstandtoetse onderwerp. Van die 2,908 is 997 in spesiale klasse geplaas.

Mnr. P. V. A. van der Spuy het in 1951 van sy studiereis van ses maande teruggekeer uit die buiteland waar hy 'n spesiale studie van na-primêre opleiding van verstandelik agterlike kinders gemaak het.

'n Konferensie van inspekteurs van spesiale klasse is in September 1951 gehou. 'n Belangrike besluit wat op die konferensie geneem is, was dat na-primêre opleiding verskaf sou word aan kinders in spesiale klasse. Op 10 Desember het die inspekteurs van spesiale klasse weer bymekaar gekom om die voorlopige leerplan wat vir die na-primêre opleiding opgestel is, goed te keur. Daar sal dan so vroeg as moontlik, vermoedelik in Januarie 1952, met 'n paar van die klasse by wyse van proefneming 'n begin gemaak word.

Dan is 'n baie belangrike rigting in die ontwikkeling van die sielkundige diens die stigting van spesiale tehuse vir kinders met gedragsafwykings. Die gevalle wat kliniese behandeling nodig het, word by die jaar meer en sonder sulke inrigtings kan die nodige werk nie gedoen word nie.

Beroepsvoorligting

Van die begin van 1951 is die Departement se Beroepsvoorligtingsdiens bestaande uit die Inspekteur van Beroepsvoorligting, twee beroepsvoorligtingsbeamptes en tien skoolvoorligters (wat voorheen onder die beheer van die Inspekteur van Beroepsvoorligting gestaan het) onder die beheer van die Departementele Sielkundige geplaas.

Die Beroepsvoorligtingsdiens het in 1951 voortgegaan met sy skema vir die opleiding van diensdoende onderwysers in skoolvoorligting. Drie vakansiekursusse oor groepwerk in verband met skoolvoorligting is vir onderwysers gereël te Kaapstad, Oos-Londen en Uitenhage. Gedurende die derde kwartaal is kortkursusse oor verstandsmeting op vyftien sentrums in die Provinsie gehou. Hierdie werk is aangevul deur twee naweekkursusse wat die Inspekteur van Beroepsvoorligting by wyse van 'n proefneming gehou het, een vir die personeel van die Lansdowne Hoërskool en een vir die personele van drie skole te Somerset-Oos.

Die Beroepsvoorligtingsdiens se werksaamhede in verband met die opleiding van student-onderwysers het in 1951 aansienlik uitgebrei. Die Fakulteit van Opvoedkunde van die Universiteit van Stellenbosch het aan die begin van 1951 'n M.Ed.-kursus in skoolvoorligting en 'n kursus in die metodiek van skoolvoorligtingswerk vir S.O.D.-studente wat sielkunde as hoofvak gehad het, ingestel. Die Inspekteur van Beroepsvoorligting was in medewerking met die skoolvoorligter te Stellenbosch verantwoordelik vir die praktiese werk aan hierdie kursusse verbonde. Die moontlikheid van soortgelyke kursusse aan die Universiteit van Kaapstad word oorweeg.

Wat betref besoeke aan skole, is 25 skole deur die Inspekteur van Beroepsvoorligting en 64 skole deur die twee beroepsvoorligtingsbeamptes saam besoek. Tydens hierdie besoeke is 819 leerlinge gesprek oor hulle loopbaanvraagstukke. Die opleidingskolleges te Graaff-Reinet, Grahamstad, Oudtshoorn en Paarl is gedurende 1951 deur die Inspekteur van Beroepsvoorligting besoek vir besprekings oor skoolvoorligting met die hoofde en sielkundesente.

Elk van die agt skoolvoorligtingsentrums is minstens eenkeer en party 'n paar keer besoek deur die Inspekteur van Beroepsvoorligting en die Beroepsvoorligtingsbeamptes.

Behalwe gereelde besoeke aan die Universiteit van Stellenbosch in verband met kursusse in skoolvoorligting, is die Universiteit van Kaapstad en Rhodes-universiteit verskeie keer in 1951 besoek vir voorlesings oor skoolvoorligting aan student-onderwysers en/of besprekings met dosente van skoolvoorligting.

Die personeel van die Departement se Beroepsvoorligtingsdiens moes ook gedurende die jaar vergaderings van verskeie verenigings toespreek soos byvoorbeeld, die S.A.O.U., die S.A.T.A.,

ouer-onderwyserverenigings, die „Home and School Council”, verskillende vroueverenigings en volwasse onderwysverenigings.

Weens gebrek aan die nodige klerklike hulp moes die personeel van die Beroepsvoorligtingsdiens gedurende die jaar 'n groot deel van hulle tyd aan kantoorwerk bestee. Die volgende was die blangrikste aspekte hiervan:

- (1) Die kantoor se beroepsinligtingsdiens wat meer en meer deur skole en deur werkgewers gebruik word, is in stand gehou. Die invoering van 'n nuwe maseresteel vir beroepsinligting was 'n reusetaak wat gedurende 1951 aangepak en afgehandel is.
- (2) Die beroepsvoorligtingskantoor moes groot hoeveelhede gestandaardiseerde skolastiese toetse gedurende die jaar uitstuur aan skoolhoofde en onderwysers wat kortkursusse oor die gebruik daarvan bygewoon het.
- (3) 'n Groot deel van die administratiewe werk verbonde aan die kortkursusse en vakansiekursusse wat gehou is, is gedoen.

Behalwe hierdie kantoorwerk moes die personeel 'n paar keer per week op hoofkantoor onderhoude verleen aan leerlinge wat as spesiale gevalle hierheen verwys is. Die volgende syfers kan dien as 'n aanduiding van die aard en die omvang van hierdie werk:

VOORLIGTINGSONDERHOUDE MET SPESIALE GEVALLE OP HOOFKANTOOR

Leerlinge verwys vir beroepsvoorligting	55
Leerlinge verwys vir opvoedkundig voorligting	24
Oud-leerlinge wat hulp kom soek het in verband met studie- of loopbaanvraagstukke	20
Ouers wat raad kom vra het	23

Onderhoude op hoofkantoor is ook verleen aan 'n tiental verteenwoordigers van private werkgewers, meesal personeelbestuurders van groot firmas in Kaapstad oor loopbaanmoontlikhede in die betrokke werkgebiede en die verspreiding van inligting daaroor.

Vroeg in 1951 het die Beroepsvoorligtingsdiens se vierde bulletin, 'n handleiding vir onderwysers oor onderhoude met leerlinge en ouers verskyn. Dit is uitgestuur aan alle hoërskole en sekondêre skole in die Provinsie.

Navorsing is 'n ander aspek van die Beroepsvoorligtingsdiens se werk wat gedurende die tydperk aansienlik uitgebrei het. Werk aan die ontwikkeling van belangstellings- en ander vrye lyste wat deur die personeel gebruik word, is voortgesit. Vier M.Ed.-studente van die Universiteit van Stellenbosch het gedurende die jaar skripsies geskryf oor aspekte van die ontwikkeling van hierdie vryelyste. 'n Begin is ook gemaak met die herstandardisering van enkele toetse uit die buiteland waarvan die Beroepsvoorligtingsdiens gebruik wil maak. Verder is heelwat tyd in beslag geneem deur hulp wat verleen moes word aan die Departement se komitee vir die vasstelling van die peil van die twee landstale in die hoër skool, die Departement van Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch en die Nasionale Buro vir Maatskaplike en Opvoedkundige navorsing.

Heelwat tyd moes in 1951 afgestaan word vir werksaamhede in verband met die opstelling van leerplanne, vir die gewone leerlinge en later ook vir die verstandelik-vertraagde leerlinge i.v.m. die junior sekondêre leerplan. 'n Voorgestelde skema vir voorligtingswerk in die nuwe junior sekondêre kursus vir gewone leerlinge is nou opgestel.

Skoolvoorligting

Met die reorganisasie van die Departement se Sielkundige Diens wat in 1951 begin is, is die tien skoolvoorligters wat voorheen onder die beheer van die Inspekteur van Beroepsvoorligting gestaan het, onder die beheer van die Departementale Sielkundige geplaas wat hulle nou versoek om enige skoolsielkundige werk binne hulle vermoë te doen. Die skoolvoorligters gee ook meer hulp aan Inspekteurs van Spesiale Klasse.

Die vernaamste plig van die skoolvoorligters is gevallewerk. Die meeste van hulle tyd is dus in 1951 ook aan onderhoude met leerlinge en ouers wat na hulle verwys is en met gevalle-onderzoek en gevalle-bespreking met skoolhoofde en onderwysers in beslag geneem. Die syfers wat hier volg gee 'n aanduiding van die omvang van hierdie werk:

Skoolvoorligting-sentrum	Skole besoek	Leerlinge met wie onderhoude gevoer is
Graaff-Reinet	20	130
Grahamstad	24	115
Kaapstad	38	300
Kimberley	22	451
Oos-Londen	27	207
Oudtshoorn	20	200
Port Elizabeth	36	241
Stellenbosch	18	582
	<hr/> 205	<hr/> 2,226

Die getal besoeke aan 'n bepaalde skool deur 'n skoolvoorligter het van een tot drie-en-twintig gewissel. Die getal onderhoude met 'n bepaalde leerling het weer van een tot twaalf gestrek.

Alhoewel die toepassing van groepverstandstoetse en ander groeptoetse nie as een van die gereelde pligte van skoolvoorligters beskou word nie, moet hulle by die gebrek aan toetsgegewens nog baie tyd aan hierdie werk afstaan. Behalwe toetse wat skoolvoorligters toepas as deel van hulle voorligtingswerk met leerlinge wat na hulle verwys word, is hulle deur hoofde van hoërskole en primêre skole met groot standerd VI-klasse in hulle areas versoek om verstandstoetse en soms ook skolastiese toetse in skole toe te pas. Op die versoek van die skoolhoof is daar in 1951 'n volledige toetsskema deurgevoer met die standerd VI-leerlinge van 'n primêre skool in Kaapstad. Hierdie toetsskema het die toepassing van drie soorte verstandstoetse (naamlik verbale, nie-verbale en praktiese verstandstoetse, 'n handvaardigheids- en 'n meganiese vaardigheidstoets) behels.

Volledige statistieke in verband met die toetswerk van die Departement se skoolvoorligters is nie beskikbaar nie. Die statistieke vir die skoolvoorligtingsentrum Kimberley wat wel beskikbaar is, is waarskynlik tipies.

Die skoolvoorligter te Kimberley het gedurende 1951 groepe verstandstoetse toegepas op 1,370 leerlinge, hoofsaaklik in Standerds VI tot X. Hy het ook gestandaardiseerde skolastiese toetse, rekenkunde-, lees- en woordeskattoetse, toegepas op 940 leerlinge in Standerds I tot X.

Die besondere aard van 'n skoolvoorligter se werk verskil van plek tot plek. Die beknopte opgawe van tipiese bedrywighede van skoolvoorligters wat hier volg, sal egter geld vir meeste, indien nie al die sentrums nie.

Die Departement se skoolvoorligters moes gedurende 1951 met verskillende amptelike navorsingstudies behulpsaam wees. Hulle moes in 1951 hulp verleen aan die personeel van die Departement se Beroepsvoorligtingsdiens in verband met die organisering van vakansiekursusse en kortkursusse oor skoolvoorligting. Hulle is gedurende die jaar weer dikwels genader om vergaderings van verenigings wat belangstel in jeugdiens, by te woon en soms ook toe te spreek. Die meeste van die skoolvoorligters is lede van die plaaslike Jeugrade. Byna almal het, byvoorbeeld, liggame soos die Rotarierklub, die A.C.V.V., die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, die South African Teachers' Association, ouer-onderwyserverenigings en seunsklubs toegesprek oor hulle werk.

'n Groot deel van hulle tyd is in beslag geneem deur besoeke aan werkplekke, staats- en ander publieke kantore en opvoedkundige en ander inrigtings ten behoeve van leerlinge met wie hulle gewerk het.

Al die skoolvoorligters is deur skole in hulle areas gevra om groepe leerlinge toe te spreek oor die keuse van 'n beroep en ander onderwerpe wat in verband daarmee staan.

In die stedelike sentrums veral het skoolvoorligters heelwat tyd moes bestee aan die reëling van onderhoude met werkgewers vir individuele leerlinge en besoeke aan werkplekke vir groepe leerlinge. Party van die laasgenoemde besoeke is gereël vir leerlinggeselskappe wat uit binnelandse skole die hawestede besoek het.

HOOFSTUK XIX

VERSLAG VAN DIE ORGANISEERSTER VAN KLASSE VIR HARDHORENDES EN SPRAAKGEBREKKIGES

Klasse: 1950

Gedurende 1950 het 'n totaal van 2,790 leerlinge klasse bygewoon. Hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan personeel moes klasse vir 386 leerlinge uit hierdie getal gestaak word; 'n klein getal het die skool om ander redes verlaat, onder andere omdat ouers na ander distrikte verhuis het, en in 'n paar gevalle het leerlinge hulle aan die klasse onttrek weens gebrek aan samewerking van die kant van leerlinge en/of ouers.

Die orige leerlinge wat aan die begin van die jaar op die register was of geurende die jaar ingeskryf is, was 2,404. Uit hierdie getal is 868 as herstel of as gerehabiliteer ontslaan.

Dit is 31%, 'n klein vermindering in vergelyking met 40% in 1949. As vergoeding vir hierdie vermindering dien daar egter op gelet te word dat 1,184 leerlinge minder as een jaar in die klasse was, terwyl slegs 962 leerlinge in 1949 minder as een jaar in die klasse was.

Daar was 'n totaal van 2,304 leerlinge in die klasse vir spraakgebrekkiges. Uit hierdie getal was daar 317 wie se klasse gestaak moes word en gevolglik het daar 1,987 oorgebly. In hierdie groep was daar 654 hakkelaars en uit hierdie getal was daar 105 wie se klasse gestaak is. Uit die orige 131 leerlinge is 24% gerehabiliteer. Die ander 1,650 spraakgebrekkige leerlinge is tot 1,438 verminder weens die feit dat klasse vir 212 gestaak moes word; 581 of 44% van die leerlinge in hierdie groep is as genees ontslaan.

Daar was 486 hardhorende leerlinge op die register. Die klasse vir 69 leerlinge is gestaak en 156 of 37% van die orige leerlinge is as herstel ontslaan of kon sonder verdere spesiale onderrig klaarkom.

Klasse: 1951

In 1951 het 'n totaal van 3,109 leerlinge klasse bygewoon, wat 'n vermeerdering van 319 is in vergelyking met die syfers vir 1950 en aan vermeerderde personeel toegeskryf moet word.

Gedurende die jaar het 475 leerlinge hul klasse verlaat of is daardie klasse gestaak. Uit die orige 2,634 leerlinge het ons 1,037 ontslaan omdat hulle of herstel of gerehabiliteer was, en dit beteken 38.1% of 'n vermeerdering van 2% sedert 1950. Hierdie vermeerdering is veral verblydend as in aanmerking geneem word dat 1,495 leerlinge die klasse minder as een jaar bygewoon het.

Daar was 'n totaal van 2,552 leerlinge in die klasse vir spraakgebrekkiges en vir 365 van hulle moes klasse gestaak word en dit het 2,187 op die register gelaat. Van hierdie getal is 859 of 38.9% genees. In die groep vir spraakgebrekkiges was daar 642 hakkelaars; vir 121 van hierdie leerlinge moes die klasse gestaak word en van die orige is 105 of 20.1% as genees ontslaan. Daar was 1,910 leerlinge met ander soorte spraakgebreke en vir 244 van hulle is klasse gestaak en 44% van die orige leerlinge is as herstel ontslaan.

Daar was 557 hardhorende leerlinge op die register en vir 110 van hulle is klasse gestaak en 178 of 39.8% is genees of gerehabiliteer. Dit is 'n vermeerdering van 12.8% van 1950 af en skyn 'n aanduiding te wees van die toenemende bewysheid van ouers en andere van die noodsaaklikheid vir spoedige behandeling.

Personeel

Aan die einde van 1950 was daar 33 leerkragte in die personeel en 9 vakante poste. Gedurende 1951 was daar baie vakante poste, maar aan die end van 1951 het ons daarin geslaag om 39 poste te vul en het daar slegs 4 poste vakant gebly. In 1951 is daar een nuwe pos geskep.

Akkommodasie

Daar was 'n mate van verbetering ten opsigte van akkommodasie, maar in gevalle waar akkommodasie sleg is, is dit inderdaad baie sleg. In een geval is bevind dat klasse in 'n oop gang met 'n betonvloer gehou is. Klasse is gestaak tot tyd en wyl beter reëlins getref kon word. 'n Ander klas word in 'n magasynmuurkas gehou. In die voltydse klasse vir hardhorendes op Mowbray is die toestand byna onuithoudbaar. Daar is herhaaldelik sonder enige welslae pogings aangewend om sake te verbeter.

Losies- en reisgeriewe

Van tyd tot tyd is daar losies vir kinders gesoek deur ouers wat bereid is om hul kinders na die klasse te stuur, maar hul e kon geen losies vind nie. Baie kinders woon te ver om die klasse as dagleerlinge by te woon. Daar is baie ander leerlinge wat lang afstande na die klasse reis, wat in sommige gevalle te ver vir die welsyn van die kinders is. Daar is 'n behoefte aan losies en beter vervoergeriewe.

Toerusting

Die meeste sentrums beskik oor moderne en nuwerwetse toerusting wat weens gebrek aan die nodige akkommodasie nie na behore versorg kan word nie. Spraakopnametoestelle, andrometers, groepgehoortoestelle en individuele gehoortoestelle word voortdurend gebruik. Die individuele toestelle word hoofsaaklik gebruik deur senior leerlinge wat dit in die volwasse lewe sal moet gebruik en wat geleer moet word hoe om hierdie instrumente te versorg en in stand te hou.

Helen Keller

Een van die uitstaande gebeurtenisse van 1951 vir leerlinge in Kaapstad was die besoek van mej. Helen Keller. Die leerlinge uit die klasse op Mowbray het van hul werk aan mej. Keller en ander vername persone in die Ou Drilsaal getoon. Die leerlinge is ook vereer deur 'n besoek van mej. Keller aan hul klasse op Mowbray. Hardhorende en spraakgebrekkige kinders uit ander dele van Kaapstad het 'n geleentheid gekry om mej. Keller op 'n spesiale vergadering vir skoolkinders en studente in die Stadsaal te sien en na haar te luister.

Inspeksie

Gedurende die afgelope twee jaar is alle klasse en leerkragte geïnspekteer. Leerkragte lê 'n ywerige en lewendige belangstelling in hul leerlinge aan die dag. Alle pogings word aangewend om die welsyn van die leerlinge te bevorder.

Ontwikkelinge

By Die Strand en Grahamstad is ondersoek na die behoefte aan klasse aldaar ingestel. Poste is aanbeveel maar daar is geen akkommodasie by Die Strand verkrygbaar nie en daar is geen aansoeke vir die pos op Grahamstad ontvang nie.

Daar is met verblydende welslae 'n ouersvereniging in Kaapstad gestig.

'n Kaart is ontwerp vir omvattende aantekeninge van mediese behandeling vir oorkwale. Baie gevalle wat as genees verklaar is, het nie bestendig gebly nie en daar is gevoel dat alle gevalle vyf jaar lank gekontroleer behoort te word. Met goedkeuring van die Mediese Hoofinspekteur is 'n kaart opgestel wat deur leerkragte bygehou sal word.

Studente

Vir hierdie werk is 14 studente in 1950 en 11 in 1951 opgelei. Die opleidingskursus word aan die Universiteit van Kaapstad gehou. Die praktiese opleiding is onder toesig van die organiseerster. Al die studente het in die eksamen geslaag en met twee uitsonderings is almal in poste in Kaapland aangestel.

Opleidingsinrigtings

Alle blanke en Kleurling-opleidingsinrigtings is elke jaar deur die organiseerster besoek. Lesings is gehou oor probleme in verband met gehoor- en spraakgebreke. Toesprake is ook gehou voor die Ouers-onderwysersvereniging te Denneoord, Stellenbosch, die Vereniging vir Dowes, Port Elizabeth, die Konferensie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes, die Ouersvereniging, Mowbray, die skoolkinders wat die vergadering vir Helen Keller in die Stadsaal bygewoon het, die Vroueclub op Graaff-Reinet, die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging vir Dowes, Oos-Londen, die Kaapstadse Rotariëklub, die Carinus-verplegskollege en die studente wat aan die Witwatersrandse Universiteit as spraak-terapiste opgelei word.

Verteenwoordiging en Besoeke

Die organiseerster verteenwoordig die Kaapse Onderwysdepartement op die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes. In hierdie hoedanigheid het sy drie raadsvergaderings, een in Kaapstad en twee in Johannesburg, bygewoon. Tydens haar besoek aan Johannesburg in Oktober het sy van die geleentheid gebruik gemaak om die Transvaalse inspekteur van skole te besoek wat verantwoordelik is vir die pas gestigte klas vir hardhorende kinders aldaar. Die klas is ook besoek. Besoeke is gebring aan die St. Vincent-skool vir Dowes, Johannesburg, die Spraak- en Gehoorkliniek by die Witwatersrandse Universiteit en die Mediese Hoofinspekteur van Transvaalse Skole, Pretoria.

Probleme

Die vernaamste probleme in hierdie vertakking van onderwys is dieselfde as die van verlede jaar, naamlik 'n tekort aan personeel en gebrek aan akkommodasie en reis- en losiesgeriewe.

Algemeen

Met inagneming van die beperkings as gevolg van die tekort aan personeel en die uiters ontoereikende akkommodasie, het leerlinge bevredigende vordering gemaak. Daar is noue samewerking tussen leerlinge, ouers, leerkragte en skoolhoofde gehandhaaf.

Die onderwyseresse is ywerige, bekwame en getroue werksters wat hul ongeriewe en beperkte fasiliteite met blymoedigheid dra. Ons is inderdaad gelukkig om so 'n geesdriftige groep mense te hê wat met belangstelling in die welsyn van hardhorende en spraakgebrekkige kinders besiel is.

1950	Personeel, Desember, 1950			Leerlinge op Lys Jan. 1950		Leerlinge in- geskryf ge- durende 1950		Totale getal leerlinge gedurende 1950	Leerlinge genees of gerehabiliteer		Leerlinge wat om ander redes weg is		Leerlinge op lys Des. 1950		Totaal	Waglys by benadering		Getal Skole met Klasse
	Sentrums	Getal Poste	Getal onderwy- sersesse	Getal vakant Poste	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies		Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies		Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	
91 Kaapstad ..	15	14	1	119	676	65	333	1,193	42	289	21	77	121	643	764	25	122	44
Stellenbosch..	2	2	0	27	85	12	88	212	19	70	5	16	15	87	102	—	10	5
Paarl ..	3	1	2	18	76	17	41	152	17	42	4	41	14	34	48	—	24	6
Worcester ..	2	2	—	6	37	6	76	125	2	38	3	14	7	61	68	—	2	4
Oudtshoorn ..	2	—	2	26	94	—	5	125	16	23	10	76	Klasse geskors Sept., 1950		—	10	76	—
Port Elizabeth	11	7	4	46	93	69	263	471	37	101	17	51	61	204	265	6	278	15
Oos-Londen ..	4	4	—	33	168	10	78	289	11	77	5	24	27	145	172	—	15	10
Kimberley ..	3	3	—	17	85	15	106	223	12	72	4	18	16	101	117	—	6	12
Totaal ..	42	33	9	292	1,314	194	990	2,790	156	712	69	317	261	1,275	1,536	41	533	96

1951	Personeel, Desember 1951			Leerlinge op Lys Jan. 1951		Leerlinge in- geskryf ge- durende 1951		Totale getal leerlinge gedurende 1951	Leerlinge genees of gerehabiliteer		Leerlinge wat om ander redes weg is		Leerlinge op lys Des. 1951		Totaal	Waglys by benadering		Getal Skole met Klasse
	Getal Poste	Getal onderwy- sersesse	Getal vakante Poste	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke		Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	Gehoor- verlies	Spraak- gebreke		Gehoor- verlies	Spraak- gebreke	
Kaapstad ..	16	15	1	155	591	110	443	1,299	88	396	23	109	154	529	683	4	69	47
Stellenbosch ..	2	2	—	15	87	10	85	197	3	72	1	15	21	85	106	2	14	5
Paarl ..	3	2	1	10	25	10	95	140	24	55	5	27	17	41	58	3	6	6
Worcester ..	2	2	—	7	51	5	66	129	2	38	1	11	9	68	77	2	—	4
Oudtshoorn ..	2	2	—	7	71	3	53	134	1	36	3	13	6	75	81	—	—	6
Port Elizabeth	11	9	2	81	204	91	294	670	45	118	59	108	68	272	340	5	168	20
Kimberley ..	3	3	—	16	101	18	121	256	6	72	12	51	16	99	115	1	6	11
Oos-Londen ..	4	4	—	17	176	2	89	284	9	72	6	31	4	162	166	—	25	9
Totaal ..	43	39	4	308	1,306	249	1,246	3,109	178	859	110	365	295	1,331	1,626	17	288	108

PERSONEEL EN SKOOLSTATISTIEK

<i>Bylae</i>	<i>Bladsy</i>
A. PERSONEEL	78
SKOOLGEBOU	
B. Nuwe geboue en uitbreidings	83
C. Parlementêre toekennings van skoolterreine	85
D. Toekennings van skoolterreine kragtens Ordonnansie op Dorpe	85
E. Toekennings van grond vir skoolgebruik	86
F. Eiendomme aangekoop	87
G. Notariële huurkontrakte	89
STATISTIEK VIR KAAPPROVINSIE	
H. Blanke, kleurling- en naturelleskole	90
I. Inskrywing van blanke, kleurling- en naturelleleeringe	94
J. Gemiddelde skoolbesoek van leerlinge in blanke, kleurling- en naturelleskole	98
K. Verspreiding van blanke leerlinge in standers VI tot X	99
L. Verspreiding van blanke leerlinge, volgens ouderdom, in alle standers in hoër-, sekondêre, primêre, landbou- en plaasskole, en die persentasie wat verdrag is	100
M. Onderwysmedium in blanke skole	102
N. Median-ouderdom vir blanke, kleurling- en naturelleleeringe in die primêre standers	103
O. Verspreiding van kleurlingleerlinge in die primêre standers	104
P. Verspreiding van kleurlingleerlinge volgens ouderdom, in alle standers	105
Q. Onderwysmedium in kleurlingskole	107
R. Onderwysmedium in naturelleskole	108
S. Verspreiding van leerlinge, volgens ouderdom, in naturelleskole	109
T. Geslag van onderwysers, gerangskik volgens tipe skool	111
U. Ras van onderwysers, gerangskik volgens tipe skool	112
V. Tabelle waarin professionele en akademiese bevoegdhede van onderwysers aangedui word	113
W. Eksamens	116
X. UITGAWE AAN OPENBARE ONDERWYS VIR DIE JARE WAT OP 31 MAART 1950 GEËINDIG HET	127
Y. STUDENTONDERWYSERSFONDS VIR DIE JARE WAT OP 31 MAART 1950 EN 1951 GEËINDIG HET	136
MEDIËSE INSPEKSIE	
Z. Behoeftige Leerlinge wat onder die Departement se Mediese Skema Behandel is	137
AA. Roetine- en Spesiale Ondersoeke	148
BB. Ontleding van Gebreke	150
CC. Uitslae van Vroeëre Aanbevelings vir Behandeling	154

BYLAE A

PERSONEEL (1 Januarie 1952)

SUPERINTENDENT-GENERAAL VAN ONDERWYS W. de Vos Malan, B.A., Ph.D.

Professionele Assistent H. S. Bowden, B.A.
 Sekretaris J. H. Bonthuys, B.Com.
 Assistent-sekretaris S. K. Lotz, B.Com.
 Hoofklerk F. W. Maskew.
 J. F. Lighton,
 M. J. Roks.

Afdeling Eksamens.

Eksamenbeampte S. Ravenscroft.
 Eersteklerk G. W. Meister, B.A.
 Seniorklerk G. R. O'Bree, B.A.

Afdeling Publikasies en Statistiek.

Eersteklerk E. J. S. Birch, B.A.
 Seniorklerk J. M. Steenkamp, B.A.

Afdeling Finansies.

Eersteklerk N. F. P. Keyser.
 Seniorklerk P. J. le Roux.
 Seniorklerk B. H. T. Heydenrych.

Afdeling Blanke Skole.

Eersteklerk D. G. Joubert.
 Seniorklerk P. J. le Grange.
 Seniorklerk D. H. Morries.

Afdeling Kleurlingskole.

Eersteklerk J. de Villiers.
 Seniorklerk M. A. Kruger.

Afdeling Naturelleskole.

Eersteklerk W. J. McDowell.
 Seniorklerk W. N. Galloway.

Afdeling Geboue en Benodigdheid.

Seniorklerk A. C. T. Bluhm.

Algemene en Personeelafdeling.

Seniorklerk J. V. Kennard.

HOOFINSPEKTEURS VAN SKOLE.

F. P. Stander, B.A. Ph.D.
 F. J. de Villiers, B.A., B.D.
 N. E. Lambrechts, B.A.

MEDIESE HOOFINSPEKTEUR VAN SKOLE L. van D. Cilliers, M.D.

VERTALER S. J. B. du Toit (Tydelik)

ORGANISEERDER VAN SKOOLRADIODIENS J. D. Möhr, B.Sc.

SKOOLINSPEKTEURS.

I. J. M. Archer, M.Sc.: *Gordonia nr. 1, Kakamas.*
 J. H. Aucamp, B.A.: *Parow nr. 1.*
 W. E. Barker, B.Sc.: *Libode, Ngqeleni, Port. St. Johns, Tsolo.*
 B. F. Barnard, B.A.: *Robertson, Worcester.*
 G. H. M. Bobbins, M.A., Ph.D.: *Alexandria, Port Elizabeth nr. 2.*
 W. B. Caley, B.A.: *Butterworth, Kentani, Willowvale.*
 G. W. Caley, B.A.: *Engcobo, Nqamakwe.*
 G. H. P. de Bruin, B.A.: *Britstown, Carnarvon, Colesberg, De Aar, Hanover, Hopetown, Philipstown, Richmond, Victoria-Wes, Vosburg.*
 W. McDodds, B.Sc.: *Albert, Aliwal-Noord, Lady Grey, Herschel, Venterstad.*
 N. B. Dreyer, B.A.: *Calvinia, Clanwilliam, Sutherland, Williston.*
 J. H. Dugard, B.Sc.: *Hoofkwartier-inspeksiekring (Kaapse Afdeling) nr. 4,*
 D. J. du Plessis, B.A., M.Ed.: *Namakwaland, Vanrhynsdorp.*
 J. J. G. Grobbelaar, M.A., Ph.D.: *Aberdeen, Graaff-Reinet, Jansenville, Middelburg, Pearston.*
 F. van S. Hanekom, B.A.: *Bredasdorp, Heidelberg, Montagu, Swellendam.*
 A. R. Hewitt, B.A.: *Oos-Londen, Komgha.*
 J. D. le Roux, B.A.: *Glen Grey, St. Marks, Tsomo.*
 N. J. le Roux, B.A., B.Ed.: *Beaufort-Wes, Fraserburg, Laingsburg, Loxton, Murraysburg, Prince Albert, Willowmore.*
 D. J. Liebenberg, M.A., B.Ed.: *Hoofkwartier-inspeksiekring (Kaapse Afdeling nr. 5) Parow nr. 2, Malmesbury, Wellington.*
 A. W. Lister, B.A.: *Kingwilliamstown nr. 1.*
 J. W. Macquarrie, B.A.: *Fort Beaufort, Kingwilliamstown nr. 2, Stockenström, Victoria-Oos.*
 T. F. T. Malherbe, M.A., M.Sc.: *Hoofkwartier-inspeksiekring (Kaapse Afdeling) nr. 1.*
 P. W. Nutt, B.A.: *Mount Frere, Qumbu.*
 J. L. Omond, B.A.: *Flagstaff, Mt. Currie, Umzimkulu.*
 H. W. Pahl, B.A., B.Sc.: *Elliotdale, Idutywa, Mqanduli, Umtata.*
 S. W. Pienaar, B.A., B.Sc., D.Ed.: *Calitzdorp, Ladismith, Riversdale.*
 C. J. Potgieter, M.Sc.: *Cathcart, Queenstown, Sterkstroom, Stutterheim.*
 B. Rode, B.Sc., B.Ed.: *Barkly-Oos, Elliot, Indwe, Maclear, Wodehouse, Xalanga.*
 P. J. Rossouw, B.A.: *Ceres, Piketberg, Tulbagh.*
 E. L. G. Schnell, M.A., B.Ed.: *Albany, Bathurst, Bedford, Peddie.*
 G. J. J. Smit, M.A., B.Ed.: *Kimberley.*
 P. J. Smuts, B.Sc.: *Oudtshoorn, Uniondale.*
 G. W. Sneesby, B.Sc.: *Matatiele, Mt. Fletcher.*
 S. S. Stone, B.A.: *Bizana, Lusikisiki, Mt. Ayliff, Tabankulu.*
 G. C. Theron, B.A.: *Franschhoek, Paarl, Stellenbosch nr. 1.*
 N. J. Uys, M.A.: *Hoofkwartier-inspeksiekring (Kaapse Afdeling) nr. 2.*
 J. L. van der Walt, M.A., M.Ed.: *Port Elizabeth nr. 1.*
 P. J. van der Walt, B.A.: *Caledon, Stellenbosch nr. 2.*
 J. C. van der Westhuizen, M.A., B.Ed.: *Steytlerville, Uitenhage.*
 W. S. van der Westhuizen, M.A., D.Ed.: *Cradock, Maraisburg, Molteno, Somerset-Oos, Steynsburg, Tarka.*
 J. C. J. van Vuuren, B.A., D.Ed.: *Humansdorp, Knysna.*
 C. R. Venter, B.Sc., M.Ed.: *Barkly-Wes, Herbert, Vryburg nr. 2.*
 A. Vlok, B.A.: *George, Mosselbaai*

M. M. Wiggett, B.Sc.: *Hoofkwartier-inspeksiekring (Kaapse Afdeling)*
nr. 3.

Vakant: *Hay, Gordonia nr. 2, Kenhardt, Kuruman, Prieska.*

Vakant: *Mafeking, Vryburg nr. 1*

AFLOSINSPEKTEURS.

G. J. Joubert, D. Litt. et Phil.

H. Liebenberg, B.A.

C. J. Grové, B.A., B.Ed.

INSPEKTEURS VAN SKOOLLOSIESHUISE.

J. A. Stofberg, B.A., B.Ed.: *Westelike Distrikte.*

P. A. J. Botha, B.A.: *Oostelike Distrikte.*

H. H. Nel, B.A.: *Binnelandse Distrikte.*

INSPEKTEURS VAN SPESIALE VAKKE.

Landboukunde.

S. J. G. Hofmeyr, M.Sc., Ph.D.

Landbou-onderwys.

A. L. van der Plank.

Huishoudkunde.

Mej. G. F. B. Rose: *Westelike Distrikte.*

Mej. A. E. Lambrechts: *Westelike Distrikte.*

Mej. S. M. Louw, B.Ed. (Dom.Sc.): *Binnelandse Distrikte.*

Teken en Kuns.

L. B. J. van Rensburg.

Vakant.

Kleinkinderskoolmetodiek.

Mej. E. M. Olivier: *Westelike Distrikte.*

Mej. A. W. Read: *Oostelike Distrikte.*

Hande-arbeid.

J. J. Brand: *Westelike Distrikte.*

J. van der S. Uys, B.A., B.Ed.: *Binnelandse Distrikte.*

C. T. du P. Martin: *Oostelike Distrikte.*

Naaldwerk.

Mej. H. M. C. Maas: *Westelike Distrikte.*

Mej. W. A. Louw: *Westelike Distrikte.*

Mej. C. H. Britz: *Binnelandse Distrikte.*

Mej. A. M. Hattingh: *Oostelike Distrikte.*

Naaldwerk en Huishoudkunde.

Mej. J. Barbour: *Suidelike Transkei.*

Mej. M. J. Charter: *Ciskei.*

Mej. A. M. Wood: *Noordelike Transkei.*

Mej. D. Eckhardt: *Noordelike Distrikte.*

Liggaamsopvoeding.

H. J. Taylor, M.A.: *Westelike Distrikte.*

I. MacCallum, M.A.: *Oostelike Distrikte.*

Mej. F. M. Maskew: *Westelike Distrikte.*

Mej. M. O. Lasbrey: *Oostelike Distrikte.*

Musiek.

W. Poles, L.R.A.M., F.R.C.O.: *Westelike Distrikte.*

J. MacLachlan, L.R.A.M.: *Binnelandse Distrikte.*

Mej. H. S. Anders: *Oostelike Distrikte.*

Naturellehandwerk.

Mnr. P. J. Heyns.

Beroepsvoorligting.

J. F. A. Swartz, M.A.

MEDIESE INSPEKTEURS VAN SKOLE.

R. C. Jurgens, B.A., M.B., Ch.B., D.P.H.

A. H. Bischoff, M.B., Ch.B., D.C.H.

N. van der Merwe, M.B., Ch.B.

S. B. Lange, M.R.C.S., L.R.C.P.

W. C. Heunis, L.M.S.S.A. (Lond.).

M. Sheehan, M.B., Ch.B.

Ses vakante betrekkings.

Tandheelkundige Beampptes vir Skole.

M. Braun, B.A. (Hons.), L.D.S., R.C.S. (Eng.).

B. S. E. Roux, L.D.S.

Vakant.

Diëetkundiges.

Mej. M. S. E. van Niekerk: *Westelike Distrikte.*

Vakant: *Oostelike Distrikte.*

Vakant: *Binnelandse Distrikte.*

SKOOLVERPLEEGSTERS:

Hoofskoolverpleegster.

Mej. K. H. Luttig.

Skoolverpleegsters.

Mej. C. A. Bestbier.

Mej. M. S. Botha.

Mej. M. E. Bruwer.

Mev. A. Buchanan (Tydelik).

Mej. E. Burger.

Mej. A. de Beer.

Mej. H. A. de Kock.

Mev. C. du Toit.

Mej. A. Hoenkamp.

Mej. M. Isemonger.

Mej. M. M. Kotze.

Mej. E. A. Kromberg.

Mej. A. Laubscher.

Mej. A. Malherbe.

Mej. E. S. Ras.

Mej. J. S. Roelofse.

Mej. S. J. Röhm.

Mej. M. R. Sargent.

Mej. E. C. Schoeman.

Mej. J. S. Schultz.

Mej. A. J. Smal.

Mej. A. J. J. Smuts.

Mev. J. M. Snell.
 Mej. G. Steyn.
 Mej. H. D. van Eeden.
 Mej. G. M. P. van Zyl.
 Mej. A. Wainwright.
 Mej. E. J. Waters.
 Mej. A. Wyrdeeman.
 Tien vakante poste.

DEPARTEMENTELE PSIGOLOOG.

Vakant.

INSPEKTEURS VAN SPESIALE KLASSE.

P. van A. van der Spuy, B.Ed., B.Sc.: *Westelike Distrikte.*
 I. J. du Plessis, B.A.: *Noord-oostelike Distrikte.*
 N. J. Heyns, B.A., D.Ed.: *Binnelandse Distrikte.*
 Mej. M. J. M. Marais, B.A.: *Kaapse Skiereiland.*

LEKTORE IN MAATSKAPLIKE GESONDHEIDSLEER.

A. Clark, B.A.
 Mev. M. E. Duguid, M.A.

ORGANISEERSTER VAN KLASSE VIR HARDHORENDE EN SPRAAKGEBREKKIGE LEERLINGE.

Mev. M. S. Kihn.

INSTRUKTEURS IN GODSDIENSONDERWYS.

A. J. van der Merwe, B.A. (Tydelik).
 Mev. E. Thurlbeck, B.A. (Tydelik).

LYS VAN NUWE SKOOLGEBOU EN UITBREIDINGS

(a) *Gedurende 1950 voltooi.*

		(a) Skole		
<i>Afdeling</i>		<i>Skool</i>		<i>Aard van Werk</i>
Albanie	Voorbereiding, Oatlands	Nuwe gebou
Barkly-Wes	Hoër, Vaalrivier	Uitbreidings
Butterworth	Hoër	Uitbreidings
De Aar	Primêre	Uitbreidings
George	Hoër, Outeniqua	Uitbreidings
Hopefield	Hoër	Uitbreidings
Jansenville	Hoër	Uitbreidings en verandering
Kaap	Primêre Kleurlingskool, Athlone-Noord	Uitbreidings
"	Primêre Kleurling, Constantia	Uitbreidings
"	Primêre, Vishoek	Uitbreidings
"	Hoër Seuns, Rondebosch	Saal en verdere uitbreidings
"	Seuns Voorbereiding, Rondebosch	..	Uitbreidings
Mafeking	Hoër	Uitbreidings
Montagu	Primêre, Ashton	Nuwe gebou
Mosselbaai	Hoër, Punt	Uitbreidings
Oos-Londen	Afrikaansmedium Hoër, Grens	Uitbreidings en verandering
Parow	Hoër, Goodwood	Uitbreidings
"	Primêre Kleurling, Noorwood	Uitbreidings
"	Voorbereiding, Oakdale-landgoed	Nuwe gebou
Piketberg	Hoër	Uitbreidings
Port Elizabeth	Primêre, Excelsior	Uitbreidings
"	Primêre, Kensington Holland Park	..	Nuwe gebou
"	Hoër Kleurling, Noordeind	Nuwe gebou
"	Primêre, Victoria Park Grey	Nuwe gebou
"	Primêre, Walmer	Nuwe gebou
Queenstown	Hoër Seuns Queens Kollege	Nuwe gebou
